

DIE Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 33 • Oktober | November 2015

Besproeiingsbylaag binne



Johne se siekte

Verwagte reënvaltoestande


vir die res van die jaar en die somer van 2015/2016

Koraalbome (*Erythrina lysistemon*)

Plant 'n Boom

www.vkb.co.za | www.ntk.co.za

vkb ntk



Die regte kombinasie in die stryd teen onkruid.

Suksesvolle onkruidbeheer in **Roundup Ready**[®]-mielies verg bloot die perfekte kombinasie van puik produkte, soos Monsanto se **Roundup PowerMAX**[®]-produkt wat deel uitmaak van 'n onoortreflike onkruidbeheerprogram vir mielies.

Roundup PowerMAX[®]:

- Is effektief – as enkelprodukt of in kombinasie met geregistreerde produkte!
- Waarborg gewasveiligheid!
- Is reënvas binne een uur na toediening – effektiewe, vinnige opname selfs onder ongunstige toestande!

Roundup PowerMAX[®] plaas jou in beheer.

Vir doeltreffende onkruidweerstandbestuur beveel Monsanto aan dat Roundup PowerMAX[®] met ander geregistreerde produkte gekombineer moet word in 'n onkruidbeheerprogram.



Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kliënte is welkom om ons op ons kliëntediens-telefoonnommer of e-posadres te kontak: 011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

Roundup PowerMAX[®] bevat glifosaat 540 g/ℓ. Versigtig. Reg. No. L7769 (Wet No. 36 van 1947). Gebruik onkruidodders op 'n veilige manier. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik.

Monsanto, Roundup Ready[®] en Roundup PowerMAX[®] is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.

Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

MONSANTO



INHOUD

10-11

Verwagte reënvaltoestande vir die res van die jaar en die somer van 2015/2016

Boere se ouderdom is nie 'n krisis

18-20

Uitgewer:
VKB en NTK

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:
Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:
Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

- 6 - 7 Top 50 / Top 100
- 8 Wees eerste 'n goeie boer voor tegnologie ingespan word
- 10 - 11 Verwagte reënvaltoestande vir die res van die jaar en die somer van 2015/2016
- 12 - 13 Boedels
- 14 Die impak van dienswilligheid
- 16 - 17 Wat beteken SEB en hoe raak dit my?
- 18 - 20 Boere se ouderdom is nie 'n krisis
- 22 - 23 Vrystaat Landbou-kongres
- 24 - 25 VKB doen dit vir die liefde van die land
- 26 - 28 Johne se siekte
- 30 - 33 Meganisasie
- 34 - 37 Sojaboonkwaliteit en stikstof-kantbemesting
- 40 - 42 Wat jy alles moet weet van mieliestreepvirus
- 44 Swael: Die vierde groot plantvoedingselement
- 46 - 48 Bankrotbos: Hoe ignoreer mens hierdie onstuitbare indringer?
- 50 - 52 Plant 'n boom
- 54 - 55 Nupro-wenners
- 56 Tamaties vir Suid-Afrikaanse toestande
- 58 - 59 Boere, pas die spinnekoppe op jou plaas op
- 60 - 61 Die genesende krag van kruie: Kankerbossie
- 62 - 64 Malaria
- 66 - 72 NTK en VKB Nuus
- 74 Snappy Chef-kompetisie

58-59

Boere, pas die spinnekoppe op jou plaas op

26-28

Johne se siekte

62-64

Malaria

24-25

VKB doen dit vir die liefde van die land

Kyk jy na 'n boek se omslag, of lees jy die blaaie?



Veronderstel jy en jou gesin is nuwe intrekkers in die dorp. Die skool waar jou kinders ingeskryf is, hou op die tweede Vrydagaand van die skoolkwartaal 'n vleisbraai en julle besluit om ook te gaan om die ander ouers te ontmoet en mense in die gemeenskap te leer ken. Daar is mense uit alle vlakke van die samelewing, en jy en jou gade vra rond na waar die skoolhoof is en stel julleself aan hom voor. Hy stel julle voor aan die klasonderwyser en aan Piet en Sarie wie se kind saam met julle oudste in die klas is.

"Lyk na gawe mense," sê jy en jou gade woordeloos vir mekaar. Die man en vrou is albei netjies aangetrek; hulle gebruik die taal mooi; hulle is geleerd – kortweg, hulle lyk beslis na die tipe mens met wie se kind julle sal wil hê julle Johan sal moet maatjies wees.

Julle gaan sit saam met Piet en Sarie, bied vir mekaar drankies aan en gesels heerlik. Langs julle sit 'n groepie van ses mense – twee mans, vier vroue. Op die oog af nie baie welverend nie. By die een man se kortmouhemp krul die stert van 'n getatoeëerde slang uit tot op sy voorarm met wat lyk soos name rondom getatoeër. Sy vrou se arms lyk albei soos 'n toneel uit die fliek Tarzan – blare en voëls, sien jy met 'n vinnige loer in daai rigting. Die ander man het 'n oorbel deur die wenkbrou, lang krulhare en 'n help-my-sterk-lyk-hempie aan om sy tatoes te wys – Oosterse simbole wat wie weet wát alles beteken. Sy gade is kaalvoet met klokkies om die enkels. Hulle twee piekniekgenote – twee vroue – vertel iets van "met ons troue", hoor jy so met een oor. Jy hoop tog nie Johan is saam met van dié groepie spektakels se kinders in die klas nie! Johan het met die aankomslag al sy nuwe vriend in die klas, Andrea, gaan soek en hulle is nie in sig nie – vermoedelik by die swembad waar die ander kinders jil.

Jy merk op dat julle "nuutgevonde vriende" aansienlik vinniger klaar maak met 'n bottel wyn as jy en Vroulief, maar dis ongeskik om ander mense se drankies te tel! Piet haal 'n bottel brandewyn en 'n sakkie ys uit die koelsak en Sarie skink die Coke by vir hulle twee se volgende sopies.

'n Uur later word almal nader genooi om te kom skep. "Sarie, skep vir my ook. My gat stamp nou," sê Piet. "En myne dan?" sê Sarie, nie baie vriendelik nie. Maar sy staan op, sak weer in haar stoel terug, maar strompel dan tog nader na die kostafel. Jy en Vroulief loop saam aan weerskante van haar, want julle kan sien hier kan dalk 'n ding kom.

Julle ses "bure" staan kort agter julle, skep op en neem kort na julle weer hul plekke om die tafel langs julle s'n in.

"Vir wat skep jy vir my aartappelslaai in? Jy weet ek háát aartappelslaai. Blerrie eenvoudig," sê Piet toe Sarie sy bord vir hom aangee. "Ek gaan nie dié gemors eet nie. Eet jy dit maar self," gaan die monoloog voort.

By die tafel langsaan sien jy hoe ses pare hande mekaar op die tafel ontmoet, die hoofde gebuig word en jy hoor hoe hulle God bedank vir die samesyn en die liefdesgawes wat julle vanaand ontvang.

Iemand het intussen die kinders laat weet hulle moet kom eet. Johan kom laggend saam met 'n pragtige meisie met lang blonde hare en vier jonger kinders aangestap – tot by die groepie langs julle. Die vier kleintjies gooi hul arms om die vier vroue se nekke. "A, Andrea, hier is julle!"

"Hallo, Pappa. Dís nou Johan van wie ek vir Pappa-hulle vertel het. Hulle is nuut op die dorp. Sy ouers is ook hier iewers; hy gaan hulle nou soek, maar ek wou hom net eers kom voorstel," sê Skoonheid/Andrea. "Aangename kennis, Johan," sê die man met die slang op sy arm. "Dis nou lekker om jou te ontmoet, man! Vir twee weke lank hoor ons al net mooi dinge oor jou. Ek sal graag die ouers wil ontmoet wat so 'n gentleman grootmaak."

Ons almal doen dit. Ons almal maak ons skuldig aan vooroordele, vooropgesette idees van mense, dinge, plekke, situasies. En so dikwels slaan ons die bal heeltmaal mis.


Ek is seker toe Herman Pretorius se destydse meisie hom aan haar ouers kom voorstel het, het hulle gedink, "Dis nou 'n oulike kêrel. Hy gaan dit nog ver bring." Hy het. Hy het duisende bejaardes se hard verdiende geld verduister, sy vennoot en toe homself doodgeskiet.

Dieselfde met Christopher Panayiotou wat nou onlangs 'n huurmoordenaar gekry het om sy vrou van kant te maak.

Daar's honderde sulke voorbeelde. Kom ons probeer harder om mense nié op hul baadjie te takseer nie.

Groetnis tot volgende keer.

Hannelie



jou verskaffer van **landboukalk**



LIMECOR

Die **natuurlike** manier
van **voortgang**

Straatadres: Lyttelton Dolomietmyn, Bothalaan
Lyttelton Suid-Afrika
Posadres: Posbus 14014, Lyttelton, 0140
LimeCor 'n filiaal van Afrimat Bpk.

Kontak ons by: 079 107 LIME | 079 107 5463 | info@limecor.co.za | www.limecor.co.za

NTK vereer top-50 boere

Tydens 'n luisterryke geleentheid by Weesgerus Vakansieoord, het NTK hulde gebring aan sy Top-50 lede. Die tema, "Toeka tot nou", het aan NTK se besturende direkteur, Francois Froneman, die geleentheid gebied om NTK se geskiedenis te vertel. Van 'n ontstaan in 1909 toe 103 boere saamgekom het om na hul belange om te sien, tot die suksesvolle landboumaatskappy VKB, waarvan NTK ten volle deel is. Deur moeilike én beter tye het NTK gegroei tot waar dit vanjaar 'n wesentlike bydrae lewer tot die sukses van die VKB-groep.

Mnr. Froneman het sy dank en waardering teenoor NTK se lede en ander klante uitgespreek vir volgehoue ondersteuning. Hy het gaste verseker dat VKB die produsent se belange op die hart dra. Verskeie toekennings is gemaak, maar die prestige toekenning van die aand is oorhandig aan Johan van

der Walt van Walt Landgoed. Hulle ondersteuning aan NTK strek voorwaar van toeka tot nou!

Ander toekennings het gegaan aan:

- Top-insethandelkliënt: Louis van der Walt
- Top-handelkliënt: Louw Schmidt
- Top-graankliënt: Walt Landgoed
- Top-3 kliënte: Henk Botha (Wanjan BK), André van der Heyde en Walt Landgoed

Na afloop van die formaliteite is die gaste vermaak met musiek deur die groep Heuning. Daar is lekker geëet, gedans en gekuier. NTK het met die funksie weereens gewys dat sy lede sy eerste prioriteit is. "Saam is ons wenners!"



Johan van der Walt ontvang die prestige toekenning van Koos van Rensburg en Francois Froneman, besturende direkteur NTK.



Direkteur Leon Eksteen en sy vrou, Ronel.



Direkteur Japie van der Goot en Erla.



Vir die eerste keer sedert toeka tot nou, word 'n uitvoerende hoofbestuurder van NTK pa terwyl hy in die amp is. Francois en Marcia Froneman verwag 'n tweeling in Oktober.



Andries en Hanrè Ferreira saam met Koos en Lizette van Rensburg.



Paul en Trudie Carshagen saam met Johan en Marlene van der Walt.



Dr. en mev. Dirk Snyman.



Mnr en mev. Pieter du Preez.



Pa en seun Stephan en Martin van Tonder saam met hul vrouens.



Marcia Froneman oorhandig 'n blyk van waardering aan Liesl Britz wat die funksie gereël het.



Mnr en mev. Dirk Daling.



Bertus Swanevelder, draadman van Limpopo, en sy vrou.



VKB sê dankie aan sy topklante

VKB se 100 grootste klante het Vrydag, 18 September 2015 weer op gesellige wyse saamverkeer toe hulle op nostalgiese gasvryheid van die 1940's by Siesta-gastehuis in Frankfort onthaal is.

Die 1940's was 'n era met 'n klas en onmiskenbare styl van sy eie – van die klere tot die musiek. Die gaste was volgens die tema aangetrek, wat luister aan die aand verleen het.

Mnr. Francois Swanepoel, uitvoerende hoof van VKB Landbou, het die gaste verwelkom. Mnr. Koos van Rensburg, besturende direkteur van die VKB Groep, het al die lede bedank vir die besigheid wat hulle met VKB gedoen het. VKB het groot waardering vir elke lid se ondersteuning en bydrae wat tot die sukses van die groep lei.

“VKB se uitstekende resultate is die gevolg van sy lojale klante se ondersteuning,” het Van Rensburg beklemtoon.

Tydens die funksie is verskeie spesiale toekennings gemaak:

- Mnr. Callie Luwes van Bethlehem en sy gade, Heléne Luwes het 'n toekenning ontvang omdat hy reeds 50 jaar lid van VKB is.
- Die lid wat die meeste besigheid met VKB gedoen het, is SMWO Trust se Lourens Bibbey.
- Die lid met die tweede meeste besigheid is die MC de Klerk Boerdery se Michael de Klerk.
- Die lid met die derde meeste besigheid is die Paul Steyn Boerdery se Gerrit Steyn.

Die onderskeie kategorieë waarin pryse toegeken is, is die volgende:

- **Swart Boer van die jaar:** KD Matobako se David Matobako (Rosendal)
- **Lid meeste Graan (bemarking en lewerings saam):** MC de Klerk Boerdery se Michael de Klerk (Oranjeville).
- **Lid meeste Meganisasie:** Calné Boerdery se Callie Venter (Daniëlsrus).
- **Lid meeste Handel:** Paul Steyn Boerdery se Gerrit Steyn (Warden)
- **Lid meeste Insethandel:** SMWO Trust se Lourens Bibbey (Frankfort)



Wees eerstens 'n goeie boer voor tegnologie ingespan word

Tegnologie moet oorhoofse strategie ondersteun

Hoewel presisieboerdery-tegnologie opbrengs kan verhoog en die gehalte van 'n onderneming se uitsette kan verbeter, kan dit ook bedrywighede stuit as dit nie deel vorm van 'n geïntegreerde plan nie.

“Tegnologie word net te dikwels lukraak geïmplementeer en kos dan óf meer as die voordele wat dit veronderstel is om te bied, óf dit staan eintlik in die pad van normale werksaamhede,” sê Nico Groenewald, hoof van Agribesigheid by Standard Bank.

“Van ons kliënte het so deeglik tegnologie ingespan dat hulle hul opbrengs tot op die millimeter water wat nodig sal wees, kan voorspel. Hulle het presisieboerdery tot sy logiese gevolgtrekking geneem deur 'n reeks gepaste tegnologieë regoor die volledige spektrum van hul bedrywighede op so 'n wyse in te span dat wat hulle in een gebied van die plaas doen, tot voordeel is van alles anders wat hulle doen.

“Hulle het dit egter bloot bereik omdat hulle goeie boere is. Hulle was suksesvol voordat hulle nuwe tegnologie ingespan het. Hulle het bloot die tegnologieë gebruik om te doen wat hulle nog altyd gedoen het en nou net op 'n meer doeltreffende en koste-effektiewe manier kan doen.

“'n Mens moet dus verstaan dat tegnologie nie van jou 'n beter boer gaan maak nie. Net soos 'n trekker of selfs 'n spitvrak, is dit 'n stuk gereedskap. Dit moet die boerdery ondersteun eerder as om dit te domineer.” Op groot plase kan tegnologie dikwels die tyd en moeite wat nodig is om sekere take te verrig, verminder. Op kleiner plase kan dieselfde tegnologie 'n finansiële las word. Dit is dus belangrik om behoorlike marknavorsing te doen en tegnologie te kies wat die beste by jou onderneming sal pas.

“Die punt is dat 'n mens nie verblind moet word deur die fieterjاسies van tegnologie nie. Weeg die voor- en nadele sorgvuldig teenoor mekaar op in die konteks van jou oorhoofse beplanning. In 'n langtermynonderneming soos 'n boerdery, is tegnologie nie 'n kortpad na sukses nie. Dit is 'n vennoot wat dinge op die lange duur makliker moet maak.”

Die behoefte aan 'n beplande en holistiese benadering tot die gebruik van tegnologie word versterk deur die feit dat tegnologie vandag nie beperk is tot toerusting en rekenaarsagte- en -hardeware nie. Dit inkorporeer ook biologiese tegnologie in die vorm van saad en bemestingstowwe, genetiese en nuwe metodes van teling vir spesifieke kenmerke in vee, die produksie en gebruik van energie – veral hernubare energie, en grondwetenskap, om maar net 'n paar te noem.

“Baie boere is bang dat hulle nou spesialiste van 'n groot klomp dissiplines sal moet word ten einde net 'n paar uitsette te lewer,” sê Groenewald. “Om die waarheid te sê, die enigste noemenswaardige verandering wat tegnologie verg, is 'n hele boerderybenadering wat die boer se doeltreffendheid gaan optimaliseer, insluitend die gebruik van water, afval, grond, energie, en – belangrikste – tyd.

“Ons beveel dus aan dan, in plaas van om op 'n ad hoc-basis op 'n stuk tegnologie te besluit wat skynbaar 'n onmiddellike behoefte aanspreek, dit beter is om die tyd te vat om te besef wat die rimpeleffek gaan wees van die keuse wat jy gaan maak.

“Vergewis jou van beide die bedryfs- en vaste koste van die tegnologieë wat jy wil hê. Maak seker dat jy die regte tegnologie bekom vir jou spesifieke geval en dat die koste van daardie tegnologie nie meer gaan wees as die voordele wat dit gaan teweeg bring nie.

“Presisieboerdery is 'n omvattende konsep. Jy moet die volle konsep verstaan en ook hoe individuele stukkie tegnologie die geheel gaan beïnvloed – of, om die waarheid te sê, hoe dit die geheel gaan beïnvloed as jy nie die volledige reeks tegnologieë gaan toepas nie. Presisiebesproeiing, byvoorbeeld, verg presisietoepassing van spesifieke tipes bemesting en veral ritmes van aanplanting van spesifieke gewasse.

“'n Nuttige prentjie om saam met jou in die era van tegnologie in landbou te dra, is dié van 'n stuk klerie wat plat op 'n oppervlak lê. Dit maak nie saak aan watter deel van die kledingstuk jy dit optel nie – in die middel, aan 'n pant, aan die mou – dit hele stuk materiaal gaan beweeg. Op dieselfde manier gaan dit nie saak maak watter deel van jou plaas jy met die tegnologie gaan aanraak nie, dit gaan die hele plaas affekteer. Maak dus strategiese keuses eerder as bloot taktiese keuses.”

Kontantvloei

oplossings van die
plaas tot die
meule

Kom ons praat Agribesigheid.

Ons Agribesigheidspan is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business

Gemagtigde finansiële dienste- en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP15).
Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Regnr. 1962/000738/06).
Volut Vorentoe is 'n handelsmerk van Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk.
SBSA 172406. 01/14



**Standard
Bank**

Also trading
as Stanbic Bank

Volut Vorentoe™

Verwagte reënvaltoestande vir die res van die jaar en die somer van 2015/2016

deur Johan van den Berg van Santam Landbou



Daar is reeds sedert die begin van 2015 aanduidings en voorspellings van 'n "opvolg"- El Nino vir 2015/16 nadat swak El Nino-toestande in 2014/15 geheers het. Die 2014/15-El Nino se maksimum temperatuurafwykings in die sogenaamde Nino-gebiede was minder as 1°C warmer as normaal.

Sedert April 2015 het seeoppervlaktemperature in die Stille Oseaan in die Nino-3.4-gebied redelik sterk begin verwarm vanaf ongeveer 0,5°C warmer as normaal tot ongeveer 1,5°C warmer as normaal teen die einde van Junie.

Dit verteenwoordig reeds 'n matige El Nino. Huidige voorspellings dui egter daarop dat temperature in die belangrike Nino-3.4-gebied tot so hoog as 2°C warmer as normaal kan word teen Oktober tot Desember 2015, wat dan geklassifiseer kan word as 'n sterk El Nino.

Die waarskynlikheid vir die voorkoms van 'n El Nino-verskynsel vir die komende maande het ook gedurende Mei verhoog van ongeveer 70% tot bokant 90%.

Hoewel El Nino dikwels geassosieer word met ondergemiddelde reënval oor Suidelike Afrika, speel die Indiese Oseaan waarskynlik 'n groter rol tydens ondergemiddelde reënvalperiodes as gevolg van die voorkoms van tropiese siklone in die Februarie/Maart-periode wat vorm oor gebiede van warm water rondom Madagaskar. Die voorspelbaarheid van tropiese siklone in hierdie gebied is egter baie swak.

Wat is die moontlike implikasies van die verwagte El Nino-verskynsel op reënval?

- Dit verhoog die waarskynlikheid vir reën gedurende die lente en vroeë somer (Augustus tot Oktober en selfs November).
- Dit verlaag die waarskynlikheid vir reën gedurende die mid- tot laatsomer (November, Desember en Maart).

- Die effek van El Nino is gewoonlik baie sterker oor die westelike gedeeltes van die land asook Namibië. Daar kom gemiddeld tussen 10% en 40% minder reënval durende die tydperk Oktober tot Maart voor oor die westelike dele van die Vrystaat en die Oos-Kaap, die hele Noordwes-provinsie, die hele Noord-Kaap, die hele Namibië asook die westelike en noordwestelike dele van Limpopo. Die afwyking oor Gauteng, Mpumalanga, KZN en oostelike dele van die Oos-Kaap is tussen 0 en 10% ondergemiddeld. Die winterreënvalgebiede van die Wes-Kaap se reënval is gemiddeld tussen 0 en 20% bogemiddeld gedurende die somer.
- Die intensiteit van El Nino het baie min invloed op die intensiteit van droogte oor Suidelike Afrika. Swak El Nino's het dikwels 'n groter negatiewe effek op reënval.

Wat kan die effek van El Nino beïnvloed?

- Die Indiese Oseaan speel steeds 'n byna oorheersende rol om reënval in die mid- maar veral laatsomer oor Suidelike Afrika te bepaal. Indien siklone redelik gereeld rondom Madagaskar ontwikkel, kan dit die negatiewe reënvaleffek van El Nino gedurende die midsomer versterk maar indien die siklone nader aan Australië voorkom, kan dit die negatiewe effek egter versag.
- Tans is grondwatertoestande, stand van damvlakke asook weidingstoestande ondergemiddeld en selfs swak oor groot dele van die land. Daar is sedert 2012/13 ondergemiddelde reënval oor groot dele van die land gemeet wat reeds 'n droogtesiklus aan die gang gesit het. Bogemiddelde reënval en veral goeie opvolgreënval is nodig om hierdie tendens te stuit of om te draai.
- Indien die El Nino se piek vroeg bereik word, kan die periode van verswakking van El Nino dikwels vir reën sorg. Indien dit vinnig verswak voor

Januarie 2016, kan die tydperk Februarie tot April se reënval beter as verwag wees.

Wat is voorteke wat dopgehou kan word om die maontlike negatiewe effek van El Nino op somerreënvaltoestande vroegtydig te kan identifiseer?

- Bogemiddelde reënval oor veral die westelike dele van die Wes-Kaap gedurende die tweede deel van die winter wat later uitbrei na die Suid-Kaap.
- Bogemiddelde reënval oor veral die sentrale tot noordwestelike dele van die somerreënvalgebied van Suid-Afrika in die tydperk Augustus tot November.
- Bogemiddelde reënval en vloede in Oos-Afrika in lande soos Uganda, Tanzanië, Kenia, Somalië, Soedan en Ethiopië vanaf Julie. Ook bogemiddelde reënval oor groot dele van Suid-Amerika, veral rondom die Andesgebergtes. Die VSA-mieliegordel en sentrale dele van Noord-Amerika kan ook bogemiddelde reënval kry in die tydperk Julie tot September en so ook groot gedeeltes van Wes-Europa.
- Droogte in Australië vanaf veral Augustus tot November.

Wat is die kans dat El Nino wel 'n redelike negatiewe effek op somerreënval kan uitoefen?

- Indien die Suid-Afrikaanse mielieopbrengs as maatstaf kan dien van die effek van droogte,

was El Nino verantwoordelik (of was daar 'n El Nino teenwoordig) vir ses van die agt swakste mielieopbrengste in die laaste drie dekades. Vier van die laaste 10 El Nino's was egter verantwoordelik vir gemiddelde tot bogemiddelde mielieopbrengste.

- Die El Nino-seisoene waar baie swak mielieopbrengste voorgekom het, was óf geassosieer met 'n warmer westelike Indiese Oseaan (meer tropiese siklone), óf deur droogtetoestande wat reeds in die voorafgaande seisoene begin het.

Waar staan ons tans?

- Daar is 'n bogemiddelde risiko vir ondergemiddelde somerreënvaltoestande oor veral die sentrale tot westelike dele van die land en Namibië.
- Bydraende faktore tot 'n hoër risiko vir droogte is reeds bestaande ondergemiddelde toestande asook die onsekerheid oor die effek van die Indiese Oseaan.
- Die moontlikheid van goeie reën aan die begin van die somerseisoen, die moontlikheid dat El Nino vroeg 'n piek kan bereik asook die moontlikheid dat die Indiese Oseaan gaan saamspeel om minder tropiese siklone op kritiese tye te veroorsaak, kan egter die effek van El Nino versag en dalk omdraai.

Jy verdien 'n GOEIE produk, prys & diens

vir al u KUNSMISBEHOEFTE



In 2013 het Highfert Kunsmis begin om die Oos Vrystaat se boere te voorsien van Kunsmis. Ons kundige agente is altyd beskikbaar vir al u landbou behoeftes. Ons is trots op ons goeie produk, prys en diens.



Kantoor: 071 2712 | Mengsels 071 658 7100 | Faks: 086 644 1970



Boedels

Bly in **beheer** met 'n **geldige** en **bygewerkte** regsdokument

Dis dalk nie iets waaraan jy aldag wil dink nie, maar jou geldsake moet steeds ná jou dood hanteer word. Sonder 'n geldige testament verloor jy beheer oor die proses.

“Ek ken niemand wat nie óf skuld het óf iets besit nie – en as jy een van dié twee het, moet jy 'n geldige testament hê,” sê Geraldine Macpherson, senior regsbeoordelingspesialis by Liberty.

“Enigiemand wat bates het, en kinders, 'n lewensmaat of familie wat hulle wil hê moet van hulle erf, moet 'n geldige testament hê.

“In die algemeen hersien mense nie hul testament nie, tensy iemand hulle aanspoor om dit te doen. Ons kom in baie gevalle dit teë dat mense hul laaste testament 10 of 20 jaar gelede opgestel het. In dié tyd het hul persoonlike en finansiële posisie dramaties verander, om nie van wetgewing te praat nie,” sê Macpherson.

Wat gebeur as jy nie 'n testament het nie?

As jy sonder 'n testament of sonder 'n geldige testament sterf, tree die Wet op Intestate Erfopvolging in werking en jou erfgename word kragtens die wet bepaal. Jou huweliksmaat en/of jou nageslag erf daarvolgens in 'n voorgeskrewe volgorde.

As jy kinders het en intestaat sterf, kan dit daartoe lei dat bates verkoop moet word omrede die Voogdyfonds slegs kontant mag ontvang.

As die oorledene getroud was, sal die gade erf. As daar 'n gade én kinders agterbly, sal die erfporsie gelyk verdeel word, solank die gade se erfdeel minstens R125 000 is (indien daar genoeg geld is). (Geraldine van Liberty was so gaaf om die inligting bekend te stel.)

“As jy minderjarige kinders het, is die kans goed dat hul erfporsie in die Voogdyfonds inbetaal sal word, wat nie ideaal is nie.

“Dit kan ook daartoe lei dat bates verkoop moet word omrede die Voogdyfonds slegs kontant mag ontvang,” sê Macpherson.

Wat kos 'n testament?

Daar is geen vasgestelde tarief nie en die prys hang van die ingewikkeldheid af. Volgens Macpherson kan 'n baie ingewikkelde testament jou in die omgewing van R10 000 tot R15 000 kos.

Daar is egter ook prokureurs wat heelwat laer tariewe sal vra vir 'n testament wat nie ingewikkeld is nie. Sekere prokureurs en trustadministrateurs sal dit gratis doen, mits hulle as eksekuteurs aangestel word.

Banke is geneig om laer tariewe te vra solank hulle as die eksekuteurs benoem word. “Hulle doen dit omdat hulle dan die volle eksekuteursgelde sal kan verhaal,” sê Macpherson.

Wie is die beste om 'n testament op stel?

Dit moet verkieslik deur 'n professionele persoon gedoen word soos 'n prokureur, bank of 'n trustmaatskappy wat daarin spesialiseer. Hoe ingewikkelder dit is, hoe groter is die kundigheid wat nodig is.

'n Testament moenie net tegnies korrek wees nie, maar moet ook aan wetsvereistes voldoen en prakties uitvoerbaar wees.

Wat kos 'n testamentêre trust?

Daar is geen koste om 'n trust wat geskep is in 'n testament ('n testamentêre trust) te registreer as die testateur of testatrise sterf nie.

Daar is wel gelde betaalbaar om 'n testamentêre trust te administreer, maar daar is geen vasgestelde tarief nie, tensy dit spesifiek deur die testament bepaal word, sê Erik Troost, uitvoerende hoof van African Mutual Trust in die Paarl.

Die gebruikelike tarief is byvoorbeeld 1% van die bates wat onder bestuur van die trustee is of 6% van die inkomste wat die trust oplewer.

As die administrasiegeld dalk onredelik is, kan die meester van die hooggeregshof ná 'n beswaar of klagte deur die begunstigdes betrokke raak en oor die tarief beslis.

Hoeveel boedelbelasting?

Alle bates van enige persoon wat sterf, is onderhewig aan boedelbelasting. Die koers daarvoor is 20% op die belasbare bedrag nadat toelaatbare aftrekkings en vrystellings afgetrek is.

“Behalwe bates soos byvoorbeeld vaste eiendom, meubels, voertuie, beleggings, aandele en versekeringspolisse betaalbaar aan die boedel, sluit dit ook die oorledene se belange in beslote korporasies

(BK's) en maatskappye in asook lenings verskuldig aan die oorledene deur onder meer individue, trusts, BK's en maatskappye," sê Troost.

Bates wat buite die boedel betaalbaar is, soos byvoorbeeld begunstigde en gesedeerde polisse, word ook bygetel. Die waarde van 'n vruggebruik en sekere jaargelde wat 'n oorledene ontvang het voor sy dood, word ook vir boedelbelasting in berekening gebring.

Boedelbelasting op buitelandse bates

Boedelbelasting word ook gehef op Suid-Afrikaanse inwoners se bates in die buiteland. "Enige belasting wat egter aan 'n ander land by dood betaalbaar is op oorsese bates van 'n oorlede inwoner van Suid-Afrika, kan van die boedelbelasting afgetrek word," sê Troost.

Sekere bates van immigrante en persone wat nie gewone verblyfplek in Suid-Afrika het nie, is egter vrygestel van boedelbelasting.

Bates wat vrygestel is van boedelbelasting

Die volgende is die mees bekende vrygestelde bates:

- Alle pensioen- en annuïteitsvoordele, insluitende enkelbedrae.
- Polisse betaalbaar kragtens 'n huweliksvoorwaardekontrak en versekeringspolisse op die lewe van die oorledene wat uitgeneem is kragtens 'n koop- en verkoopvooreenkoms en sleutelpersoonversekering (dis 'n polis wat 'n werkgewer op 'n belangrike werknemer se lewe uitneem om hom te vergoed vir die verlies aan inkomste as 'n sleutelwerknemer sou sterf), maar wat streng aan die wetlike vereistes voldoen.
- 30% van die waarde van onroerende plaaseiendom waarop bona fide-boerdery bedryf is.

Wat kan van boedelbelasting afgetrek word?

Die volgende is volgens Troost van die mees algemene en bekende aftrekkings:

- Alle administrasiekoste van die oorledene se boedel, insluitende die eksekuteursgelde.
- Alle skuld van die oorledene soos op sterfdatum wat uit die boedel betaal word.
- Alle uitstaande inkomstebelasting, kapitaalwinstbelasting en belasting op toegevoegde waarde verskuldig deur die oorledene.
- Redelike sterfbedkoste asook redelike begrafnis- en grafsteenkoste.
- Bemakings aan sekere liefdadigheidsinstellings wat vrygestel is van inkomstebelasting.

As die oorledene binne gemeenskap van goed getroud was, kan slegs die koste en laste van die boedel wat betrekking het op die oorledene, afgetrek word.

Boedelbelasting en gades

Gades word vir boedelbelastingdoeleindes omskryf as persone wat getroud is kragtens 'n huwelik wat in Suid-Afrika erken word.

Dit sluit mense in gewoonteregtelike en godsdienstige huwelike in asook mense van dieselfde of

teenoorgestelde geslag wat in 'n permanente saamwoonverhouding is, as die verhouding bewys kan word.

Troost sê 'n basiese aftrekking van R3,5 miljoen is van toepassing op alle boedels. As daar egter 'n vooroorlede gade is (dit wil sê wanneer een gade reeds gesterf het), is die basiese korting tans R7 miljoen minus dié gedeelte van die basiese korting wat in die boedel van die vooroorlede gade benut was.

As die oorledene binne gemeenskap van goed getroud was, is slegs die bates van die oorledene onderhewig aan boedelbelasting en nie die hele gemeenskaplike boedel wat beredder word nie.

Alle bemakings en ander voordele aan gades soos 'n vruggebruik kragtens 'n testament en erfposies kragtens die intestate erfreg, is vrygestel en alle bates en ander voordele buite die boedel betaalbaar aan gades, soos begunstigde polisse, is ook vrygestel.

Eksekuteurs- en boedelkoste

Die huidige Regulasie tot die Boedelwet bepaal dat die eksekuteur die volgende geld kan hef:

- 3,5% op die bruto boedelbates soos op sterfdatum (uitgesluit bates buite die boedel soos pensioengeld en polisse wat begunstig is).
- As die oorledene binne gemeenskap van goed getroud was, is dit van toepassing op die bruto bates van die gemeenskaplike boedel en nie net op die oorledene se een helfte nie, tensy daar in die testament 'n ander bedrag of persentasie bepaal word wat as eksekuteursbetaling moet dien.
- As die bedrag nie in die testament aangebring word nie, sal die vergoeding volgens die wet se voorgeskrewe tarief wees, tensy die meester van die hooggeregshof bepaal die tarief kan verlaag word.
- 6% op alle bruto inkomste op boedelbates deur die eksekuteur gevorder ná sterfdatum tot afhandeling.

Troost verduidelik dat BTW slegs gehef mag word indien die eksekuteur of beredderaar 'n geregistreerde ondernemer is wat onder meer boedels beredder.

Jy kan oor die vergoeding onderhandel as die eksekuteur ook betrokke was by die boedelbeplanning en die opstel van die testament. As die eksekuteur reken dat potensiele probleme uitgepluis is terwyl die boedeleienaar nog lewe, sal hulle afslag oorweeg.

Afgesien van voorafgemelde geld, is daar 'n verskeidenheid administrasiekoste wat uit die boedelbates betaal moet word en nie uit die eksekuteur se gelde nie, onder meer advertensiekoste, koste om bates soos vaste eiendom te laat waardeer en aan erfgename oor te dra en meestersgelde.

Ingevolge die Boedelwet stel die meester nie 'n eksekuteur vir boedels kleiner as R125 000 aan nie, maar slegs 'n meesterverteenwoordiger.

Die doel is om die beredderingsproses te vereenvoudig en die beredderingskoste op sulke kleiner boedels te spaar. Sulke boedels kan byvoorbeeld deur die erfgename, familie of 'n vriend afgehandel word, mits sekere voorwaardes nagekom word soos dat die boedel solvent moet wees.

Die impak van dienwilligheid op die volhoubaarheid van familieondernemings

deur André W. Diederichs

Die kernwaardes van die oudste familieondernemings in die wêreld is vervat in my boek *Leierskapswaardes: Wysheid uit die Planteryk* en die 10 kernwaardes waarin die meeste van die oudste familieondernemings in die wêreld glo, word oor 10 uitgawes bespreek. Die unieke essensiële olies van verskillende plante sal verbind word met elke leierskapswaarde.

Die sesde waarde wat bespreek word, is dienwilligheid en dit word verbind met rose. Rose is duisende jare gelede deur die Arabiere verwerk tot olies. Vir hulle was dit meer werd as goud. Roosolie word beskou as die koningin van essensiële olies. Roosolie is nie net die oudste en kosbaarste nie, maar ook die sagste en betroubaarste van alle essensiële olies. Dit dien die mens en sy behoeftes langer as enige ander essensiële olie en die waarde daarvan kan nie oorskakel word nie.

Ek kan nie help om te wonder oor die term staatsdiens nie. Die "diens"- gedeelte van staatsdiens impliseer om 'n diens aan ander te lewer; om 'n taak vir ander te verrig. Ek besef dan dat om 'n diens te lewer en om mense werklik te dien twee verskillende begrippe is. Om 'n diens te lewer kan as werk, of 'n verpligting, ervaar word. Jy doen dit omdat jy betaal word om dit te doen. Om ander egter te dien, het 'n dieper betekenis. Om te dien is 'n keuse. Jy doen dit omdat jy ander wil help. Dis jou ingesteldheid, 'n hartsaak. Die term "Servant Leadership" waarna deesdae baie verwys word, beteken om te dien, nie om bloot 'n diens te lewer nie. As dit bloot gaan om 'n diens te lewer, sou dit "Service Leadership" genoem word. Die konsep van Dienwillige Leierskap is in 1970 deur Robert K. Greenleaf begin toe hy verwys het na "the leader as servant". Hy omskryf die dienwillige leier soos volg: "The servant-leader is servant first. It begins with the natural feeling that one wants to serve, to serve first." Dit beteken letterlik om jou ondergeskik aan die behoeftes van ander te stel en daardeur sakeresultate verkry.

Dit laat my onwillekeurig dink aan Jesus se woorde in Markus 9:35: "As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees." In 'n sakekonteks beteken dit dan ook dat as jy in die sakewêreld eerste wil wees, moet jy leer om 'n dienaar te wees. C.J. Langenhoven se woorde: "Die grote hoof hom nie groot te hou nie", asook die bekende uitdrukking dat mens eers moet leer dien voor jy gedien kan word, beklemtoon verder die konsep van dienwillige leierskap.

Die toenemende fokus in die wêreld op dienwillige

leierskap is daarin gesetel dat dit 'n voorvereiste word om op die langtermyn te oorleef. Leiers en hul organisasies wat daarop ingestel is om hul kliënte te dien, trek kliënte aan soos 'n magneet metaal aantrek.

Wat beteken dienwillige leierskap in die sakepraktyk en hoe skep ons 'n organisasie wat dienwillig is? Ek glo die toepassing van die volgende sewe beginsels sal ons na dienwilligheid lei:

1. Dienwilligheid begin by die vaste en daadwerklike besluit van leiers om te dien en dit te verklaar.
2. Dienwilligheid kry momentum as 'n leier dit illustreer (m.a.w. uitleef) in die werkplek. Dit kan dus nie gedelegeer word sonder om dit te illustreer nie!
3. Dienwilligheid kry verdere momentum as die leiers en hul organisasies ooreenkom om kliënte te dien en dan 'n dien kultuur vestig wat soos 'n oorvol beker na kliënte oorspoel. Daar word nou nie meer gepraat van "the client is king" nie, maar wel van "the client is everything."
4. Leiers se werwing en aanstelling van werknemers fokus dan ook nie meer bloot op die tegniese kennis van applikante nie, maar ook op hulle natuurlike ingesteldheid om ander te dien.
5. Werknemers se prestasie meting en vergoedingsstelsel moet ook aangepas word sodat hulle geëvalueer en vergoed kan word vir die wyse waarop hulle dien, en nie net bloot op grond van hulle tegniese prestasies nie. Onthou, vergoeding dryf gedrag en as die gedrag dienend moet wees, dan moet die vergoeding dit aanspoor.
6. Terugvoering van kliënte oor die organisasie en sy personeel se dieningesteldheid hou jou op jou tone en bevorder terselfdertyd weer die organisasie se ingesteldheid om te dien.
7. Die laaste stap om dienwilligheid in jou organisasie te implementeer is essensieel en beïnvloed al die voorafgaande stappe, naamlik om die vermoë aan te leer en uit te bou om werklik OM TE GEE. Soos plante nie sonder water kan voortbestaan nie, kan dienwilligheid nie gekweek en versterk word as jy nie vir ander omgee nie.

Dienwilligheid as 'n voortdurende, elke-oomblik-van-elke-dag-aksie word goed geïllustreer deur John Wesley se woorde: "Doen wat jy kan, so goed as jy kan, waar jy kan, vir so lank as jy kan." Laat die heerlike geur van dienwilligheid jou omgewing verfris soos die geur van rose in die oggenddu!

ONS IS ALLES BEHALWE 'N MOOIWEERS- VERSEKERAAR.

Of dinge nou skeef of volgens plan verloop, jy kan op ons staatmaak. As die leier in oesen bateversekering glo ons dat dit jare neem om goeie verhoudings met kliënte te bou. Verhoudings wat ons toelaat om jou behoeftes en risiko's beter te kan verstaan sodat ons innoverende risiko-oplossings kan ontwikkel. **Santam. Regte, egte versekering.**



Praat met jou makelaar om meer uit te vind oor Santam Landbou se unieke versekeringsoplossings wat spesifiek vir die moderne boer saamgestel is. www.santam.co.za

Wat beteken SEB en hoe raak dit my?



Die term “BEE” – Black Economic Empowerment, of in Afrikaans “SEB” – Swart Ekonomiese Bemagtiging – het een van die gonswoorde van ons tyd geword, maar nie almal van ons verstaan presies wat hierdie term beteken nie, en nog minder watter impak dit op ons onderneming – hetsy as produk- of diensverskaffer, boer of entrepreneur – is. Dan is daar ook nog B-BBEE of dan B-BSEB. Dis mos genoeg om ’n mens heeltmaal te verwar! **Eben Bakker** het die volgende artikel geskryf om ’n bietjie lig op hierdie onderwerp te werp.

’n Tipesie vraag deesdae is die volgende:

“Die maatskappy wat my produk koop, soek nou ’n BEE-sertifikaat. Ek het nie swart aandeelhouers nie, so hoe nou maak?”

Die antwoord daarop is meer breedvoerig as wat in een sin verklaar kan word, want BEE gaan nie net oor swart eienaarskap nie; dit is net maar één van die komponente van Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BSEB).

So hoe werk ’n SEB-telkaart en -sertifikaat?

Dalk eers net die agtergrond:

Die “Broad-based Black Economic Empowerment” (B-BBEE) is ’n transformasiemeganisme wat deur die regering ingestel is, om die bevordering en ontwikkeling van swart individue te bevorder. Die staat maak gebruik van die Departement van Handel en Nywerheid (DTI), om hierdie projek te dryf. Die DTI het dan ook twee liggame onder hulle wat geakkrediteer is om hierdie verifikasies te doen, naamlik IRBA en SANAS.

Die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB-wet) maak gebruik van die “B-BBEE Codes of Good Practice” (kodes) om die SEB-telkaart te bereken.

Die entiteit wat gemeet word, word die “Measured Entity” (ME) genoem.

SEB is nie verpligtend nie, maar word geïmplementeer deur die volgende twee meganismes:

1. Staatstenderprosesse vereis ’n B-BSEB-sertifikaat ingevolge die “Preferential Procurement Policy Framework Act” (PPPFA) of die Wet op Voorkeurverkrygingsraamwerk, asook die regulasies wat daarmee gepaard gaan.
2. Kliënte wat by jou koop, kry punte (gegrond op jou SEB-telkaart) wat hul eie SEB-telkaart kan versterk.

Die eerste SEB-kodes van goeie praktyk is in 2007 in werking gestel en in Oktober 2013 is hierdie kodes vervang met die gewysigde kodes. Daar is ’n oorgangstydperk vanaf die ou kodes na die nuwe kodes waarvolgens die ou kodes nog geld vir entiteite met ’n finansiële jaareinde voor of op 30 April 2015; hierna geld slegs die nuwe kodes.

Verder is daar ook sektorale kodes vir verskillende industrieë wat die entiteite in hierdie sektore moet gebruik in plaas van die generiese kodes.

Wie word gemeet?

Daar word onderskei tussen drie tipes entiteite en die indeling word gegrond op totale jaarlikse omsette van die entiteit:

Tipe entiteit	Ou kodes	Nuwe kodes
Vrygestelde mikro-ondernemings (EME)	< R5 miljoen	< R10 miljoen
Kwalifiserende klein ondernemings (QSE)	R 5 miljoen < R 35 Miljoen	R 10 miljoen < R50 miljoen
Generiese ondernemings	> R35 miljoen	> R50 miljoen

Vrygestelde mikro-ondernemings (EME)

Die drempel is nou R10 miljoen.

Geen sertifikate word egter meer uitgereik om dit te bevestig nie. Slegs ’n beëdigde verklaring word vereis.

Die EME verkry outomaties ’n Vlak 4-status en waar swart persone eienaarskap het, kan dit self ’n beter vlak wees.

'n EME kan kies om as 'n QSE of Generies geëvalueer te word om moontlik 'n nog beter vlak te bereik.

EME is outomaties 'n "Bemagtigingsverskaffer."

Kwalifiserende klein ondernemings (QSE)

Op die ou kodes kan 'n QSE vier uit die sewe elemente kies om die punte te bereken. Op die nuwe kodes gaan 'n ME op al vyf elemente hul punte moet bereken. 'n QSE wat 100% swart eienaarskap het, kwalifiseer onmiddellik as 'n Vlak 1. 'n QSE met meer as 51% swart eienaarskap kwalifiseer as 'n Vlak 2.

'n QSE moet ook aan die reëls vir 'n "Bemagtigingsverskaffer" voldoen om sy sertifikaat te laat tel vir enige van sy kliënte se SEB-telkaart.

Groot besighede ("Generiese ondernemings")

Op die ou kodes moes die ME al sewe elemente in berekening bring vir hul telkaart. Op die nuwe kodes moet hulle al vyf elemente in berekening bring om hul telkaart te bereken.

'n Generiese onderneming moet ook aan die reëls vir 'n "Bemagtigingsverskaffer" voldoen om sy sertifikaat te laat tel vir enige van sy kliënte se SEB-telkaart.

Wat is die kriteria dan om as "Bemagtigingsverskaffer" te kwalifiseer?

- Ten minste 25% van koste van verkope uitgesluit arbeid en waardevermindering moet verkry word van plaaslike vervaardigers of verskaffers in SA. Vir diensmaatskappye word arbeid ingesluit, maar beperk tot 15% van Koste van Verkope.
- 50% van nuwe poste geskep moet deur swart persone gevul word, onderhewig daaraan dat die vorige jaar se aanstellings gehandhaaf is.
- Daar moet ten minste 25% omskepping van rou materiaal of vermeerdering in waarde gemaak word, deur vervaardiging of soortgelyke prosesse.
- Vaardigheidsontwikkeling – ten minste 12 dae per jaar se produktiwiteit moet aangewend word om swart EME's en QSE's se besigheid of finansiële kapasiteit te verbeter.

'n QSE hoef slegs aan een van die vereistes te voldoen, maar 'n groot besigheid moet aan drie van die vier vereistes voldoen.

Hoe word die meting van die telling gedoen?

Die meting word gedoen deur punte toe te ken vir die mate waartoe die vereistes ten opsigte van elkeen van die onderstaande elemente nagekom word deur die ME.

Elemente

Die elemente soos hierbo omskryf, word as volg opgedeel:

	Maks. punte volgens ou kodes	Bonuspunte volgens ou kodes	Maks. punte volgens nuwe kodes	Bonuspunte volgens nuwe kodes
Eienaarskap	20	3	25	0
Bestuursbeheer	10	1	15	4
Gelyke indiensneming*	15	3	-	-
Vaardigheidsontwikkeling	15	0	20	5
Voorkeuraankope*	20	0	-	-
Onderneming- en verskaffersontwikkeling	15	0	40	4
Maatskaplike ekonomiese ontwikkeling	5	0	5	0
TOTAAL	100	7	100	13

* Word geabsorbeer in ander elemente onder die nuwe kodes

Hoe word die SEB-telkaart se vlak bereken?

Die telling wat hierbo bereken is, word bymekaargetel en dan met die onderstaande tabel vergelyk, waarin ons kan sien wat die aantal punte is wat benodig word om te kwalifiseer vir 'n spesifieke vlak.

Hier kan ons ook sien dat die nuwe kodes aansienlik hoër punte vereis om 'n goeie SEB-vlak te behaal:

SEB-status	Nuwe kodes	Ou kodes	SEB-erkenningsvlak
Vlak 1	≥ 100 punte	≥ 100 punte	135%
Vlak 2	≥ 95 maar < 100 punte	≥ 85 maar < 100 punte	125%
Vlak 3	≥ 90 maar < 95 punte	≥ 75 maar < 85 punte	110%
Vlak 4	≥ 80 maar < 90 punte	≥ 65 maar < 75 punte	100%
Vlak 5	≥ 75 maar < 80 punte	≥ 55 maar < 65 punte	80%
Vlak 6	≥ 70 maar < 75 punte	≥ 45 maar < 55 punte	60%
Vlak 7	≥ 55 maar < 70 punte	≥ 40 maar < 45 punte	50%
Vlak 8	≥ 40 maar < 55 punte	≥ 30 maar < 40 punte	10%
Nievoldoening	< 40 punte	< 30 punte	0%

Sub-minimumvereistes

Daar is ook 'n sub-minimum in die nuwe kodes op sekere elemente.

Indien hierdie subminimum nie bereik word nie, sal die telkaart met 'n hele vlak afwaarts aangepas word.

Die elemente waarop die sub-minimum van toepassing is, is:

- Eienaarskap
- Vaardigheidsontwikkeling
- Onderneming- en verskafferontwikkeling

'n QSE moet aan eienaarskap en nog een element voldoen.

'n Groot besigheid moet aan al drie voldoen.

In volgende uitgawes sal daar meer besonderhede volg oor die elemente se meting en die basiese stappe wat geneem kan word om 'n telkaart te verbeter.

Vir meer inligting kan u gerus die departement van Handel en Nywerheid se webblad besoek by http://www.dti.gov.za/economic_empowerment/bee.jsp.



Boere se ouderdom is nie 'n krisis

deur dr. Philip Theunissen



In 'n mediaberig van 2012 word dr. Theo de Jager, toe visepresident van Agri SA, aangehaal waarin hy beweer dat Suid-Afrikaanse boere gemiddeld 62 jaar oud is. By gebrek aan betroubare statistiek word hierdie syfer nou algemeen aanvaar wanneer boere se ouderdom ter sprake kom. In samehang hiermee word daar ook aangevoer dat boerdery nie aantreklike loopbaangeleenthede vir jong mense bied nie en dat boere klaarblyklik hul kinders ontmoedig om plaas toe te kom. Die land stuur gevolglik op 'n "krisis" af omdat sy mense binnekort van 'n klomp ou en fisies verswakte boere vir voedsel afhanklik gaan wees. Internasionale statistiek is ook nie baie bemoedigend nie. Die 2012-landbousensus van die *United States Department of Agriculture* toon aan dat Amerikaanse boere gemiddeld 58 jaar oud is en dit is ook van die hoogste in enige beroep in die VSA. Daar word verder beweer dat die helfte van dié land se boere binne die volgende dekade moet aftree en dat daar baie min jong mense is wat daarin belangstel om hierdie boerderye oor te neem. Gebaseer hierop moet plase onvermydelik in die hande van groter boerderymaatskappye val of kan dit alternatiewelik vir byvoorbeeld gholfangoedere aangewend word. Asof die hoë gemiddelde ouderdom nie alreeds genoeg is nie, word daar ook beweer dat dié gemiddeld oor die afgelope 30 jaar toegeneem het en in die toekoms ook steeds gaan styg. So, as ons die syfers genoeg martel, sal dit uiteindelik gedwing kan word om 'n bekentenis oor 'n dreigende voedselkrisis te maak!

Betroubare syfers

Soos reeds genoem, bestaan daar nie amptelike statistiek oor Suid-Afrikaanse boere se ouderdom nie. Die Departement van Landbou se syfers maak net voorsiening vir boerderyeenhede en nie vir boere, of dan prinsipale van boerderye, nie. As ons dus nie eens weet hoeveel boere daar in die land is nie, kan daar ook geen akkurate aanname oor hul ouderdom gemaak word nie.


Vir die doeleindes van hierdie artikel word daar goedgunstiglik van VKB en NTK se ledelyste gebruik gemaak om ten minste dan net van hierdie boere se ouderdomme 'n profiel te probeer bepaal. Selfs

hierdie inligting moet met versigtigheid hanteer word want daar kan eerstens nie bepaal word wie van hierdie lede wel aktief boer nie, en tweedens kan daar ook duplisering wees waar 'n persoon self 'n lid is maar ook deur middel van 'n trust, maatskappy of vennootskap as 'n lid geag kan word. Met dit inaggenome, word die gegewens van 'n aangesuiwerde ledelys van VKB en NTK in Grafiek 1 aangetoon.

Na raming is daar 3 297 hooflede van VKB en NTK wat as boerderye geag kan word. Hiervan is 64% individue, 26% is maatskappye en beslote korporasies (BK's), 9% is trusts en 1% is vennootskappe. Tensy die prinsipale van die

regspersone bekend is, kan hulle ouderdom nie bepaal word nie en word dit dus buite rekening gelaat. Die 2 106 individue se ouderdomme is wel bekend en dit word verder in Grafiek 2 ontleed.

Die grootste getal lede van VKB en NTK, naamlik 29%, is 51 tot 60 jaar oud. Daarnaas is 25% van hulle 61 tot 70 jaar oud. 11% is ouer as 70 jaar terwyl slegs 4% 30 jaar en jonger is. Die gemiddelde ouderdom van hierdie groep boere is 55 jaar (nie op grafiek aangedui nie). Op die oog af is VKB en NTK se boere dus ook aan die "ou" kant, maar hulle is steeds drie jaar jonger as die gemiddelde Amerikaanse boer en sewe jaar jonger as die mediaberigte se beweerde 62 jaar.



is, maar voeg by dat dit al die afgelope 30 jaar, en selfs langer, die geval is. Hy is egter van mening dat dit ook in ander sektore van die arbeidsmag gebeur en nie so uniek aan landbou is nie. Hy voer aan dat die rede vir ouer boere toegeskryf kan word aan die feit dat boerdery al meer kapitaalintensief raak en dat dit gevolglik langer duur om genoeg kapitaal te akkumuleer om 'n lewensvatbare boerdery te onderhou. Hy is van mening dat landbou geen probleme sal ondervind om mettertyd sy verouderende boere te vervang nie en dat daar gevolglik nie 'n krisis bestaan nie.

Suid-Afrika se eie bevolkingstatistiek strook tot 'n mate met prof. Zulauf se siening. Volgens 2015 se amptelike skatting was die lewensverwachting van Suid-Afrikaners in 2002 54,6 jaar. Dit het in 2015 tot 62,5 jaar verhoog. Die hele bevolking word dus ouer en dit verleng uiteraard ook die ekonomiese lewensduur van die mense.

Die ouderdom van boere word derhalwe as 'n krisis geprojekteer van iets wat nie 'n krisis is nie. Daar is ander groter krisisse waarop afgestuur word. Projeksies van die Suid-Afrikaanse bevolking en landboukapasiteit kan soos volg saamgevat word:

- Oor slegs 20 jaar, in 2035, sal die huidige bevolking met 38% tot 70 miljoen aangroei;
- Teen die huidige tempo van verstedeliking sal 52,6 miljoen (75%) Suid-Afrikaners in 2035 in stede bly;
- Die gevolge van mynbou en verstedeliking lei tot 'n verlies aan landbou se produksievermoë, veral die verlies aan hoë potensiaal landbougrond in Mpumalanga;
- Indien die bevolking in 2035 tot 70,1 miljoen toeneem en daar is terselfdertyd 'n afname van 5 miljoen hektaar kommersiële landbougrond oor hierdie tydperk, is daar slegs 1,1 hektaar landbougrond per lid van die bevolking beskikbaar om aan sy voedsel- en veselbehoefte te kan voldoen. Dit is tans nog 1,6 hektaar.

Krisis

Prof. Carl Zulauf van die Departement van Landbou, Omgewing- en Ontwikkelingsekonomie van die *Ohio State University*, sê dat ouerwordende boere 'n feit

Die ouerwordende kommersiële boere van Suid-Afrika hou allermens die grootste bedreiging vir voedselsekureit in. Die oplossing vir die ander dreigende krisisse lê juis daarin dat dit met ervare en deurwinterde boere aangepak kan word.



Opvolgers

Die vernaamste rede waarom dit op die oog af lyk of boerdery nie vir die jonger geslag na 'n aantreklike loopbaan lyk nie, is die kapitale beperking wat daar bestaan om te kan begin boer. Grondpryse het die afgelope tien jaar met 1 000% gestyg en 100 hektaar gaan tans in die omgewing van R2 miljoen kos. 'n Basiese stel trekkers en implemente gaan 'n verdere R2 miljoen kos. Daarby is die direkte koste om byvoorbeeld 100 hektaar mielies te plant in die omgewing van R700 000. Met 'n verdere R300 000 se oorhoofse uitgawes gaan 'n jong boer wat 100 hektaar mielies wil plant dus ten minste R5 miljoen se aanvangskapitaal tot sy beskikking moet hê.

Dit is dus feitlik onmoontlik om op eie stoom 'n boerdery te kan begin. Die beste, en moontlik enigste, manier van toetrede is wanneer 'n jong voornemende boer deel van 'n ouer boer se erfopvolgingsplan is. 'n Ontleding van Computus se deelnemende groep boere in die Oos-Vrystaat gee 'n aanduiding tot watter mate jong boere reeds deel van ouer boere se opvolging is. Hierdie resultate word in die tabel vervat.

TABEL: PROFIEL VAN COMPUTUS SE BOERE

Beskrywing	Getal	%
Boerderye	32	100%
- Eenmansake	13	40.6%
- Maatskappye/BK's	13	40.6%
- Trusts	6	18.8%
Prinsipale	32	100%
- Gemiddelde ouderdom	54	-
- Oudste	79	-
- Jongste	33	-
Opvolgers	12	38%
- Gemiddelde ouderdom	32	-
- Oudste	42	-
- Jongste	24	-
Tersiêre opleiding	10	83%

Daar is 32 deelnemende boerderye in Computus se groep Oos-Vrystaatse boere. Daarvan is 13 (40,6%) eenmansake, 13 (40,6%) word as maatskappye en BK's bedryf terwyl 6 (18,8%) in die vorm van trusts bedryf word. Die gemiddelde ouderdom van die prinsipale, ongeag die ondernemingsvorm, is 54 jaar oud. Die oudste boer is 79 jaar oud terwyl die jongste 33 jaar oud is.

By 12, oftewel 38%, van hierdie boerderye is daar jong boere as opvolgers betrokke. Hul gemiddelde ouderdom is 32 jaar terwyl die oudste 42 en die jongste 24 jaar oud is. Tien van hierdie opvolgers, naamlik 83%, beskik oor tersiêre opleiding aan 'n universiteit. Hiervolgens is daar dus geen gebrek aan jong, goed gekwalifiseerde opvolgers vir ouerwordende boere in die Oos-Vrystaat nie.



Vervanging

Die amptelike landbousensus gee geen aanduiding van boere se ouderdom nie en bevat ook geen inligting oor jong opvolgers wat reeds op plase betrokke is nie. Selfs ledelyste van georganiseerde landbou vang nie jong opvolgers op nie omdat dit baie keer nie kostedoeltreffend is om die ledegeld vir beide 'n pa en 'n seun te betaal nie. Daar is gevolglik 'n groot gebrek aan statistiek oor die werklike ouderdom van boere en die voorsorg wat hulle reeds vir hul eie vervanging getref het. Gebaseer op die inligting in hierdie artikel is die gemiddelde ouderdom van Suid-Afrikaanse boere waarskynlik 55 jaar en is daar wel 'n beduidende groep opvolgers beskikbaar wat gemiddeld 32 jaar oud is en baie goed gekwalifiseerd is om die boerdery te kan oorneem. Daarmee saam is daar ook al op 'n groot skaal strukture soos maatskappye, BK's en trusts in plek om die opvolging te vergemaklik.

Die aanvangskapitaal beperk beslis die toetrede van jong mense in boerdery, maar die groep boere in die Oos-Vrystaat is bewys daarvan dat boere meer doen as om net vee en kontantgewasse te produseer. Hulle is ongesiens ook besig om waardige opvolgers vir hulle eie boerderye te kweek wat regstaan om amptelik oor te neem as die ouer boer om welke rede ook al moet uittreë.



Vrystaat Landbou
Free State Agriculture

Vrystaat Landboukongres

5 en 6 Augustus 2015

Presidentsrede: Dan Kriek

Die nasionale debat in 2015 lyk asof Suid-Afrikaners praat van mekaar maar nie met mekaar nie.

Suid-Afrikaners is goed met rasse-stereotipering en is ongemaklik om oor sekere vraagstukke te praat en verkies om stil te bly, hou geheime en praat nie graag oor wat hulle bereik het nie. Ons het nodig om oor die Grondwet en die "Freedom Charter" te praat. Ons moet ons beeld bemark voordat iemand anders leiding neem in die verband. Daar is 'n groot noodgedingheid om goed te kommunikeer sodat vertroue hierdeur geskep kan word.

Suid-Afrika gaan vandag deur magtige golwe van ideologie. Ons moet uiters krities wees oor wat was en wat tans aan die gebeur is. Ons moet konsekwent wees in ons kritiek en ons probeer altyd verskonings aanvoer vir foute wat ons gemaak het. Jy het 'n keuse om meegesleur te word of weggevee te word en hoe kan ons as boere of as 'n individu in die omstandighede bo uitkom. Wat is die beginsels wat ons moet toepas en nakom en hoe positioneer ons onself as boere en as Vrystaat Landbou in die toekoms. Ons het ook nodig om aan sosiaal-demokratiese waardes vas te klou.

Daar is 'n nuwe ideologiese golf dat "hard won" vryheid opgeoffer moet word, wat beteken dat die Grondwet en die "rule of law" wat insluit vryheid van spraak en vryheid van die media ondermyn word. Daar is 'n verskeidenheid van vraagstukke wat opkom, naamlik populisme – en veral ekonomiese populisme – radikale landbouhervorming, gebrek aan verantwoordbaarheid, die opvoedkunde is in krisis, golwe van korrupsie. Al hierdie voorafgaande dra by tot onvoorsiene gevolge en ekonomiesegewys is die land in 'n krisis.

Wat doen jy en elkeen van ons om dit aan te spreek? Eerstens, sluit aan by Vrystaat Landbou en spreek waardering uit oor die leierskap wat oor die jare die organisasie gebring het tot waar dit vandag is en wat die regte van elke Suid-Afrikaner en landbouer verdedig. Vrystaat Landbou is op demokratiese beginsels gegrond, verstaan wat is sosiale geregtigheid en verstaan dat dit moet geskied.

Max du Preez is 'n liberalis en dit het 'n skeldnaam geword in die Suid-Afrikaanse samelewing. 'n Sosiaal-demokraat is iemand wat klem lê op sosiale sekuriteit, gelykheid, met 'n spesiale fokus op die belange van armes en gemarginaliseerdes. Die meeste boere ondersteun breë liberale waardes en die stilsweye moet gebreek word dat boere konserwatief is.

Alan Paton meld "I see only one hope for our country, whereby white and black men come together to work for it". Die kantoor van die president het baie te doen met die Grondwet en die "rule of law" wat ondermyn word. Die konstitusie stipuleer die president moet die Grondwet en die "rule of law" in stand hou, ons benodig 'n goeie president en die emmer stop by die president. Vryheid van spraak en uitdrukking is van die siviele regte wat aan ons gemeenskap deur die Grondwet gewaarborg word.

Andre P. Brink, die skrywer wat in 2014 oorlede is, was een van die propaganiste teen die "Secrecy Bill," veral teen pres. Zuma. Hy het gemeld dat daar geensins op die vryheid van spraak en dié van die media inbreek gemaak kan word nie. Desmond Tutu meld ons almal benodig 'n morele bewustheid en het al op verskeie kere in die verlede wanneer ongeregtigheid plaasvind, dit ten sterkste in die openbaar teengestaan. Niemand waag dit om hom aan te vat nie, want hul kan nie. Met onlangse uitsprake het hy kritiek uitgespreek rakende die spandering van Nkandla en oor die Openbare Beskermer se mishandeling deur president Zuma en sy getroue volgelinge.

Die "rule of law"-debakel met pres. Obar al-Basjir van die Soedan het die ANC se besluit (soos uitgedruk deur Jesse Duarte) dat dit baie "unfortunate" is dat die regering 'n hofbeslissing nie uitgevoer of nagekom het nie, in die kollig geplaas. Dit is nonsens en die Grondwet waarborg die verdeling van magte van die uitvoerende en juridiese magte, asook die onafhanklikheid van die regbank sonder die invloed van politici. Verder moet daar gelykheid voor die reg/wet wees. Die gesprek

tussen die president en die hoofregter sal plaasvind op 23 Augustus 2015. Adv. Bizos, wat bekend staan as die "voice of reason", verwys na die Grondwet as 'n produk van 'n kollektiewe onderhandelde poging tussen verskeie rolspelers.

Wanneer is dit nodig om die waarheid te praat teenoor die magte in beheer? Is leiers te sag en gematig om die waarheid te praat en benodig ons 'n sterker aanslag?

"Farmers Weekly" is die amptelike mediavenoot van Vrystaat Landbou, met Annelie Coleman wat ook teenwoordig is. Dit vertel die boodskap van wie ons werklik is en vertel ook die positiewe stories. Ons is groot op Twitter en Facebook met 157 media- en korporatiewe kontakte en 31 mediaverklarings/vrystellings die afgelope jaar veral ten opsigte van plaasvoorvalle, veiligheid, plaaslike regering en oor die Lesotho-grens-saak. Vrystaat Landbou verskaf

Ek is 'n optimis en glo in die toekoms van landbou en weier om myself aan negatiewe oor te gee en ek kan nie sê dat landbou nie 'n toekoms het nie. "Always be positive".



Gaan dit om in die media te wees of nie? 'n Mens kan in die media wees en baie dinge sê, maar dan moet jy jou feite reg hê en met die nodige regsadvies kan steun. Ons praat hard wanneer dit nodig is om die boere se regte te beskerm. Agri SA en Vrystaat Landbou is konstruktief in gespreksvoering met die Regering.

Georganiseerde landbou kan nie ongebalanseerd in debat met die regering ingaan nie, al die balle moet in die lug gehou word en 'n mens moet nie eendimensioneel wees nie (juggling act).

Die landboudebat in 2015 fokus op grondplafonne, 50-50 alternatiewe, AgriParke en Distrik Grond-komitees. Vrystaat Landbou het hul besluite tesame met Agri SA telkemale in die media uitgespreek teenoor die onderwerpe en is baie vokaal teenoor dit. "n Groot klomp harde werk is nodig om die DLCs en AgriParke te struktureer en te vestig met aparte distribusiekanale wat 'n klomp geld in die drein af kan gooi omrede daar alreeds soortgelyke waardekettings bestaan. Die sosiale kompak is tans besig om die lewensstandaard van plaaswerkers te bepaal en die finansieringsmodel ten opsigte van grondhervorming sal hopelik dié jaar gefinaliseer word. Ons benodig 'n uitgebreide bemakingstrategie en ons het alreeds baie vordering in dié verband gemaak.

'n Persepsiestudie is gedoen deur Agri SA onder verbruikers. 85% van respondente was swart vrouens wat meen dat landbou 'n belangrike sektor is en deur die regering ondersteun moet word.

Verbruikers het ook aangedui dat boere nie altyd goed gerespekteer word nie en kyk nie altyd goed na die welstand van hul werkers nie. Daar moet baie hard gewerk word om die persepsie reg te stel.

Vrystaat Landbou is 'n professionele organisasie. Dit is nie dieselfde organisasie wat dit was 'n jaar gelede nie. Bemaking en beeldbou, sosiale media en veral die Engelse gedrukte media, die VL en VKB Veiligheidslessenaar en regsadvies is van die professionele persone wat by Vrystaat Landbou aangestel is.

spesialisregsaadvies ten opsigte van eiendomsbelasting by verskeie munisipaliteite deur 'n konstruktiewe konsultasieproses. Vrystaat Landbou gaan nie opgee oor die Lesotho-hofsaak nie en bedank ook OVK met hul bydrae in dié verband.

Wat plaasveiligheid betref kan ons meld dat die regering tans besig is om chaos met wet en orde te probeer beveg. Hierdie ding het al die potensiaal om skeef te loop, het al die potensiaal om in chaos te ontaard tensy ons leierskap aan die dag lê. Niemand het die 15 moorde wat in die Vrystaat sedert die begin van die jaar plaasgevind het op landbougrond, waarvan 10 werkers was, gekeer nie. Ons moet harder werk aan die proaktiewe en reaktiewe werkwyses en ons sal geen steen onaangeraak laat oor hoe jy jouself volgens die wet kan beskerm nie. Daar is geen enkele persoon alleen wat veiligheid van die boere kan aanspreek nie, dit kos almal om dit aan te vat. Persone wat leiers in die boeregemeenskappe is, het nie die luukse om die reg in eie hande te neem nie. Jy moet deel wees van die orde en nie van die chaos nie. Ons het goeie vennote naamlik VKB en OVK wat hande vat saam met die lessenaar. Ek is baie opgewonde oor waar ons met die lessenaar heen gaan.

Vrystaat Landbou is 'n tuiste vir almal, met nuwe lede van alle dele van die samelewing en ek verwys veral in dié verband na nuwe lede, onder andere oudminister Jay Naidoo en andere wat aangesluit het. 'n Versoek word gerig aan alle landbouverenigings om hul deure oop te maak vir lede van ander rassegroepe, maak ruimte vir mekaar sodat hulle kan verryk word hierdeur. Agri SA beleef ook baie uitdagende tye en ons is opgewonde oor wat daar tans gebeur met Omri van Zyl, Nthabi Nkosi, landbou-ekonoom wie se artikels onlangs in *Rapport* was, asook Christo van Rheede wat onlangs aangestel is.

Ek is 'n optimis en glo in die toekoms van landbou en weier om myself aan negatiewe oor te gee en ek kan nie sê dat landbou nie 'n toekoms het nie. "Always be positive".

GECKO FERT (EDMS.) BPK. LANGFOS



Beste kliënte en voornemende kliënte van Langfos

Ons wil net aan julle laat weet dat ons by julle staan ten spyte van die knellende droogte in die Vrystaat, Noordwes en Noord-Kaap asook KwaZulu-Natal en in ander dele van die land.



www.geckofert.co.za

Skakel vir:

George Richards - 083 461 8979

of ons tegniese adviseur

Hans Ellis - 084 231 9665 of

Kobus Swart - 083 302 5584

Ons sal aan u ons droogtepakette verduidelik.

Sterkte met die nuwe seisoen wat voorlê en ons hoop en bid dat ons 'n geseënde 2015-plant- en oes-seisoen sal beleef.

Langfos-groete,

Kobus Swart 083 302 5584



Kontak ons agente:

Vrystaat:

Albie Jacobs, Kroonstad - 083 462 1751

Theo Bezuidenhout, Bethlehem - 082 789 3101

Johan Fourie, Senekal - 082 4000 437

Hans Vos, Marquard - 084 701 7167

Lourens Botha, Hennenman - 083 379 8778

Charles Malherbe, Bloemfontein - 082 926 4801

Eicker Hennig, Memel en Normandien - 079 437 9850

Emile Gerbrands (Jnr.), Bothaville - 083 564 2244

Emile Gerbrands (Snr.), Bothaville - 083 265 1671

Geoff Morgan - 082 691 1601

Noordwes:

Johan Folscher, Ottosdal - 083 390 1258

Willa Naude, Ottosdal - 083 687 8082

Johan Nel, Coligny - 083 419 1973

Tinus Bergh, Schweizer Reneke - 082 751 4555

Basie Muller, Riversdal - 082 578 5436

Dirkie Swart, Heidelberg KP - 079 191 9481

Dirk Swart, Mosselbaai - 072 699 5356

Jaco Le Roux, George - 082 493 3519

Pat Williamson, Swartberg KZN - 083 273 3580

Sarah Osterloh, Komga Oos Kaap - 083 653 1579

vk**b**

vir die LIEFDE van die LAND



Bemarking vir die VKB Groep het 'n nuwe era betree waar nuwe inisiatiewe die weg baan om uitvoering te gee aan die raad en uitvoerende bestuur se behoefte om die blootstelling en posisionering van die VKB Groep te vergroot en uit te brei.

Bestaande inisiatiewe soos ons tydskrif, *Die Pad Saam*, die gebruik van gedrukte mediapublikasies, soos onder andere *Landbouweekblad*, *Volksblad*, *Die Burger*, *Beeld* en *Farmers Weekly*, asook ons inisiatiewe soos borgskappe, het die grondslag gelê waarop nou gekapitaliseer kan word.

Die VKB Groep is reeds goed gevestig in die landbou-omgewing en repetisie en markverwante reklame het gehelp om VKB as handelsmerk te vestig onder landbouprodusente binne en ook buite ons bedieningsgebied in die Oos-Vrystaat en so ook NTK in die Limpopo.

Die VKB Groep se strategiese beleggings en uitbreiding in die voedselwaardeketting plaas toenemend druk om 'n emosionele verhouding te vestig tussen die groep en 'n nuwe groepering klante en belanghebbers wat elk die potensiaal het om 'n unieke bydrae tot ons welvaart en dié van ons aandeelhouers te lewer.

Tog is dit belangrik om te verwys na uitdagings wat in die bemarkingstrategie van die groep oorbrug moet word, met spesifieke verwysing daarna dat die groep geografies beperk is en grotendeels opereer in die Oos-Vrystaat en die Limpopo, asook nuwe en bestaande nywerhede wat ook in dié gebiede

WEN MET

vk**b**

TimeOff



IS JY AL DEEL VAN ONS
'WAT DIE HART VAN VOL IS' REIS?

Daar is GROOT pryse op die spel vir boere, die publiek en VKB werknemers.
Gaan 'like' ons [facebook](#) blad vandag nog om saam te speel!



geposisioneer is. Tweedens word weinig produkte onder die VKB- of NTK-handelsmerk bemark wat saam met eersgenoemde vir ons meer uitdagend is in vergelyking met maatskappye soos Shoprite wat regoor Suid-Afrika gevestig is en Nike wat 'n produk het wat regoor die wêreld bemark word. In dié gevalle is dit makliker om blootstelling te bewerkstellig aangesien die klant toenemend met die handelsmerk in die kontakspasie gekonfronteer word.

Voorts is die VKB Groep toenemend besig om meer gediversifiseer te raak en elke maatskappy binne die groep het elkeen sy eie unieke behoeftes waaraan voldoen moet word.

Met dit alles in ag geneem het ons onlangs 'n geïntegreerde bemarkingsplan gefinaliseer en deur

hiervan kan 'n vakansie vir vier mense in Kenia wen, en ook tuintoerusting ter waarde van R25 000.

Bogenoemde kompetisie sluit ook aan by 'n nuwe slagspreuk wat deur die groep aangeneem is, naamlik "Vir die liefde van die land", en in Engels "For the love of the land", wat ons steeds in die hart en gedagtes van ons landbouers en klante gevestig gaan hou as landboumaatskappy, maar ook sal bekragtig dat ons 'n verskil wil maak vir alle mense in ons land. Dit dui nie alleen daarop om dinge beter te doen in terme van ons geskiedkundige landboubesigheid nie, maar ook in ons nywerhede waar ons 'n verskeidenheid produkte produseer en verwerk. Ons wil die eindverbruiker beloon met 'n ongelooflike produk en ons wil hê die waarde-ervaring moet altyd iets besonder wees.



die raad goedgekeur wat 'n nuwe en vars benadering teweeg gaan bring. Dié projek sluit ook die implementering van 'n sosialemediaplan in. Ons teenwoordigheid op Facebook het reeds alle verwagtinge oortref. Voorts gaan ons ook van televisie as oudiovisuele medium gebruik maak om 'n emosionele band met ons handelsmerk te vestig. Om die uitdaging te oorbrug om repetisie van die handelsmerk te bewerkstellig, het die raad goedkeuring verleen dat VKB die naamborg word van wat voortaan bekend sal staan as die VKB Knights. Dié borgskap sal alle bestaande en nuwe inisiatiewe op steroïde plaas. Die demografie van krieketkykers en aanhangers pas ons soos 'n handskoen om alle handelsmerke binne die groep blootstelling te gee.

Kompetisies op die verskeie platforms sal eerstens daarop gerig wees om die verkeer deur ons webtuiste te verhoog en intekenare die geleentheid te bied om die argitektuur van ons maatskappy en verwante handelsmerke beter te verstaan, maar belangriker nog, om die prentjie van landbou vir die algemene publiek beter in te kleur. Ons primêre oogmerk is daarop gerig om die mense van ons land lief te maak vir landbou deur hulle in te lig oor presies waar die produkte wat deur almal verbruik en aangetrek word, vandaan kom.

Die kompetisie op sosiale media, genaamd "Wat die hart van vol is", gaan gepaard met ongelooflike pryse. Vir hierdie kompetisie versoek ons landbouers en die publiek om hul ervaring en assosiasie met primêre of verwerkte produk vir ons deur middel van "Felfies" – 'n "farmer selfie" – deur te gee. Wenners





Johne se siekte

paratuberkulose by skape

Johne se siekte behoort opnuut in die kollig geplaas te word, sê 'n veearts.

deur Charl van Rooyen

Boere verstaan Johnne-siekte nie altyd reg nie en dit behoort as 'n aanmeldbare siekte verklaar te word, sê dr. Sewellyn Davey, staatsveearts op Malmesbury. Daarom behoort hierdie ernstige siekte by kleinvee opnuut in die kollig geplaas word sodat boere, veeartse, afslaers en ander belanghebbendes méér daarvan bewus kan word.

Dr. Sewellyn Davey, staatsveearts op Malmesbury, het tydens 'n kongres van die Herkouerveterinêre Vereniging van SA (RuVASA) op Rawsonville gesê dit is tans 'n staatsbeheerde siekte.

Johne-siekte oftewel OJD (*Ovine Johne's Disease*) word deur die bakterie *Mycobacterium avium* subsp. *paratuberculosis* by herkouers veroorsaak en grootliks deur die bek ingeneem. Die bakterieë word deur die mis uitgeskei. Pasgebore lammers is die kwesbaarste en kan die bakterie deur die ooie se besmette spene of weidings inkry. Besmette skape behou hul eetlus gewoonlik totdat hulle te swak is om op te staan om te gaan vreet.

Daar is 'n entstof beskikbaar, maar dit mag net op besmette plase gebruik word. Ná bevestiging van OJD op 'n plaas kan die hele kudde ingeënt word, maar daarna is dit net nodig om aanwas te ent. Dit is ook nie bekend of bewys dat 'n besmette kudde met herhaalde inentings weer skoon gekry kan word nie. 'n Skoon kudde kan ook nie deur inenting beskerm word as 'n buurplaas besmet is nie, want die diere in die skoon kudde mag nie geënt word nie.

Davey sê boere verstaan die siekte nie altyd reg nie. Dit is 'n kuddesiekte, want skape kan besmet wees sonder om simptome te wys. "Jy kan dus nie sê hulle

is gesond nie," voeg sy by. Boere besef dikwels nie Johnse siekte kom voor nie en dink verliese is onder meer weens inwendige parasiete. Stoetboere is bang om hul kuddes te toets, want as die siekte wel voorkom, word hulle onder kwarantyn geplaas en mag nie hulle diere verkoop nie en verloor dus hul inkomste.

Daar is verskeie struikelblokke wat die bestryding van die siekte in die wiele ry. Geen betroubare toets bestaan om individuele, lewende skape met die siekte te identifiseer nie, maar daar word tans aan 'n verpoelde mismonstertoets gewerk om vas te stel of 'n kudde positief is of nie.

Prof. Gareth Bath, emeritusprofessor van die fakulteit veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria en sameroeper van die adviesliggaam oor kleinveegesondheid, het gesê die huidige beheermaatreëls is nie doeltreffend genoeg nie en moet hersien word.

Van die voorstelle is om die siekte se status van 'n beheerde siekte na 'n aanmeldbare siekte te verander, alle verdagte gevalle aan te meld en dat boere wat vee op 'n veiling aanbied, 'n dokument (verkopersverklaring) moet onderteken waarin hulle onder meer verklaar of hulle bewus is van die siekte in hul kudde (al dan nie) en of hul skape ingeënt is.

Hy het opnuut gewaarsku dat geënte diere net aan eienaars van ander positiewe plase verkoop mag word.

Johnse siekte, of paratuberkulose, is 'n kroniese, aansteeklike siekte van herkouters en sekere wildsoorte, veroorsaak deur die bakterium *Mycobacterium avium* subspesie *paratuberculosis*. Hierdie bakterium is baie na verwant aan die organisme wat tuberkulose of toring veroorsaak. Die siekte kom wêreldwyd voor en word beskou as een van die grootste bedreigings vir die veebedryf in lande soos die Verenigde Koninkryk, Australië, Nieu-Seeland en Spanje.

In Suid-Afrika is sporadiese gevalle van paratuberkulose by beeste gediagnoseer sedert die eerste geval in 1923 hier bevestig is. By skape was die siekte tot redelik onlangs beperk tot twee troppe in die voormalige Transvaal. In 1993 is die eerste geval egter by skape in die Wes-Kaap bevestig.

Draerdiere of aangetaste diere kan groot hoeveelhede van die bakterium in hulle mis uitskei. Die paratuberkulosebakterium is redelik gehard en kan onder gunstige omstandighede (nat, koel omgewing) langer as 'n jaar in mis of water oorleef. Vatbare diere neem die bakterium deur die bek in, byvoorbeeld deur besmette weiding of in jonger diere (wat meer vatbaar is as ouer diere), deur te suip aan besmette spene. Die kiem gaan na die dermkanaal waar dit vermenigvuldig. Sommige besmette diere word draers en so 'n draerdier kan lewenslank die kiem in sy mis uitskei. Die meeste diere wat besmet raak, bly subkliniese draers, met ander woorde hulle bly oënskynlik gesond en wys geen siektetekens nie. Ander diere mag egter ná 'n inkubasietydperk wat wissel van ses maande tot so lank as etlike jare,

kliniese tekens ontwikkel. Die persentasie van 'n trop wat kliniese tekens ontwikkel, is gewoonlik 1 – 2 % per jaar, maar kan so hoog wees as 10 % per jaar. Faktore soos wanvoeding, spoorelementtekorte en inwendige parasiete mag die aantal kliniese gevalle baie verhoog.

By skape wat kliniese tekens ontwikkel, word kroniese vermaering waargeneem, maar die mis is gewoonlik normaal. Diarree is nie 'n kenmerk van die siekte by skape nie. Vanweë die lang inkubasietydperk van die siekte word kliniese gevalle gewoonlik net by tweehand- en ouer skape gesien.

Aangetaste diere vrek na 'n paar weke of maande weens verhongering aangesien die bakterium verdikking van die derm veroorsaak en voedingstowwe nie uit die derm opgeneem kan word nie. Daar is geen behandeling vir die siekte nie, maar 'n entstof teen die siekte is beskikbaar. Die entstof is op voorskrif by 'n staatsveearts beskikbaar.

Daar is baie ander oorsake vir vermaering by skape, soos byvoorbeeld wanvoeding, spoorelemente, inwendige parasiete, absesse, ensovoorts en dit is baie belangrik dat die siekte bevestig word indien daar 'n vermoede van Johnse bestaan. Johnse siekte is 'n beheerde siekte en enige verdagte of bevestigde gevalle moet aan die naaste staatsveearts kantoor gerapporteer word.



Ter opsomming

1. Skape word as baie jong lammers besmet deur die organisme, wat die omgewing besoedel, deur dit met die bek in te neem.
2. Alhoewel Johnse siekte selde in bokke gediagnoseer word, is hulle wel vatbaar.
3. Die periode vanaf besmetting tot die eerste kliniese tekens gewaar kan word, is variërend en baie lank. Kliniese tekens van vermaering en swak produksie kom eers algemeen voor vanaf tweehand en later.
4. Die siekte kan nie betroubaar gediagnoseer word in die vroeë stadium nie.
5. Die toetse beskikbaar is oor die algemeen baie onsensitief en geen bekostigbare, betroubare toets om individuele diere se status te bepaal, is beskikbaar nie.
6. Die entstowwe wat in ander lande beskikbaar is, gee variërende resultate en veroorsaak baie groot swellings by die klein lammertjies aan wie dit toegedien word. Daar is nou 'n entstof in Suid-Afrika beskikbaar en dit is slegs op voorskrif van 'n staatsveearts beskikbaar.
7. Die organisme word in groot getalle in die mis van besmette diere uitgeskei en oorleef vir baie maande, veral in koue, klam omstandighede.

In die lig van bogenoemde is al raad vir die produsent wie se kudde besmet is, die volgende:

1. Hou die gemiddelde ouderdom van die trop so laag moontlik.
2. Verwyder en slag enige klinies aangetaste dier(e) (skape wat vermaer) so spoedig moontlik uit die trop. Hierdie skape skei groot hoeveelhede van die organismes in hul mis uit en dien as bron van besmetting vir ander skape.
3. Lamming in die winter (koud en nat, sien bo) verhoog die kanse dat lammers besmet raak. Laat skape eerder in die lente lam.
4. Ooie moet op skoon lande lam – byvoorbeeld stoppellande of medic-weidings wat jaarliks hervestig word. Moenie ooie in klein kampies laat lam nie.
5. Skei ouer en jonger ooie indien prakties moontlik.
6. Handhaaf streng higiëniese standaarde. Water- en voerbakke moet skoon gehou word en so ontwerp wees dat misbesoedeling nie kan plaasvind nie. Voerbakke moet van die grond af gelig word om misbesoedeling te keer (moenie in bande op grond voer nie).
7. Poog om die voedingstatus (veral ten opsigte van spoorelemente en vitamines) en die gezondheidstatus (parasiete en siektes) van die trop so hoog as moontlik te hou, sodat diere meer weerstand teen die siekte het.
8. Hou so ver as moontlik 'n geslote kudde en moenie skape aankoop/inbring van 'n besmette plaas nie.
9. Waak teen besmetting by veilings (diere wat nie verkoop is nie, word na die plaas teruggebring en kon besmetting daar opgedoen het), skoue en byeenbring van diere van verskillende oorsprong soos by kernkuddes, produksiemeetgroepe, ensovoorts.
10. Ooilammers kan tydens stert-afsit teen die siekte geënt word. (As gevolg van die letsels wat deur die entstof veroorsaak kan word, moet die entstof verkieslik in die winter toegedien word wanneer die kanse vir brommeraannevalle minimaal is – teenstrydig met lentelamseisoen).
11. Gooi kalk op die grond om pH te verhoog en so die oorlewing van die organisme te bekamp.

Bron: www.landbou.com



Slymvlies van dermkanaal van besmette skaap.



Verdikking van derm.

Inligting verskaf deur: dr. Sewellyn Davey,
Staatsveearts (SewellynD@elsenburg.com)



'N VURKHYSER VIR JOU

DIESEL 1,8–7 ton
ELEKTRIES 1,8 ton
GAS/PETROL 2,5 ton

- ▶ Eenvoudig om mee te werk
- ▶ Maklik om te onderhou
- ▶ Waarborg van 1 jaar/2 000 uur*
- ▶ Verhuringskontrakte beskikbaar
- ▶ Landswye tegniese en onderdelesteun
- ▶ Gerugsteun deur Barloworld

** Watter een ook al eerste verstryk.*





New Holland-balers

is eersteklas

New Holland SA (NHS) bied balers vir alle omstandighede en het reeds in 1940 begin met die eerste outomatiese baler.

New Holland bied 'n omvattende reeks balers wat afskop met hul klein stampbalers wat in twee modelle beskikbaar is. Die BC5060 is toegerus met 'n opteltafel van 1,7 m, terwyl die BC5070 spog met 'n wydte van 2 m. Die opteltafel se hoogte word meganies verstel op die kleiner model, en hidroulies op die groter model wat aan operateurs gerief en veelsydigheid bied. Swaardiens-touknoop-meganismes is standaardtoerusting op beide masjiene om optimale werkverrigting te verseker. Teen 93 stamperslae per minuut baal die masjiene met ongeëwenaarde kapasiteit terwyl hoë digtheid bale spreek van New Holland-gehalte.

Die New Holland BB1270 en BB1290 groot-vierkant-balers vervang die vorige modelle wat bekend gestaan het as BB9070 en BB9080 onderskeidelik. Hierdie baler het ook 'n paar verbeteringe soos 'n nuwe invoerstelsel en 'n groter aandryfratkas wat nou nie meer 'n spoedbeperking op hierdie baler plaas nie. Dit bied 'n verhoging in kapasiteit van tot 20% in vergelyking met die vorige reeks. Die BB1270 maak bale van 1,2 m breed en 0,7 m hoog met 'n verstelbare lengte van 1 m tot 2,6 m. Die BB1290 se breedte en lengte is dieselfde maar die hoogte is 0,9 m.

Die reeks New Holland-rolbalers begin by die BR 6000-reeks wat uit twee vastekamer-masjiene bestaan en 1,2 m bale produseer. Die BR6080 is toegerus met 'n touknoopmeganisme, wye opteltafel en 'n vingertipe voerstelsel na die baalkamer, waar die BR6090 spog met 'n invoerrotor, asook beide knoopmeganismes, naamlik net en tou. Die BR6090 is ook beskikbaar in 'n rotorsnyer-opsie waar lemme bygevoeg word om baaldigtheid verder te verhoog.

Verder is daar in die New Holland-stal die RB125-vastekamerbaler, wat toegerus is met rollers in plaas van die konvensionele kettingkonsep soos gevind word in die BR6000-reeks rolbalers.

Die RB125 is ook as 'n kombinasie-masjien beskikbaar, naamlik die "Combi" vir die kliënt wat bale wil toedraai vir kuilvoer. Kapasiteit op dié masjien word verhoog met tot 25% as gevolg van meer materiaalname danksy 'n vyf-staaf-opteltafel-konsep oor 'n 2 m breedte vir breë windrye. Vanaf die opteltafel voer 'n rotor die materiaal na die baalkamer, tot waar die perfek gevormde bale vinnig met net gebind word. Die baal se digtheid kan ook verder verhoog word deur middel van statiese lemme onder die rotor wat die materiaal opсны voordat die baal gevorm word. Onderhoud op die masjien word verlaag deur buste op die rollers wat konstante smering ontvang vanaf 'n gesentraliseerde ghriessisteam, in plaas van laers waarvan die lewensduur drasties verkort kan word weens stof. Vir die operateur se gerief kan die invoerrotor ook hidroulies vanaf die trekker ontkoppel word wanneer bondels opgetel word om materiaalname te onderbreek na die baalkamer, terwyl die baal steeds rol en gevorm word.

Die reeks veranderbare kamerrolbalers spog ook met 'n nuwe model, naamlik die RB150. Hierdie masjien is toegerus met breër en dikker belde, asook 'n nuwe optelstelsel wat hoë kapasiteit tot gevolg het. Die masjien produseer bale met deursnee wat kan wissel tussen 0,9 m tot 1,5 m, en word elektronies van die trekker af beheer vir operateursgerief.

Vir meer inligting besoek New Holland Suid-Afrika se webtuiste by www.nhsa.co.za, of bel vir Louis Fourie (NHS-PRODUKBESTUURDER) by 072 869 5903.



T7000

www.nhsa.co.za
www.newholland.com



Die New Holland T7000 gee 'n totaal nuwe betekenis aan landbou innovering.

Nou beskikbaar met kruip-ratkas (330m/uur) as standaard. "Intellishift™" sisteem vir optimale brandstofverbruik. "Headland management" vir optimale operateursgerief. T7040 (134 kW) Beskikbaar in 'n enkelwiel-opsie en "Auto-guidance" -gereed.

Die T7000-reeks en T8 maak planttyd maklik.

T8

Die New Holland T8 gee 'n totaal nuwe betekenis aan landbou innovering.

Langste wielbasis in sy klas verseker optimale gewigsverspeiding.

Megavloei hidrouliese sisteem op T8.390 lewer 282 l/min.

Modelle:

T8.275 – 173 kW/235 Hp
T8.300 – 189kW/257 Hp
T8.330 – 209 kW/284 Hp
T8.360 – 229 kW/311 Hp
T8.390 – 250 kW/340 Hp



"PLM" STANDAARD OP T8 EN T7060 (157KW) MET EEN JAAR GRATIS RTX-SEIN



Kontak vandag jou New Holland-handelaar of skakel 082 380 2405 met die wêreld se beste in landbou voortreflikheid.

JOU SUKSES - ONS SPESIALITEIT

Die Magnum Rowtrac

bied 'n nuwe oplossing vir boere

VKB Landbou het die nuwe **Case Rowtrac-trekker** bekend gestel in die VKB-gebied, naamlik in Warden, Petrus Steyn, Villiers en Vrede. Die roadshow is deur bykans 160 boere bygewoon en meeste van die boere het selfs deelgeneem aan die praktiese demonstrasies wat aangebied is. Baie dankie weereens vir al ons boere wat die geleentheid bygewoon het.

Case IH stel die nuwe trekker, wat uniek is teenoor enige ander trekker in die mark, met trots bekend. Die Magnum Rowtrac is dié stukkie wat die Case IH-toerustingreeks volledig maak.

Die trekker span al die Quadtrac-ervaringe en ook die filosofie in om vier kontakpunte op die grond te hou as basis. Die vier kontakpunte word op die grond gehou deur 'n suspensie-vooras met wiele.

Die nuwe Rowtrac-rusperbandkonsep is baie dieselfde as dié van die Quadtrac-ontwerp – 'n driehoekige konsep met 'n positiewe aandrywing wat uit 'n rusperband met tappe bestaan wat deur 'n groot positiewe dryfwiel aangedryf word. Omdat

die rubberspore smaller dryftappe vereis, bied die rusperband meer beskikbare tappe wat 'n groter en hoër algehele samestelling tot gevolg het.

Beter grondkontak – minder kompaksie

Die spore word aangedryf deur 'n reeks dryftappe wat met kolomme op die dryfwiel skakel. Hierdie ontwerp elimineer ontsporing tussen die dryfwiel en die spoor omdat die positiewe aandrywing in alle toestande deurlopend is.

Die rusperband word saamgestel uit die positiewe dryf, twee luiwiele en drie rollers aan die onderkant. Die rollers ondersteun die gewig van die masjien en is gemonteer om skok te absorbeer en rollerrein te hanteer. Die spore is outomaties deur hidroliese drukking gespan en die onafhanklike op- en af-ossillasies van 10° op elke spoor behou deurgaans kontak met die grond.

Die Rowtrac-enjin is baie dieselfde as die enjins in wiettrekkers en voldoen aan die Tier 2B sonder die tegnologie waar uitlaatgasse hersirkuleer word, wat brandstofuitgawes laag hou. Al die enjindata stem andersins ooreen met die Magnum-wielmodel.

CASE IH
AGRICULTURE





Draai soos wiele – dryf soos spore

Hierdie is nie 'n tipiese trekker nie, maar die maksimumspoed van die Rowtrac is 40 km/h. Spoorstelle kan egter aangebring word om die padspoed van die trekker te beperk. Goodyear en Camoplast verskaf die spore wat in twee groottes beskikbaar is, naamlik 61 en 76,2 cm.

Die Rowtrac is stabiel in die veld, veral in modderige toestande. Die trekker kan onder volvrag stuur en behou trekkrag in 'n reguit lyn. Alle voor- en agterasse is toegerus met 'n ewenaarslot terwyl 'n twee-spoor-trekker nie met 'n ewenaarslot toegerus kan word nie.

Mededingers sal moontlik sê dat die Rowtrac 'n halfspoor-trekker is wat 'n halwe oplossing bied om gronddruk te verlaag, maar hierdie voertuig staan ook in hierdie opsig sy man.



Nico van der Walt
Uitvoerende hoof



Boy du Preez
Tegniese
Bestuurder



Phil Britz
Jnr Heelgoederebemerker
Villiers
060 636 6258
phil.brits@vkb.co.za



Theo Roux
Heelgoederebemerker
Vrede
082 818 9705
theor@vkb.co.za



Johann van der Nest
Heelgoederebemerker
Warden
082 878 2736
johanvdn@vkb.co.za



Johan van Zyl
Heelgoederebestuurder
Villiers
084 245 0576
johanvz@vkb.co.za



Coenrad Bruwer
Heelgoederebemerker
Reitz
083 255 6223
coenradb@vkb.co.za



Joseph Malinga
Onderdelebestuurder
VKB en NTK
072 738 6866
josephma@vkb.co.za

Sojaboonkwaliteit en stikstof-kantbemesting

deur dr. Robert Steynberg

Inleiding

Die voermeulenaar is 'n proteïenkoper en wil weet hoeveel proteïen hy per vrag aankoop en nie hoeveel sojaboonkoek per se nie. As sulks is sojaboonproteïeninhoud 'n belangrike komponent van sojaboonkwaliteit. Dit speel ook 'n belangrike rol by die effektiewe bestuur van 'n persaanleg. Nie net word winsgewendheid verbeter met beter kwaliteit nie, maar sojaboonkoek met 'n hoër proteïeninhoud is makliker bemerkbaar.

Ontledings van die Suid-Afrikaanse Graandiens toon dat daar redelik variasie in sojabone se proteïeninhoud kan voorkom (Fig. 1). Volgens Figuur 1 was 2012/2013 'n ooglopend beter jaar in terme van proteïeninhoud as die vorige jaar. Dit wil dus blyk dat die variasie klimaatsgebonde is omdat die grootste variasie tussen jare voorkom. Selfs die verskille tussen gebiede kan moontlik gekoppel word aan klimaatsomstandighede wat verskil van gebied tot gebied. Volgens dr. Jan Dreyer kan hoër temperature verband hou met verhoogde proteïeninhoud by sojabone (Die wedloop na hoër proteïen in sojabone: Pamflet geborg deur die Proteïennavorsingstigting).

Die vraag kan gevra word of die boer aan die klimaat uitgelewer is vir hoë kwaliteit sojabone en of daar 'n boerderypraktyk is wat bestuur kan word om proteïeninhoud te verhoog. Hierdie artikel rapporteer oor 'n loodsproef waarmee gepoog is om te bepaal of sojaboonkwaliteit in die Oos-Vrystaat voordelig beïnvloed kan word deur 'n boerderypraktyk soos stikstof-kantbemesting op 'n laat stadium. Besproeiingsproewe is gebruik waar beperkte water (droogtestremming) nie veronderstel was om 'n invloed op opbrengs en kwaliteit te hê nie. Daar is wel ook droëlandmonsters ontleed waar daar 'n land voorgekom het met dubbel die normale bemesting.

Medewerkers en produksiepraktyke


Die medewerkers was **PEP Bierman Trust** (Oranjeville), **MJ Voges** (Oranjeville), **Wolvenfontein Trust** (Villiers) en **Koocha Bdy.** (Memel). Data word ook vir **Jan Davel** (Reitz) aangebied om vir die interessantheid 'n verteenwoordigende monster van droogtegestremde sojabone in te sluit.

PEP Bierman Trust en Martin Voges het onder dieselfde spilpunt geplant. Al wat verskil het, was die kultivars wat onderskeidelik PAN 1583 R en Y550 was. Opbrengste van 4,42 ton/ha is behaal en dit kom goed ooreen met die proef se kleinperseelopbrengsbepalings.

Daar is op 10 Oktober 2014 geplant en dit was bietjie vroeg omdat laat koue die jong gewas benadeel het. Rye van 0,9 m wyd is gebruik en die plantestand was ongeveer 350 000 plante per ha. Bemesting het uit 230 kg/ha 2:3:4(22) bestaan wat met planttyd toegedien is. Die normale Roundup-onkruidbeheer is gedoen en twee bespuitings Vydate is gedoen om aalwurm te beheer.

Bemestingsbehandeling

KAN(28) is per hand teen 'n peil van 61 kg/ha N toegedien nadat die plante reprodutief geraak het. Figure 2 en 3 illustreer die stadium en toestand van die plante toe die bemestingsbehandelings toegepas is. Die toediening is op drie herhalings van vier rye gedoen (10 m lank) waarvan die binneste twee rye (5 m lank) goeos is vir opbrengs- en kwaliteitsbepaling.



Figuur 1. Sojaboonproteïeninhoud vir twee verskillende jare by verskillende lokaliteite (Volgens Suid Afrikaanse Graandiens - <http://www.agbizgrain.co.za/en/sa-grain-quality/annual-crop-quality-report>)



Figuur 2. Heelbo kan gesien word dat die plante baie aktief gebloom het en bo dat die eerste peule gevorm het toe stikstof toegedien is by Pep Bierman.



Figuur 3. Die plante het baie goed vertoon en was reeds heuphoogte (heelbo) en met knoppiesvorming (bo) was daar geen fout nie.

Wolvenfontein Trust het die kultivar Donmario 5953 onder 'n spilpunt met slegs aanvullende besproeiing geplant. Dit was tweede seisoen sojas na koring en is op 29 Desember 2014 geplant. Rywydtes van 0,9 m is gebruik met 'n plantestand van 350 000 plante per ha. Die bemesting was 150 kg/ha 0:1:2(24) met planttyd en onkruidbeheer was met Roundup gedoen.

Bemestingsbehandeling

Ureum(46) kunsmis is in stroke teen 'n peil van 46 kg/ha N met 'n kunsmisstrooier toegedien nadat die plante reprodutief geraak het. Die toedienings is op twee stroke herhaal.

'n Strookproeftapkarretjie is met strooptyd vir weging gebruik en die strookoppervlak met 'n GPS bepaal sodat opbrengste bereken kon word. Die monsterooppervlakte was ongeveer 0,25 ha.


Koocha Bdy. het die kultivar LS 6164 R droëlands in 0,76 m rye geplant teen 330 000 plante per ha. Die bemesting wat toegedien is, was 150 kg/ha 2:3:4(30). 'n Gedeelte van die land het dubbeld hierdie hoeveelheid gekry (300 kg/ha). Twee herhalings is per behandeling gesteekeproef. Die opbrengspotensiaal was goed nadat dit besonder baie gereën het vir die jaar en daar trouens versuipkolle in die land voorgekom het. Monsterneming is subjektief uit beter areas gekies en opbrengste wat gemeet is, het redelik ooreengestem met opbrengste wat op landskaal gerapporteer is (2,8 ton/ha).

Jan Davel het PAN 1454 R droëlands in 0,9 m rye geplant en die plantestand was 237 000 plante/ha. 'n Kunsmismengsel met 'n organiese basis is gebruik waarmee ongeveer 9N, 12P, 5K, 20Ca, 2Mg en 15S (kg/ha) toegedien is. Daar is ook mikro-elemente in die mengsel voorsien. Metolachlor is as onkruidodder gebruik saam met die gebruik van Roundup. Drie monsters is in 5 m plantrylengtes geneem. Die monsters is geneem as verteenwoordigend van droogtestremmingstoestande en om 'n tipiese standaardfoutgrootte te bereken vir die relatief klein monsters wat geneem is.

Resultate Opbrengs

Volgens subjektiewe waarnemings van plantegroei het dit gelyk asof die plante vegetatief voordelig beïnvloed is deur die addisionele bemesting. Dit was veral toe die kontrolebehandelings se blare begin verkleur het dat dit gelyk het asof die bemestingsbehandelings effens langer groen wou bly. Die effek is egter nie deurgetrek na opbrengs of kwaliteit nie. Figuur 4 toon hoe die opbrengste tussen lokaliteite en bemestingsbehandelings gevarieer het. Die klein lyntjie op die kolomme stel die standaardfout voor. Dit skat normale of toevallige variasie wat gemeet is. Volgens die standaardfoute lyk dit nie asof verskille tussen bemestingsbehandelings betekenisvol was nie. Variansie-analises en die F-toets is ook gedoen om te bevestig dat die verskille tussen bemestingsbehandelings wel slegs toevallig was en

nie te wydte was aan bemesting nie. Daar was nie 'n bemestingsproef by Jan Davel gedoen nie, maar die resultaat is bygewerk om te bevestig hoe groot die tipiese standaardfout vir klein persele is. Dit was ook nodig om 'n droogtegestremde monster in te sluit om 'n idee te vorm of klimaat/stremming 'n rol speel by kwaliteit.




Figuur 4. Sojaboonopbrengs soos beïnvloed deur bykomstige stikstofbemesting.

Proteïeninhoud

Daar was geen betekenisvolle bemestingseffekte op proteïeninhoud nie (F-toets nie aangegee nie). Figuur 5 illustreer die bemestingseffek op proteïeninhoud. Daar word ook nog resultate van drie kultivars wat onder besproeiing by Pep Bierman geplant is, getoon (PAN 1664, Donmario 5.1 en Donmario 6.1) Bemestingsbehandelings is nie by hulle toegepas nie, maar enkelmonsterontledings is ingesluit om 'n idee te vorm of kultivars 'n noemenswaardige rol speel by proteïenontleding. Geen betekenisvolle effekte word gesuggereer nie.

Dit kom voor asof die proteïeninhoud by Jan Davel te Reitz betekenisvol die hoogste was en dit kan te doen hê met die hittestremming wat ondervind is deur die seisoen. Die moontlike kultivarbydrae kan egter nie gekwantifiseer word nie. Wolvenfontein het om praktiese redes laat geplant en die sojabone het dus deur die koeler tyd van die jaar reprodutief geraak. Vroeë ryp het trouens skade veroorsaak. Die relatiewe gebrek aan hitte-eenhede kan moontlik die lae proteïenontledings verklaar. Koocha bdy. het ook relatief lae proteïen ontleed en weereens kan 'n mens bespiegel dat dit met koeler temperature te doen gehad het. Memel is bekend vir lae hitte-eenhede en vanjaar was koel, reënerige weer en selfs oormatige reën aan die orde van die dag


Die laaste drie kultivars wat in Figuur 5 geïllustreer word, (PAN 1664, Donmario 5.1 en Donmario 6.1) is onder ander sirkels by Pep Bierman geplant, maar met dieselfde verbouingspraktyke as die spilpunt waar die bemestingbehandelings toegepas was. Dit lyk nie asof hierdie kultivars betekenisvol verskil het in terme van proteïenontleding nie. Let wel dat die bemestingsproef by Pep Bierman en MJ Voges onder identiese toestande gedoen is (selfde spilpunt is gebruik). Dit is net die kultivar wat verskil het. Die F-toets het bevestig dat daar nie 'n betekenisvolle kultivareffek tussen hierdie twee kultivars was nie al het Y550 van Martin Voges bietjie laer ontleed as Pep Bierman se Pan 1583.



Figuur 5. Sojaboonproteïeninhoud soos beïnvloed deur bykomstige stikstofbemesting.

Olie-inhoud

Dieselfde tendense as wat by proteïeninhoud waargeneem is, is ook vir olie-inhoud waargeneem (Fig. 6). Geen betekenisvolle bemesting- of kultivareffekte kon afgelei word nie en dit blyk dat die seisoensverloop by Reitz (hitte en/of droogtestremming) ook 'n hoër olie-inhoud tot gevolg gehad het. Die toestande (laat plant en koeler tydens reprodutiewe fase) wat moontlik by Wolvenfontein 'n relatief lae proteïeninhoud veroorsaak het, het egter oënskynlik nie olie-inhoud benadeel nie.



Figuur 6. Sojaboonolie-inhoud soos beïnvloed deur bykomstige stikstofbemesting.

Gevolgtrekkings

Bykomstige stikstofbemesting tydens die reprodutiewe periode kon selfs onder hoë potensiaaltoestande (besproeiing) nie opbrengs of kwaliteit van sojabone verhoog nie. Stikstofbinding is dus heeltemal voldoende vir proteïenproduksie by opbrengste van tussen 4 en 5 ton/ha. 'n Tipiese negatiewe korrelasie tussen opbrengs en kwaliteit, wat gewoonlik by grane voorkom, is waargeneem.

Temperatuur kan by sojabone 'n bykomende rol speel. Die laagste kwaliteitswaardes is byvoorbeeld by Koocha bdy. en Wolvenfontein Trust gevind terwyl die opbrengste daar nie die hoogste was nie. Volgens die "United Soy Board" lyk dit asof klimaat 'n rol speel by proteïeninhoud maar dis 'n komplekse situasie wat nie mooi verstaan word nie. Hittestremming op verskillende stadia het skynbaar verskillende uitkomst tot gevolg (<http://unitedsoybean.org/article/could-weather-affect-your-soybean-quality/>).

Jan Davel het die meeste droogte en hittestremming gehad en het die hoogste proteïeninhoud ontleed, maar die bepaalde kultivar kon 'n rol gespeel het. Die proef was nie ontwerp om kultivareffekte statisties te ondersoek nie. Waar verskillende kultivars onder dieselfde toestande verbou is (Pep Bierman) was daar nie oënskynlike kultivareffekte nie, maar dit moet in gedagte gehou word dat daar tientalle ander kommersiële kultivars beskikbaar is.

In hierdie stadium lyk dit asof die sojaboonboer in terme van kwaliteit redelik uitgelewer is aan klimaatsomstandighede wat van jaar tot jaar en

gebied tot gebied varieer. Verdere navorsing is nodig om dit te bevestig, maar dit kom voor of die enigste manier om 'n mate van beheer uit te oefen, is om kultivarvolwassenheidsklasse en planttyd so te kies dat die reprodusiewe periode met die warmer gedeelte van die seisoen saamval. Ongelukkig kan hitte en stremming opbrengs totaal laat misluk as dit regtig erg raak en 'n mens wil dit eerder probeer vermy. Daar is wel nog 'n moontlikheid dat ander verbouingspraktyke soos blaarvoeding of sekere saadbehandelings 'n rol kan speel. Verdere plaaslike navorsing in hierdie verband is nodig om die vraag voldoende te beantwoord.



Aanbod geld tot einde Oktober 2015



BERNINA⁺

made to create

2015 INRUILPROMOSIE

Alle paaie lei na BERNINA met ons 2015 "Trade-in Trade-up"-promosie

Oorweeg jy om na 'n nuwe BERNINA op te gradeer om jou kreatiewe verhouding met BERNINA tot die volgende vlak te neem, of wil jy jou huidige naaimasjien verruil vir die BERNINA van jou drome? Dan is dit nou die tyd daarvoor!

Ons waarborg 'n minimum inruilwaarde van tussen R1 200 en R20 000 (ongegag die toestand of maak van jou masjien) op 'n nuwe BERNINA borduur-, naai-, kwilt- of omkapmasjien (verskeie modelle beskikbaar).

Bernina Bethlehem | Van der Merwestraat 15A | Tel. 071 639 3662 of 058 303 0550

Perfekte Diere Sorg



Bayopet® Flea and Tick Collars

vir die beheer van bosluise en vlooië op klein, medium en groot honde, sowel as katte.

Spesiale veiligheidsmeganisme ingebou vir katte en klein hondjies wat breek met oormatige trekkrag, om sodoende versmorsing te voorkom.

Maak die halsband om die dier se nek vas deur die punt van die band deur die gespe te skuif, sodat daar twee vingerspasië tussen die nek en band is. Sny die oortollik stuk halsband af.



Bayopet® Bacdip Plus

Beheer bosluise en vlooië op honde en klein hondjies. Beheer bosluise op perde en vullens.

- Gereelde behandeling van die honde op dieselfde perseel is noodsaaklik vir effektiewe bosluis en vlooiëbeheer.
- Mag gebruik word op dragtige, lakterende en jong diere, selfs weekoue hondjies.



Secta® Insecticidal Shampoo

Insekdodende sjampoe wat bosluise- en vlooië op honde en katte beheer.

- Herhaal sjampoe weekliks indien nodig.
- Word ook aanbeveel dat troeteldiere se slaaparea met Bayopet® Tick and Flea Powder behandel word.



Bayopet® Tick and Flea Powder

Beheer bosluise en vlooië op honde, hondjies, katte en katjies.

- Bestuif die pels van honde en katte en vryf deeglik in.
- In die geval van ernstige bosluis- en vlooiëbesmetting, behandel elke vier dae, andersins weekliks.



Bayopet® All Wormer

Die effektiewe 4-in-1 ontworming vir rondewurms, haakwurms, sambokwurms en lintwurms in honde en klein hondjies.

- 1 tablet per 10 kg
- Volwasse honde: Ontworm 3 - 4 maal per jaar.
- Klein hondjies: Ontworm op 4, 6, 8 en 12 weke oud, daarna maandeliks tot 6 maande oud.
- Dragtig/lakterende tewe: Ontworm 10 dae voor en 2 - 4 weke nadat hulle geboorte geskenk het.



Bayopet® Wormol

Hoogs doeltreffende vloeistof-ontworming teen rondewurms (spoelwurms) in honde en katte.

- Gee as enkeldosis van 5 ml per 3 kg lewende massa op 'n leë maag.
- Smaaklike stroop wat net so gegee of oor kos gegooi kan word.



Bayopet® Blue Liquid

Aanbeveel as algemene voedingstonikum vir die verbetering van 'n swak eetlus en vir siek en herstellende honde.

- Smaaklike formulering vir maklike toediening.



Bayopet® Vita-Fit

Goed gebalanseerde vitamienaanvulling vir alle honde en jong hondjies. Ideaal vir groeiende hondjies, dragtige tewe, vir ouer honde en vir siek, herstellende honde.

- Ekonomiese verpakking kan gebruik word vir alle honde in die gesin, klein tot groot.
- Gee die hele tablet of krummel en gooi oor die kos.

Registrasiehouer: Bayer (Edms) Bpk., Diergesondheidsafdeling, Mpy, Reg. Nr. 1986/1192/07, Wrenchweg 27, Isando, 1601, Suid Afrika. Tel: +27 11 9215736. Fax: +27 11 921 5395. www.bayeranimalhealth.co.za
Bayopet® All-Wormer: Reg. Nr. G2914 (Wet36/1947). Bevat: prasiqwanteel 50 mg, pirantel pamoaat 140 mg, oksantel pamoaat 545 mg. Bayopet® Tick and Flea cat collar: Reg. Nr. G1090 (Wet36/1947). Namibie: SO.Reg.Nr. V89/18.3.4/464 Wet 13/2003. Bevat: Propoxur 9.4% m/m. Bayopet® Tick and Flea collar for medium / large dogs: Reg. Nr. G523 (Wet 36/1947). Namibie: SO.Reg. Nr. V89/18.3.4/465 Wet 13/2003. Bevat: Propoxur 9.4% m/m. Bayopet® Tick and Flea collar for small dogs: Reg. Nr. G524 (Wet 36/1947). Namibie: SO.Reg. Nr. V89/18.3.4/465 Wet 13/2003. Bevat: Propoxur 9.4% m/m. Bayopet® Bacdip Plus: Reg. Nr. G2029 (Wet 36/1947). Namibie: NSR 2. Bevat: Flumetrien 2% m/v, piperoniel butoksied 10% m/v. Secta® Insecticidal Shampoo: Reg. Nr. G2059 (Wet36/1947). Bevat: sipermetrien 720 mg, piperonielbutoksied 3280 mg, lanolien, spesiale olië en opknappers 50 g. Bayopet® Tick and Flea powder: Reg. Nr. G587 (Wet 36/1947). Namibie: SO.Reg. Nr. V99/18.3.4/798 Wet 13/2003. Bevat: Propoxur 1% m/m. Bayopet® All-Wormer: Reg. Nr. G2914 (Wet 36/1947). Bevat: prasiqwanteel 50 mg, pirantel pamoaat 140 mg, oksantel pamoaat 545 mg. Bayopet® Wormol: Reg. Nr. G370 (Wet36/1947). Namibie: SO.Reg. Nr. V99/18.1.6/798 Wet 13/2003. Bevat: piperonielstroop (neutrale sout) in 'n stroop basis: 12.5%. Bayopet® Blue Liquid: Reg. Nr. G356 (Wet 36/1947). Namibie: SO.Reg. Nr. V99/18.4/811 Wet 13/2003. Bevat: Vitamien B12 0.2 mg, vitamien B1 10 mg, vitamien B2 20 mg, vitamien B6 10 mg, kalsium-D-Pantoteenaat 20 mg, ninkotienamied 100 mg, ysterammoniumsitraat 1 g, kalsiumjodienprofiësaat 1 g, D-sorbitol 70% oplossing tot 100 ml. Bayopet® Vita-Fit: Reg. Nr. V10291 (Wet 36/1947). Elke tablet bevat vitamien A 500 iu, vitamien B1 1.0 mg, vitamien B2 0.5 mg, vitamien B6 0.1 mg, vitamien B12 3 mcg, vitamien C 10 mg, vitamien D3 50 iu, vitamien E 0.5 mg, niasien 1.5 mg, kalsium-D-Pantoteenaat 1.0 mg, folien 20 mcg, biotien 20 mcg, gedroogde lewer 16 mg. © is die geregistreerde handelsmerk van Bayer AG, Duitsland.



Sorg vir behoorlike sanitasie

Dis die regte ding om te doen

So werk Magic Pit

Magic Pit is 'n natuurlike bakteriese produk wat wetenskaplik ontwerp is om puttoilette en verteerputte te reinig. Hierdie produk bevat meer as 50 verskillende tipes bakterieë in elke sakkie van 50 ml.

Baie mense is die draers van verskeie siektes wat in water ontstaan, soos disenterie, diarree, cholera en buiktifus wat maklik versprei kan word deur mense wat puttoilette en verteerputte gebruik.

Magic Pit bevat spesifieke bakterieë om al bogenoemde siektes te dood sowel as om die put te reinig van alle natuurlike feses en enige ander natuurlike produk wat in die stelsel is. Terselfdertyd raak dit binne 24 uur van die reuk ontslae.

Swartvlieë en muskiete lê normaalweg hul eiers in hierdie tipe plekke, maar Magic Pit maak ook al sulke eiers wat deur sodanige insekte gelê is, dood.



Nou beskikbaar by jou naaste VKB/NTK tak

Magic Pit



STRIPSAHEAD

STRIPSAHEAD (PTY) LTD 2013/036141/07 VAT No: 4070266046

Tel: 058 303 0223 Fax: 058 303 7887

29 A Lindley Street, Bethlehem 9700

Wat jy alles moet weet van **mieliestreepvirus (MSV)**



deur: Dr. Rikus Kloppers, senior bestuurder: Gewasdiens

Wat veroorsaak MSV?

Mieliestreepsiekte of MSV is 'n virussiekte en word veroorsaak deur die mieliestreepvirus (MSV) wat deur 'n vektor, die bladspringer *Cicadulinambila*, oorgedra en versprei word.

Hoe lyk die tipiese simptome?

Mieliestreepsiekte manifesteer ongeveer drie tot sewe dae ná voeding as klein bleek kolletjies van 0,5 tot 2 mm deursnee op die laagste, blootgestelde gedeeltes van die blaar. Simptome kan ook baie wissel ahangende van die gasheer, kultivar of virusisolaat. Slegs nuut gevormde blaarweefsel ontwikkel simptome terwyl die blare onder die punt van infeksie gesond bly. In ernstige gevalle ontwikkel die kolle later in lang strepe wat uiteindelik oor die hele lengte van die blaar strek, op die blaarnerwe, met die primêre are minder geraak as sekondêre of tersiêre are. Die chlorose (vergeling) word veroorsaak deur die onvermoë van die chloroplaste, nodig vir fotosintese, om te ontwikkel in die weefsel rondom die vaatbondels. Dit lei tot verminderde fotosintese, respirasie verhoog, wat weer lei tot 'n afname in blaarlengte en planthoogte, wat oorsprong gee aan tipiese geelgroen verdwergde plante. Mielieplante wat voor die vier- tot vyf-blaarstadium geïnfekteer word, produseer dikwels misvormde koppe of gee swak opbrengste. Sommige isolate uit Suid-Afrika veroorsaak ook 'n rooi pigmentasie op die blare wat eerste geïnfekteer is.

Waar en op watter gewasse kom MSV voor?

MSV is 'n ernstige beperking in mielieproduksie in die hele Afrika suid van die Sahara, Egipte en die eilande in die Indiese Oseaan (Mauritius, Reunion, Madagaskar). MSV infekteer ook ander gewasse soos hawer, koring, gars, sorghum, manna, vingermann, suikerriet en wilde grasse en hoewel dit van geringe ekonomiese belang is, dien dit as oorlewingsbron.

Wat is die siekte se ekonomiese impak?

Regoor die tropiese dele van Afrika word mielies hoofsaaklik geplant in bestaansboerderye en is werklike skattings en finansiële verliese as gevolg van streepsiekte nie bekend nie. Die impak daarvan in klein aanplantings, weens groter blootstelling aan vektore van buite is egter groter. Hier word die hele landjie dikwels vernietig en is daar geen graanvoorraad/opbrengs nie, wat 'n ernstige bedreiging vir voedselsekureit inhou. In kommersiële aanplantings is dit dikwels net enkele plante wat die MSV-simptome wys en is die opbrengsverliese gering. Daar is egter gevalle waargeneem waar 'n totale aanplanting op vroeë stadium, as gevolg van hoë vektordruk, feitlik 100% simptomatiese plante met feitlik totale opbrengsverliese tot gevolg gehad het.

Opbrengsverliese wissel met die tyd van infeksie en kultivarweerstand, met die grootste vermindering van graanopbrengs in plante wat op 'n vroeë stadium besmet is. Opbrengsverliese in mielies as gevolg van MSV hou direk verband met die tyd van infeksie. Besmette saailinge sterf af en gee geen opbrengs nie. Plante wat by die twee-, vier-, ses-, agt- en 10-blaarstadium besmet word, toon

Mieliestreepvirus (MSV)

opbrengsverliese van ongeveer 55%, 45%, 40%, 33% en 25% onderskeidelik.

Wat maak MSV anders as baie van die meer algemene mieliesiektes?

Wat MSV onderskei van ander siektes is die feit dat die siekte nie bloot net deur 'n siekteveroorsoekende organisme – in die geval die mieliestreepvirus – veroorsaak word nie maar dat daar 'n vektor, (die bladspringer *Cicadulina mbila*) betrokke is. Die vektor tree as die tussenganger op om die virus oor te dra. Die infeksie vind plaas tydens die voedingsproses op die mielieplant. Die virus kan op geen ander manier as deur die vektor oorgedra word nie. Die infeksie kan nie deur saadoordraging, stuifmeel, meganiese kontak, en ander insekte plaasvind nie. Daar is ook 'n spesiale verwantskap tussen die virus en die bladspringer.

Hoe werk die verwantskap tussen virus en vektor?

Die enigste natuurlike wyse van oordrag is deur middel van bladspringers. Die vektor verkry die virus in so min as 15 sekondes nadat dit die mesofil van 'n besmette blaar gepenetreer het. Na 'n latente periode van ses tot 12 uur kan dit die virus oordra na mielies binne 'n vyf minute voedingsperiode, die tyd wat dit vir die insek se stilet neem om die floëem (vaatweefsel) van 'n mielieblaar te bereik. Die latente periode verteenwoordig die tyd wat die virus benodig om van die insek se maag deur die hemoseel* tot in die speekselkliere te beweeg, waar dit eers beskikbaar is vir oordraging. Die lengte van hierdie tydperk is afhanklik van temperatuur en kan ses tot 12 ure by 30 °C of 85 uur by 16 °C duur. Sodra die vektor die virus eenkeer opgeneem het, kan hy dit lewenslank oordra. MSV kan deur al vyf nimfale instar stadia van *C.mbila* verkry en oorgedra word en behou die virus selfs na vervelling. Dit vermeerder egter nie as sodanig in die vektor nie. Die virus kan nie oorgedra word na die volgende generasie insekte deur die eiers nie. Die viruskonsentrasie in die plant, die lengte van die voedingsperiode, en die tydsduur van inokulasie beïnvloed die frekwensie van oordrag en volharding van MSV in die insekte.

**Die hemoseel is die belangrikste liggaamsholte van ongewerweldes, soos insekte. Insekte besit nie 'n bloedvatstelsel soos dié in soogdiere nie. In plaas daarvan het insekte 'n holte wat vol insektebloed (bekend as hemolimf) is en die organe van die insekte kom hier in suspensie voor. Dit beteken dat die organe nie 'n spesifieke bloedvoorraad het nie maar bloed en voedingstowwe ontvang soos die bloed rondom die organe “spoel”.*

Watter toestande bevorder die ontwikkeling van siekte en verspreiding van vektore?

MSV-epidemies is meer intens in tropiese gebiede. Virusverspreiding tussen gewasse word bevorder deur opeenvolgende verbouing van gashere en die teenwoordigheid van wilde grasse, wat dien as reservoirs van beide virus en vektore, die wye verskeidenheid plantspesies waarop bladspringers voed en die vermoë van die vektore om MSV aanhoudend oor te dra. Insekte kan ook oor

aansienlike afstande migreer. In 'n warm, nat seisoen ontwikkel *C. mbila* 'n lang liggaamsvorm en hierdie morf vlieg minder as 10 meter, en slegs geïsoleerde kolle van die siekte ontwikkel. Sodra mielies egter volwassenheid bereik en onder droër toestande, wanneer die voedselbron van die vektor begin verdroog, ontwikkel die sterker, vlieënde, kort lyfvorm van *C. mbila*. Uitgebreide migrasie na jonger aanplantings en besproeiingsgewasse vind dan plaas oor groot afstande en lei tot wydverspreide misoeste.

Die epidemiologie van die siekte hang byna geheel en al af van die bewegings van die bladspringers wat voed en vermeerder op die meeste groot graangewasse, eenjarige grasse, meerjarige grasse, weidings en natuurlike grasveld. Gras-gemini-virusse het oor die algemeen wye en dikwels oorvleuelende gasheerreeks. In Suider-Afrika is streepsiekte al in wilde en aangeplante grasspesies aangeteken. Hoewel bladspringers se digtheid laag is in natuurlike grasveld, dien hierdie gebiede as 'n groot bron van insekte. Daar kan vyf tot nege geslagte van bladspringers ontwikkel per jaar, afhangende van die temperatuur en reënval. Meer eiers word gelê by hoër temperature en gedurende die reënseisoen of onder besproeiingstoestande. Die belangrikste vlugtydperk is aan die einde van die reënseisoen, of tydens blomstadia van graangewasse.

Grane en jong eenjarige gewasse word hoofsaaklik deur vroulike insekte gekoloniseer en meeste van die MSV-infeksies binne die gewas word toegeskryf aan hierdie immigrante. Nageslag van hierdie insekte word gewoonlik nie belangrik geag in die sekondêre verspreiding binne die aanplanting nie, maar is belangrik as bronne van inokulum vir nabygeleë aanplantings, veral as daar 'n opeenvolging van besproeiingsmielies plaasvind.

Waarop berus die beheer van MSV?

Soos met die meeste plantsiektes is daar gewoonlik nie 'n enkele oplossing (“silver bullet”) wat 'n waarborg sal wees teen geen siekte nie. In die geval van MSV is dit selfs nog meer kompleks omdat die beheer daarvan toegespits moet word op die virus en die bladspringer. Die uiteindelijke beheerstrategie is daarop gemik om te voorkom dat die bladspringer lank genoeg en op die kritieke stadium van die mielieplant voed om die virus te kan oordra. Al het 'n mieliebaster dus 'n mate van toleransie, moet die getalle van die bladspringer steeds so laag as moontlik gehou word aangesien die beste pogings om die siekte te verdra nie voldoende sal wees as die druk swaar is, en die plant uiteindelik bloot ingee nie.

Risikobestuur berus dus op 'n kombinasie van maatreëls.

1. Bestuurspraktyke

- Plantdatum** en **wisselbou** kan die voorkoms van MSV verminder.
- Onkruidbeheer** om bron van vektore te verminder
- 'n Verhoogde **kunsmistoediening** kan ook MSV-verliese verminder.

2. **Weerstand** is veral effektief en meer sigbaar in basters wat geteel en ontwikkel is in areas waar die siekte endemies voorkom

3. **Chemiese beheer**

Kan mens die bladspringergetalle laag hou?

Tot 'n mate, maar dis geen maklike taak nie. Natuurlik speel iets soos goeie onkruidbeheer 'n groot rol aangesien die bladspringers op grasse, bosse en ander onkruid kan oorleef. Sodra daar dan geïsoleerde mielies in die omgewing is wat jonk en kwesbaar is, sal die bladspringers bloot daarheen migreer en konsentreer waar dit groot skade sal veroorsaak. In die geval van matige winters oorleef baie van die bladspringers en is die druk net soveel groter in die nuwe seisoen. In besproeiingsareas is daar ook heelwat ander gewasse wat as 'n groen brug kan dien om die bladspringers dwarsdeur die jaar aan die gang te hou (byvoorbeeld lusern, koring, ensovoorts). Weereens, sodra die koring, en dus die bron van voeding vir die bladspringers, verwyder word, soek dit na nuwe voedingsbronne en beweeg die bladspringers net daarvandaan na die jong mielies toe.

Is daar Suid-Afrikaanse basters wat bestand is teen MSV?

Daar is feitlik geen mieliebasters in die kommersiële mark wat voldoende weerstand het om die virus totaal en al te beheer nie. In gevalle waar boere meen dat die baster meer bestand is as 'n ander reg langsaan is dit waarskynlik eerder 'n geval van siekte-ontsnapping. Die plantdatum en die groeiklas van die betrokke baster bepaal tot 'n groot mate of die bladspringer op 'n sekere aanplanting voed en 'n ander een vermy. MSV is 'n virus wat uniek is aan die Afrikakontinent. Hoewel van die plaaslik geteelde Afrika-mieliebasters in sommige gevalle oor 'n mate van toleransie beskik – met ander woorde dit kan die siekte verdra – en hoewel daar steeds koppe vorm al kom daar simptome op die plant voor, spring die plante egter nooit die siekte heeltemal vry nie.

Hoekom is daar mieliebasters op die mark wat so baie vatbaar is vir MSV en wat is die rede dat ons meer MSV in die kort groeiers sien?

Opbrengs en siekteweerstand is in meeste gewasse negatief gekorreleerd. Boere streef gedurig na hoër opbrengste of sekere groeiklasbasters wat dit moontlik maak om dit in sekere areas te kan plant, teen hoër plantpopulasies. Basters uit die vinniger groeiklasse maak ook aanplantings van opvolggewasse makliker. Hierdie tipe mieliebasters maak dit ook moontlik dat die plantperiode oor 'n langer tyd kan strek en daar dikwels 'n opeenvolging van jong plante is wat kwesbaar is.

Van die basters in die vinniger groeiklas blyk dus meer vatbaar vir MSV te wees. Hierdie basters is geteel met hoë opbrengspotensiaal en eienskappe soos om staanvermoë te handhaaf onder hoë plantestand. Die agtergrond van die basters is veral “cornbelt”-

materiaal wat in die VSA geteel is om in 'n kort groeiseisoen, voor dit sneeu, stroopgereed te wees. So, in daardie opsig het die genetiese plantmateriaal en die virus nooit saam ontwikkel nie (onthou, die virus kom net in Afrika en nie in die VSA nie voor), en het daar nie 'n natuurlike seleksie vir toleransie oor baie jare in die materiaal plaasgevind nie. 'n Konsentrasie van hierdie tipe mieliebasters in 'n gebied sal ook natuurlik dan bydra tot die opbou van siekte en ideale epidemiese toestande.

Speel die toestande waaronder die vinnige mieliebasters verbou word 'n rol in die voorkoms van MSV?

Ja, hierdie basters word gewoonlik in sekere areas onder besproeiing geplant wat ideale toestande skep vir die oorlewing van die bladspringer en geskikte toestande skep vir gashere waarop die virus en insekte kan oorleef. Die hoë temperature in die besproeiingsgebiede en die mikroklimaat wat die besproeiing skep, is ook ideaal vir die bladspringers en siekteontwikkeling.

Is die chemiese beheer daarvan dan anders as ander mieliesiektes?

Meeste van die algemene mieliesiektes word deur swamme veroorsaak en hierdie siektes kan tot 'n mindere of meerdere mate bestuur of beheer word met geregistreerde swamdoders (bespuiting of saadbehandeling). MSV is egter anders en is daar géén chemiese produk wat die virus op sigself kan beheer nie. Die chemiese beheerstrategie berus dus op insekdoders wat die bladspringer verhoed om te voed en die siekte oor te dra. Dit maak in alle opsigte die beheer van siekte nie net baie anders nie, maar ook meer kompleks. Hierdie beheerstrategie moet poog om die piekperiode van migrasie te dek wanneer gewasse jonk is en die risiko groot is.

Watter produkte beheer die bladspringer?

Die vektor kan deur die toediening van sistemiese insekdoders soos carbofuran (bv. Curaterr) in die plantvoor tydens aanplanting van mielies beheer word. In Suid-Afrika is daar 'n paar saadbehandelingsregistrasies effektief teen die bladspringers. Dit sluit gewoonlik verhoogde dosisse van produkte soos imidchlorpid (bv. Gaucho), thiamethoxam (bv. Cruiser) en clothianidin (bv. Poncho) in.

Daar moet in gedagte gehou word dat saadbehandeling steeds net een van die gereedskapstukke in die bestuur van MSV is. Daar kan nie alleenlik hierop staatgemaak word om volkome beskerming in uitermatige hoë siekte- en vektordruk te verkry nie. Onder hierdie abnormale toestande moet 'n kombinasie van bestuurspraktyke gevolg word en is daar soos in enige boerderyrisiko geen absolute waarborg wat deur een oplossing gebied kan word nie.



So veelsydig en aanpasbaar as wat jou behoefte vereis

Voergewasse waarop jy kan staatmaak
Voer met hoë drakrag en smaaklikheid
vir volgehoue diereproduksie.

LUSERN

- Dormansieklasse 7 tot 9, weiding en hooitipes

INTENSIEWE GRASSE EN MENGSELS

- Langswenkgras
- Eenjarige Raaigras
- Kropaargras • Klawers
- Meerjarige Raaigras • Kikoejoe

DROËLAND WINTER- GEWASSE

- Hawer
- Korog
- Stoelrog
- Japannese Radys

EENJARIGE SUBTROPIESE GEWASSE

- Voersorghums
- Basterbabala
- Tef

MEERJARIGE SUBTROPIESE GEWASSE

- Oulandsgras • Rhodesgras
- Smutsvingergras
- Witbuffelgras
- Bloubuffelgras



ULTRAMODERNE
NAVORSING EN
ONTWIKKELINGSTEGNOLOGIE



GEWASVOORSORG



PREISIE-
BEPLANNING



GEWASBESKERMINGS-
BESTUURSPRAKTYKE

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za



PANNAR®

Saam boer ons
vir die toekoms™

SWAEL: DIE VIERDE GROOT PLANTVOEDINGSELEMENT

Die landbou is waar alles 62 jaar gelede vir Omnia begin het toe Doc Winkler en Willie Marais 'n klein kalkonderneming, gebaseer op 'n kultuur van hegte gesinsbande, op die been gebring het. Hierdie kultuur verseker steeds dat mense op grond van hul onwrikbare verbintenis tot mekaar, hul kliënte en die maatskappy aangestel word.

Omnia se noue verhouding met sy kliënte is die grondslag van sy sukses en vorm die kanaal waardeur kliënte se behoeftes onder die vergrootglas kom. Omnia is werklik betrokke op die plaas ten einde die doelwitte en ambisies van die kliënt te verstaan, sowel as wat gedoen kan word om dit te verwesenlik. Ons verwys daarna as "voete op die plaas".

Omnia se sakefilosofie behels gevolglik die "wetenskap vir groei", of te wel "Nutrilogie®", wat veel meer as net die verkoop van kunsmis aan boere behels. Dit is 'n alles-omvattende model van belegging, verhoudings, vennootskappe, navorsing, gehalte produkte en dienste, sowel as 'n onwrikbare verbintenis tot die landbou.


Dit beteken dat Omnia nie net by die voorsiening van kunsmisbehoefte betrokke is nie, maar ook by enige ander kritiese aspek van boerdery wat opbrengste, risiko en omgewingsimpak raak. Ons Strategiese Landboukundige Dienste-departement ontwikkel voortdurend maniere om voedingstof- en waterverbruiksdoeltreffendheid te verbeter, asook die kwantifisering van risiko's vir verbeterde besluitneming, tot voordeel van ons kliënte. Daarom het Omnia onlangs sewe boeredae regoor die land gehou ten einde ons navorsing en kundigheid aangaande die belangrikheid van swael as deel van gebalanseerde plantvoeding met kliënte te deel.

Die wêreld gebruik ongeveer 55 miljoen ton swael in kunsmisvervaardiging (International Fertilizer Industry Association (IFA), 2015). Ongelukkig beland slegs 10 miljoen ton daarvan in landbougrond (The Sulphur Institute, 2010). Drie-en-negentig persent swael word as swaelzuur gebruik, meestal in die vervaardiging van fosfaatkunsmis, wat dan uiteindelik op gipshope beland. Daar was tot en met 2010 'n bestendige afname in swaelverbruik vir landboukundige doeleindes, maar sedertdien het die wêreldverbruik toegeneem. As die huidige gewasbehoefte aan swael bereken word, wil dit voorkom of daar 'n wêreldwye behoefte van omtrent 25 miljoen ton swael as plantvoedingselement bestaan. Ongelukkig lyk dit, op grond van huidige tendense, asof daar in werklikheid 12.2 miljoen ton minder swael as kunsmis toegedien word (The Sulphur Institute, 2015). Wat nog meer ontstellend is, is dat die gebruik van swael in kunsmis in Suid-Afrika sedert 2008 amper gehalveer het, terwyl verbruik in die res van die wêreld met 14% toegeneem het.

Sonder die swaelbevattende aminosure sisteïen en metionien, asook ander organiese verbindings sal daar geen lewe wees soos ons dit ken nie. Dit speel 'n groot en noodsaaklike rol as plantvoedingselement en word dikwels as die vierde makro-element na stikstof, fosfor en kalium beskou weens die uiterste belangrikheid daarvan in plantfisiologie en -metabolisme. Trouens, in die mielie- en sojaboonproduserende gebiede van die VSA word swael as die derde grootste beperkende plantvoedingselement na stikstof en fosfor beskou.

Die uiterste belangrikheid van swael as plantvoedingstof word tans selfs meer beklemtoon as gevolg van die volgende drie faktore:

1. Die klem op omgewingsbeskerming, veral met betrekking tot die vrystelling van swaelgasse vanaf steenkoolaangedrewe aanlegte, het veral in Europa omvattend verskerp. Die probleem is sedert die vroeë 1980's drasties aangespreek. Moderne lugsuiweraars verwyder nou sodanige gasse hoogs doeltreffend. Steenkoolaangedrewe kragstasies het in die verlede swael oor landbougrond versprei, maar het ook ernstige besoedeling in die vorm van swaelzuur veroorsaak, wat swael die bynaam "geel gif" laat kry het.
2. Die aanvraag na swael het eksponensieel gegroei as gevolg van hoër opbrengste wat per eenheid landbougrond verwyder word. Vooruitgang in genetiese materiaal en moderne verbouingsmetodes het tot hierdie verskynsel bygedra.
3. Die kunsmisbedryf het, weens verskeie redes, na hoogs gekonsentreerde kunsmisprodukte beweeg wat min of geen swael bevat nie. Klassieke lae-konsentrasie produkte soos superfosfaat is skaars in die wêreldmarkte.



Voortspruitend uit bostaande, besef Omnia Nutrilogie® die belangrikheid van hierdie plantvoedingselement, nie slegs vir gewasproduksie nie, maar ook vir die voeding van mens en dier. Om bewustheid aangaande die belangrikheid van swael in die korrekte beskikbare vorm binne 'n gebalanseerde bemestingsprogram te skep, is die genoemde prestige boeredae regoor die land geloods. Dr Elke Bloem, 'n plantvoedingstofs spesialis met betrekking tot swael, van 'n vooraanstaande navorsingsinstituut in Duitsland, was die gasspreker.

Verskeie onderwerpe wat gewissel het van swael se rol in oesopbrengs en -gehalte tot die bevordering van stikstofverbruiksdoeltreffendheid is behandel, asook die rol wat swael in die stryd teen gewassiektes speel.

Omnia Nutrilogie® vervaardig swaelverrykte produkte deur middel van sy chemiese verkorrelingsproses, asook vloeibare kunsmis wat aansienlike hoeveelhede swael bevat. Dit is belangrik om daarop te let dat die swael in hierdie produkte onmiddellik in sulfaatvorm beskikbaar is. Die agronomiese doeltreffendheid van hierdie produkte is deur Dr Koos Bornman van Omnia Kunsmis, met die boere bespreek.



DIE REGTE KEUSE MAAK SAAK



KIES OMNIA SE CHEMIES-VERKORRELDE KUNSMIS

DIT MAAK NET SIN

ELKE KORREL BEVAT DIESELFDE PLANTVOEDING



 **omnia**
NUTRIOLOGY • NUTRILOGIE*

**the science of growing • wetenskap vir groei*

Kontak ons 011 709 8778 / 011 709 8916 of jou plaaslike Omnia landboukundige - besoek www.fertilizer.co.za
Omnia Kunsmis, Posbus 69888, Bryanston, 2021 Reg No: 2006/013996/07

Hoe ignoreer mens hierdie **onstuitbare indringer?**

Bankrotbos of slangbos (*Seriphium plumosum*, voorheen bekend as *Stoebe vulgaris*) is 'n indringerplant wat 'n goeie houvas ook op weidings in VKB se gebied gekry het en dit lyk asof die probleem langamerhand net al erger word. Die indringing het geen einde nie en Figuur 1 toon waarheen die veld op pad is as *Seriphium plumosum* eers 'n houvas gekry het. Dit is duidelik dat die weiding naderhand byna 100 persent uitgedruk word.



Figuur 1. Die bankrotbos op die voorgrond staan vol in die saad en in die agtergrond is daar nie meer weiding oor tussen die bankrotbosruigte nie.

Volgens 'n nasionale opname onder boere (Avenant 2015) het 32,88% van die respondente se weiding 'n bankrotbosblaardakdigtheid van 25% gehad. Die erns van die probleem kom na vore uit die feit dat 44,61% van die weiding uit 50% bankrotbos bestaan en 20,81% van die weiding in die opnamegebied bestaan uit 75% bankrotbos. Die verslag van Avenant (2015) gee 'n goeie beskrywing en agtergrond van die probleem asook metodes wat boere inspan om beheer te probeer uitoefen. Vir volledigheid kan die verslag op die internet by <http://www.agrisa.co.za/wp-content/uploads/2015/03/Bankrupt-Bush-Final-Report-2015-P-Avenant.pdf> afgelaai word. Spasie vir hierdie artikel laat nie toe om meer volledig te wees nie.

Prof. Hennie Snyman van die Universiteit van die Vrystaat het ook baie jare se studie oor bankrotbos gedoen en het die hele dinamika daarvan goed ontrafel (Snyman, 2012 a). Avenant (2015) se opname het egter inligting aan die lig gebring wat nie voorheen algemeen aanvaar is nie. Daar is

byvoorbeeld voorheen geglo dat bankrotbos net op goedgedreineerde sand- en leemgronde voorkom. Die nasionale opname het egter getoon dat 15% van die bankrotbosverdigting op kleigrond voorkom en daar is onrusbarende voorbeelde dat selfs vleilande as habitat benut word.

Volgens Snyman (2009) kan 10 000 plante per ha die drakrag of produksie van weiding met 70-80% laat afneem. Ontkieming en verspreiding is besonder effektief en volgens Snyman (2009) se ontkiemingstudies is die potensiaal daar dat een bankrotbos 434 lewenskragtige saailinge kan maak. Dit verteenwoordig 'n enorme 4 340 000 kiemlinge per ha as daar gemiddeld 10 000 bosse per ha voorkom. Die sade is nie almal ewe kiemkragtig nie en daar is ook 'n narypingsperiode nodig voordat ontkieming sal plaasvind. Indien onkruidodders gebruik sou word, moet dit verkieslik 'n lang nawerking hê om sowel die moederplante as die saad wat oor tyd nog gaan ontkiem, te beheer. As daar nie nawerking is nie, moet daar tot drie jaar na mekaar beheer uitgeoefen word om ontkieming van sade wat die vorige beheer vrygespring het, te beheer.

BEHEER

Beweiding

Baie boere dink dat veld met bankrotbos onttrek moet word aan beweiding. Dit is as gevolg van die mite dat swak veld verantwoordelik is vir bankrotbosindringing en dat geruste veld die bankrotbos sal uitdruk. Dit is egter nie so nie. Beweiding moet voortgaan al is bankrotbos onsmaklik en nie van veel veekundige nut nie. Vee vermy dit as hulle kan. Honger diere teen hoëdrubbeweiding sal egter bankrotbos vreet en daar is ook 'n neiging dat jonger plante eerder gevreet sal word as ouer plante. Ontblaring/beweiding van die bankrotbos hou dit wel terug en die trapeffek kan selfs die oorlewing van jong ontkiemende plantjies benadeel. Volgens Avenant (2015) gebruik 22% van sy opnamerespondente vee saam met hul program om bankrotbos te beheer. Dit moet beklemtoon word dat bankrotbos nie gesien moet word as 'n voedingsvervanging van grasweiding wat uitgedruk is nie en dat vee dit ook nie noodwendig beheer nie. Die veekomponent help net dat bankrotbos nie vinniger verdig nie. As daar nie vee is nie, is daar soveel meer beskerming vir saailinge om gevestig te raak (Avenant, 2015) en die probleem vererger dan soveel vinniger.

Meganies

Volgens Avenant (2015) gebruik 35% van boere wat beheer uitoefen, meganiese beheer. Dit behels die uitkap van bankrotbosse of die gebruik van 'n bossiekapper. Wanneer uitkap gedoen word, moet in ag geneem word dat 'n bospik eerder as 'n skoffelpik gebruik word. Die skoffelpik kap nie diep genoeg nie en knope op die ondergrondse stam gee maklik aanleiding tot hergroei, soos in Figuur 2 getoon word.

Boere moet dus nie gerus wees dat hul hande- en vervoeraksies die gewenste vrugte afwerp nie. Tyd en geld kan gemors word as bankrotbos nie diep genoeg uitgekapt word nie. Daar moet ook kennis geneem word dat sade met die hantering van die uitgekapte bosse versprei. Indien moontlik moet dit dus eerder op 'n vervoer word as om dit te sleep.

Bossiekappers word ook soms gebruik, maar vanselfsprekend sal die eindresultaat nie die vernietiging van hierdie meerjarige bos veroorsaak nie. Daar is wel waarde in 'n bossiekapper se aksie omdat hergroei gestimuleer word as die ou houtagtige plant platgesny word. Hergroei maak die plant meer kwesbaar vir beweiding of chemiese beheer.



Figuur 2. Dit lyk asof die bankrotbos goed uitgeskoffel is (bo) maar dan begin die ondergrondse knope (onder) na 'n tyd hergroei toon (volgens Avenant, 2015).

Vuur

Du Toit, Cronje en Trollope (2013) het waargeneem hoe vee jong bankrotbos beweide en stel voor dat vuur in 'n beheerprogram ingesluit word om ou stokkerige slangbos te verwyder en die jong hergroei met vee te benut sodat die bankrotbosgroeitempo laer kan wees. Vuur as sulks is egter nie genoeg om slangbos uit te roei nie. Die wortelverhouding tot bogrondgroeï neem geweldig toe sodra die plant volwasse is (Snyman 2012 b). Dit beteken dat die wortels onverpoos bly groei al het die bogroei begin afneem en hoe meer wortels daar relatief tot die res van die plant is, hoe sterker is die oorlewingsvermoë van 'n plant. Figuur 3 toon hoe bankrotbos letterlik uit die as herry's as die bogroei vernietig is deur vuur.

Volgens Avenant (2015) het 19% van die boererespondente gesê dat hulle vuur gebruik het in 'n poging om bankrotbos te beheer. 'n Lente- of vroeë somerbrand is beter as winterbrand maar is nie altyd prakties nie en is riskant vir die omgewing. Vuur het nie net hergroei tot gevolg nie maar ook 'n ontkiemingsontploffing van saad. Dit is nie noodwendig 'n nadeel nie maar kan voordelig wees omdat die dormante saad tot ontkieming gestimuleer word. Sodanig word dit dan saam met hergroei deur maatreëls soos swaar beweiding of chemiese beheer. Die bankrotbosprobleem sal vanselfsprekend vererger as vuur alleen as beheermaatreël gebruik sou word.



Figuur 3. Slangbos loop weer uit na 'n vuur (volgens Avenant, 2015).

Chemies

Die chemiese beheermiddels wat die algemeenste deur boere vir bankrotbosbeheer gebruik word, word in Tabel 1 opgesom. Tebuthiuron en Metsulfuron-methyl is die tradisionele geregistreerde middels vir bankrotbosbeheer. Daar moet op gelet word dat die lys in Tabel 1 nie volledig en verteenwoordigend is vir alle middels wat die bepaalde aktiewe bestanddele bevat nie. Dit word ook nie aanbeveel dat almal gebruik kan word nie. 'n Chemiese onkruidoderspialis moet geraadpleeg word.

Metsulfuron-methyl is 'n breëblaardoder wat ook sekere grasse dood maak. Dit word op aktief groeiende blare toegedien vir opname. Daar is dus nie nawerking nie. Opvolgbeheer moet vir minstens drie jaar toegepas word om hergroei en nuwe ontkieming te beheer. Ou houtagtige plante sal nie die doders baie effektief opneem nie en dit is hier waar vuur of meganiese maatreëls voordelig gebruik

kan word om jong hergroei te stimuleer sodat dit chemies beheer kan word.

Tebuthiuron is 'n nie-selektiewe breëspektrumdoder wat in die wortelsone toegedien moet word. Die voordeel daarvan is dat nawerkingbeheer tot drie jaar duur. Die nadeel is die moontlikheid van oordosering en kaal kolle wat in die veld ontstaan wat die erosiegevaar laat toeneem. Kol-behandeling kan gedoen word as daar minder as 4 000 plante per ha voorkom maar daarna moet breedwerpige beheer oorweeg word.

Tabel 1. Chemiese middels wat vir bankrotbosbeheer gebruik is en die persentasie van Avenant (2015) se respondente wat aangedui het dat hulle dit gebruik.

AKTIEWE BESTANDDEEL	HANDEL-SNAAM	PERSENTASIE
Metsulfuron-methyl	Romex	8,25%
	Climax	17,75%
	Brush-off	31,81%
Tebuthiuron	Molopo	28,30%
	Limpopo	2,81%
	Grazer	0,18%
2,4 D Ester	2,4 D Ester	4,57%
Tebuthiuron x Bromacil	Bushwacker	0,18%
Glyphosate	Round-up	2,11%
Natriumchloried	Veesout	2,99%

Die effek van ongeregistreerde onkruidodders op ander plantegroei en die omgewing is gewoonlik nie bekend nie en daarom kan dit nie aanbeveel word nie. Daar is wel 'n magdom chemiese komponente wat giftig is vir plante. Snyman (2012 b) het die sensitiwiteit van bankrotbos vir veranderde grondchemie bestudeer en gevind dat selfs veesout en stikstofkunsmis bankrotbos kan doodmaak as dit teen sekere peile en op bepaalde groeistadiums toegedien word. Die algemeen verbrakkende effek van veesout op die grond is egter baie nadelig en die gebruik daarvan word nie aanbeveel nie. Verbrakking behoort egter nie onder die hoë reëvaltoestande van die Oostelike Vrystaat 'n probleem te wees nie, maar die onbekende effek van loging veroorsaak steeds dat die gebruik van sout nie aanbeveel kan word nie.

Hoewel bankrotbosbeheer duur en tydrowend mag wees, kan dit tog winsgewend wees om dit te beheer. Joubert (2012) het berig oor 'n boer van Vrededorp wat saam met Chris Richter van Terracare Vegetation Consultants ('n spesialisfirma van Bainsvlei, Bloemfontein) 'n chemiese program uitgewerk het om bankrotbos te bestry. Die plaas het bestaan uit 365 ha waar Molopo 200 GG met 'n vliegtuig toegedien is. Die koste was R200 000 maar die drakrag is onmiddellik verdubbel vanaf 35 tot 70 beeste per ha. Op daardie stadium is bereken dat 25 meer kalwers per jaar bemark sou kon word met 'n ekstra jaarlikse netto wins van R70 000. As die grondwaarde-vermeerdering

daarby gevoeg word, kan afgelei word dat die oefening gou selfbetalend kan wees.

Opsommend kan gesê word dat bankrotbos 'n bedreiging vir landbougrond is wat nie gering geskat moet word nie. Grondwaardes word bedreig omdat bankrotbosverdigting die veld heeltemal nutteloos kan maak en verder neem die produktiwiteit en winsgewende gebruik van die veldweiding af. Daar is in die verlede wekroepes gewees dat die regering betrokke moet raak by die bestryding van bankrotbos maar dit gaan nie sommer gebeur nie.

Boere gebruik reeds verskillende benaderings of maatreëls op eie koste met wisselende welslae om die bankrotbosprobleem aan te spreek. Die belangrikste is dat winsgewendheid wel herstel kan word as beheer uitgeoefen word, maar dit moet besef word dat die probleem seker nooit ten volle opgelos sal word nie, daarom moet dit op 'n aaneenlopende basis bestuur word.

Dit skyn dat 'n geïntegreerde benadering gebruik behoort te word waar daar plek is vir biologiese beheer (vuur en beweiding) asook meganiese- en chemiese beheer. Daar moet gewaak word teen gerustheid as beheermaatreël begin word, want elkeen van die metodes het op sy eie nadelige aspekte wat die oefening waardeloos kan maak as dit nie reg aangepak word nie. Die probleem kan trouens vererger word as beheermaatreëls nie reg aangepak word nie.

Laastens moet beklemtoon word dat dit noodsaaklik is om 'n chemiese onkruidbeheerverteenwoordiger of ander onkruidspesialis te nader om raad te kry oor geregistreerde middels, die korrekte konsentrasies en dosisse daarvan asook die korrekte tyd en metode van toediening. Sinvolle beheerprogramme kan op die kort- en medium termyn selfbetalend wees.

BRONNELYS

Avenant, P., 2015. Report On The National Bankrupt Bush (*Seriphium plumosum*) survey (2010-2012). Department of Agriculture, Forestry and Fisheries, Republic of South Africa.

Du Toit, J.C.O., Cronje, B.B. & Trollope, W.S.W., 2013. Towards Low Input Control of Slangbos (*Seriphium plumosum*) – Quality and Grazing Interaction Hypothesis. Grootfontein Agric. 13 (1).

Joubert, Annemarie, 2012. Dit betaal om bankrotbos uit te roei. Pro agri. 144.

Snyman, H. A., 2009. Germination Potential of *Seriphium plumosum* (bankrupt bush, slangbos or vaalbos). Grassroots: Newsletter of the Grassland Society of Southern Africa, 9 (1).

Snyman, H.A., 2012 a. Habitat Preferences of The Encroacher Shrub *Seriphium Plumosum*. S. A. Jnl. Of Botany 81 (34).

Snyman, H. A., 2012 b. Soil Control Measures For The Encroacher Shrub *Seriphium plumosum*. S. A. Jnl. of Plant & Soil. 29 (3 & 4).

Raak NOU ontslae van miere in en om die huis!



Buite

Nip-it Ant Control

- Maklike toediening, geen vermorsing, geen vermenging, geen nat sproei
- Topgehalte Suid-Afrikaanse produk teen 'n verlaagde prys
- 99% natuurlike bestanddele
- Baie lae toksisiteit vir diere en mense
- Geen prominente reuk, neutrale kleur
- Klein korrel, enige grootte mier kan dit optel
- Onnodig om nes oop te maak of normale mieraktiwiteit te versteur
- Wis hele kolonie uit, stadige vrystelling van aktiewe bestanddeel stel al die miere in die nes in staat om dit op te neem, insluitende die koningin

Binne en Buite

Knox Ant en Alphathrin

- Waarde-vir-geld konsentraat
- Beheer verskeie huishoudelike insekte
- Sterker konsentrasie
- Langdurige werking
- Vlekloos
- Reukloos



Handige wenk:

- Buffer water met Protek AllBuff
- Voeg plaagmiddel by spuitwater
- Voeg Protek Sprayfilm 10 by (verspreider, plakker en UV-beskerming)
- Behandel

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

www.proteksa.co.za

Insekdoders	Onkruidodders	Swamdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Knox Ant: Aktiewe bestanddeel: Diazinon 240 g/l, Registrasienumer: L7175, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid Afrika (Edms) Bpk. Mpy. Reg. Nr. 2009/019713/07.
Alphathrin: Aktiewe bestanddeel: Alpha-cypermethrin (Pyrethroid) 100 g/l, Registrasienumer: L7850, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid Afrika (Edms) Bpk. Mpy. Reg. Nr. 2009/019713/07. **Nip-It:** Aktiewe bestanddeel: Hydramethylnon, Registrasienumer: L8579, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Prinswer Manufacturing (Edms) Bpk. **AllBuff:** organiese buffersisteen en gealkileerde fenotilteenoksidkondensaas, 484,7 g/l, L6154, VERSIGTIG **Sprayfilm 10:** terpeen polimeer, 902,4 g/l, L7120, VERSIGTIG Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk, reg no: 2009/019713/07/Versprei deur: Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, www.proteksa.co.za



Vir jou Huis en Tuin!

Belê in die toekoms ... plant 'n boom

Boomplantweek word jaarliks die eerste week in September gevier. Maar dis altyd die regte tyd om 'n boom te plant want so laat jy iets na vir die generasies wat na jou kom en belê in die omgewing en in die toekoms. Moet dus nie langer uitstel nie, plant vandag 'n boom.

Linda Maritz van Rocking Horse Kwekery naby Bela Bela beveel drie bome aan om aan te plant: wildeperske, huilboerboon en koraal, hoewel enige inheemse boom 'n aanwinst in jou tuin of op jou plaas sal wees (mits dit natuurlik in jou omgewing aard.)

Die Dendrologiese Vereniging se leuse is: "*Arborum silvarumque conservatio salus mundi est*", of as dit letterlik vertaal word: "Die bewaring van bome en woude is die redding van die wêreld". Red die wêreld vandag nog!

Wildeperske (*Kiggelaria africana*)

Die Tembu-mense glo dat weerlig aangetrek word as jy aan dié boom raak. Die Suid-Sotho glo weer dat die doepa wat hulle van hom maak, hulle krale teen weerlig sal beskerm. Die Voortrekkers het nie dié staaltjies geken nie, en het die speke van hulle wawiele van hom gemaak.

Die wildeperske se hout is hard genoeg om as dakbalke en plankvloere te gebruik. Dié is een van die min bome wie se blare glad nie deur vee of wild gevreet word nie. Sy blare bevat hidrosiaansuur (blousuur of pruisiensuur). Tog is dit juis dié suur wat die larwes van skoenlappers na hom toe lok. Verskeie larwes vreet die boom elke jaar kaal as deel van 'n natuurlike siklus wat die boom help om nuwe blare te vorm.

Die wildeperske is nie verwant aan die bekende 'mak'

perske, *Prunus persica*, nie hoewel die grys-groen blare amper dieselfde lyk. Van nader beskou is die blare egter dikker en stywer, en harig aan die onderkante. 'n Wildeperske word gewoonlik vier tot 10 meter hoog, maar kan tot 20 meter bereik. Hy is immergroen en dra sy klein, geelgroen klokvormige blommetjies van Augustus tot Januarie. Die manlike en vroulike blomme word aan verskillende bome gedra. Jy weet jy het 'n manlike boom as die blommetjies in trosse van drie tot sewe blomme in 'n blaaroksel gedra word. Die vroulike blomme word elk apart in 'n blaaroksel gedra.

Die harde en knobbelrige ronde geelgroen kapsules vorm van Februarie tot Julie en skiet oop om vier of vyf kompartemente te ontbloot. Die piepklein swart saadjies is in 'n taai, olierige helder oranjerooi omhulsel. Verskeie voëlsoorte word deur dié kleurvolle vrugte gelok.

Die wildeperske is 'n geharde boom wat rypbestand is en gemaklik met temperature van -2°C tot 36°C is. Hy verkies vol son, maar kan skadu hanteer, en het nie baie water nodig nie. Die boom het nie 'n aggressiewe wortelstelsel nie, groei vinnig en begin reeds na twee jaar blom.

Huilboerboon (*Schotia brachypetala*)

Die huilboerboon kry sy naam omdat dit lyk asof hy huil terwyl oordadige hoeveelhede nektar uit sy blomme drup. Die 'boerboon' deel van sy naam is afgelei van die boonvormige sade wat deur die Voortrekkers gerooster is, blykbaar iets wat hulle by die Khoi-Khoi gesien het. Alle spesies van *Schotia* het eetbare sade wat baie soos die landbougewas, boerbone, lyk.

'n Affreksel van die huilboerboon se bas word gebruik om babalaas en soibrand te behandel. Bas- en

deur Delene Snyman

*“The best time to plant a tree
is twenty years ago. The second
best time is now.”
(Anonymous)*



wortelmengsels word gebruik om die liggaam te versterk en die bloed te suiwer, om senuweeverwante harttoestande en diarree te behandel en ook om die gesig te stoom. Die sade is eetbaar nadat hulle gerooster is en hoewel hulle 'n lae vet- en proteïëinhoud het, is hulle hoog in energiegewende koolhidrate. Die bas kan gebruik word om items rooi te kleur en meubels kan van die hout gemaak word. Die hout is tradisioneel gebruik om ossewaens en blokkiesvloere te maak.

Die huilboerboom is 'n medium tot groot skaduboom met 'n blaredak van 10 tot 15 meter wyd. Hy kan tot 22 meter hoog word hoewel hy gewoonlik 11 tot 16 meter hoog is. Die boom verloor sy blare vir 'n kort rukkie aan die einde van die winter.

Nektarryke rooi trosse blomme verskyn in die lente. Die peule verskyn daarna en bars aan die boom oop as hulle volwasse word in die laat

somer tot herfs, ongeveer van Februarie tot Mei. 'n Groot verskeidenheid voëls, insekte en diere word deur die blomme en sade gelok.

Nektarvretende voëls is nie al wat in dié boom belangstel nie. Omdat sy vrugte so baie bye en ander insekte lok, kom insekvretende voëls ook graag nader. Spreeus, ape en bobbejane vreet die blomme, ape en sekere soorte voëls die sade, wildspesies die blare, en swart renosters die bas.

Koraalbome (*Erythrina lysistemon*)

Die gewone koraalboom is 'n klein tot mediumgrootte bladwisselende boom met helderrooi blomme. Die

bas is glad en donkergrys tot grysbruin. Die vrug is 'n dunnerige swart peul van 15 cm lank wat oopsplit as dit nog aan die boom is om helderrooi 'lucky bean' sade te versprei. Die koraalboom is 'n vinnig groeiende boom wat redelik droogtebestand is, maar sensitief is vir koue.

Koraalbome is tradisioneel as koninklike bome gesien en is op die grafte van Zoeloe-hoofmanne geplant. Hulle is ook as lewende heinings rondom krale, hutte en watergate geplant en as hulle blom was dit 'n teken dat dit tyd is om gewasse aan te plant. Die koraalboom was een van die eerste wilde bome wat in Suid-Afrikaanse tuine aangeplant is.

Tradisioneel is daar geglo dat die koraalboom beide medisinale en bonatuurlike magte het. 'n Hoofman het geglo dat sy stam hom vir ewig sal respekteer as hy bad in water waarin koraalboomhout geweek het. Tradisioneel het vroue wat gereed was om te kraam 'n aftreksel kruie gekry om die geboorte makliker te

maak. Strokies boombas wat vanaf al vier kante van die koraalboom gestroop is, is rondom die sakkie kruie gebind voor die kruie gekook is.

Water waarin dié bas geweek het, word gemeng met die wortel van 'n spesie *Cussonia* en gebruik as 'n kragtige braakmiddel. Fyngemaalde blare word oor 'n wond waarin maaiers begin nesmaak het, geplaas en dit jaag blykbaar die maaiers weg.

Die sade word as gelukbringers gebruik en die bas is as 'n warm pap gebruik om sere, wonde, absesse en rumatiek te behandel. Aftreksels van die blare is gebruik as druppels vir oorpyn en 'n afkooksel van die wortels is op verstuite enkels geplaas.

*A society grows great
when old men plant trees
whose shade they know they
shall never sit in.”
Greek Proverb*

Die boom bevat 'n groot hoeveelheid alkaloïede wat baie giftig is, maar sy gebruik in tradisionele medisyne wys dat hy ook antibakteriële, anti-inflammatoriese en pynverdwende effekte het.

“Trees are the best monuments that a man can erect to his own memory. They speak his praises without flattery, and they are blessings to children yet unborn.”

Lord Orrery,



Volgens kenners kom die giftige alkaloïdes veral in die sade voor en bevat middels wat bloedklonte verhoed en wat waarskynlik van waarde is in die behandeling van trombose.

Die hout is lig en kurkagtig as dit droog is. Daarom is dit gebruik om kano's en vlotte te maak asook watertrôe en remblokke. Die koraalboom is 'n belangrike deel van die ekosisteem en voorsien voedsel en skuiling aan 'n verskeidenheid voëls, insekte en diere wat die nektar en bloeisels vreet. Koedoes, klipspringers, swart renosters en bobbejane vreet die blare, terwyl die bas ook deur olifante, bobbejane en renosters gevreet word. Bosvarke vreet die wortels en bruinkoppapegaai versprei die saad. Voëls soos houtkappers en spegte maak nes in stamme van die dooie bome en swerms bye trek gewoonlik in onbewoonde hol stamme in.

(Bron: www.bronberger.co.za)

Wenk:

Indien jy in 'n droë gebied bly, of buite die reënseisoen wil plant, is dit nodig om water tot by die wortels te kry.

Gebruik een van die volgende twee eenvoudige metodes:

- Met die bottel-metode maak 'n mens gaatjies in die bodem van 'n tweeliter-koeldrankbottel. Plaas die bottel in die plantgat naby die boom se wortels, sodat wanneer die gat toegegooi word, die nek van die bottel bokant die grond uitsteek. Gooi die bottel vol water en skroef die prop vas, sodat die water nie uit die bottel verdamp nie. Maak die boom gereeld nat deur die prop af te skroef en die bottel weer vol te maak.
- Vir die klip-metode pak jy klippe, so groot soos jou vuus, tot bo in die een hoek van die plantgat. Gooi die water dan oor die stapel klippe om te verseker dat die water die wortels van die boompie bereik.

Linda by van haar bome




10 stappe om 'n boom te plant:

1. Kies die korrekte inheemse boom wat by jou area pas en maak seker dat jy hierdie boom op sy gepaste oppervlakte sal plant. Daar moet genoeg spasie wees.
2. Graaf 'n vierkantige gat van 50 cm diep en elke sy 50 cm lank. Vir 'n groot boom ('n ouer boom) moet die gat se omtrekopening so wees dat daar 'n 20 cm opening tussen die boom en die rand van die gat is. Vir 'n kleiner (jonger) boom moet die gat omtrent vier keer so breed wees as die wortelsak van die plant. Die gat moet vierkantig wees, want as die gat rond is, sal die boom swak groei omdat die wortels in 'n sirkel sal groei in plaas daarvan om te vertak in die grond.
3. Vul die helfte van die gat met ou mis of kompos, en die res met grond. Meng alles goed, en maak seker daar is genoeg plek oor vir die wortels van die plant. Indien die grond 'n fosfaattekort het, kan 'n halwe blikkie beenmeel by die grondkomposmengsel gegooi word.
4. Haal die boom uit die sak en maak die wortels versigtig los.
5. Plant die boom nou in die middel van die gat. Plant dit diep genoeg om die wortels heeltemal te bedek.
6. Druk die grond rondom die wortels nou versigtig vas, en maak 'n klein walletjie rondom die plant - dit sal help wanneer jy die plant water gee.
7. Bind die boom aan 'n paal of stok vas om dit te steun en regop te hou.
8. Bedek die grond rondom die boom met bladaarde ("mulch"), en gee die plant nou genoeg water.
9. Beskerm die boom teen diere, ensovoorts deur doringtakke rondom en tussen die takke te plaas of selfs om 'n tydelike draad daarom te span.
10. Gee die boom minstens twee emmers water elke week gedurende die eerste twee jaar.



BERSKERM JOU HUIS EN JOU TUIN

'n Gereed-vir gebruik korrellokaas insekdoder vir die beheer van bruin- en swart huismiere



Kliëntediens: Tel: 0861 EFEKTO (333586) info@efekto.co.za www.efekto.co.za

Geregistreer deur: Agro-Serve (Edms) Bpk. h/a EFEKTO™ Reg. Nr. 1973/000868/07 / Versprei deur: Efeкто Care (Edms) Bpk Reg. Nr. 2009/006357/07, Posbus 652147, BENMORE, 2010. EFEKTO en die EFEKTO handelsmerk is a handelsmerk van Agro-Serve (Edms) Bpk. © Agro-Serve (Edms) Bpk.

Efeкто Ant Vanish Reg.Nr L9014 Aktiewe Bestanddeel: Hydramethylnon...12 g/kg (Versigtig). Alle produkte geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947. Alle regte voorbehou.

1ste foto: Laurie Sclbush, wenner, by James Wille, bestuurder van Bkb Bloemfontein, met oorhandiging van sy prys as wenner van Junie-trekking. Laurie koop skaapafrondpille en braaikuikenvoer.

2de foto: Coen Bezuidenhoudt, wenner van Julie-kompetisie, en Deon van Bkb.

3de Foto: Babsie ontvang die prys namens Pieter Schalk Grobbelaar by Ovk Wepener. Schalk voer op die oomblik skaapafrondpille.

4de Foto: Tienie van VKB Lindley by Mavis.

5de foto: James Wille ontvang die prys namens Dawie Maartens vanaf Deon Niemand van Bkb. Dawie is die wenner vir Augustus. Hy het ram-, lam-, en oopille gekoop.



1.



2.



3.



4.



5.

nu-pro

Besoek www.nupro.co.za of kontak 058 303 9587

VRYSTAAT KLEINHANDEL-PROMOSIE

Kyk uit vir **MAANDELIKSE PROMOSIES** by
jou plaaslike **VKB**-tak.



40 kg-verpakking vir hoenders & varke
50 kg-verpakking vir alle herkouters

Maandelikse geluktrekkings by elke tak



Mion, die unieke ooplant- saladette- tamatie vir Suid-Afrikaanse toestande

In die spreektaal staan saladette-tamaties bekend as “konfyt-” of “fabriekstamaties”. Kenmerkend van hierdie soort is hul bosagtige groeiwyse, die blokagtige vorm en die hoë persentasie vastestof van die vrugte – ook bekend in die inmaakbedryf as “Brix”. As 'n reël word hierdie tipe dan ook hoofsaaklik verbou vir prosessering en word ook aan die varsmark verskaf, in besonder KwaZulu-Natal en Mosambiek waar hierdie tipes groot in aanvraag is.

om 'n hoë gehalte ooplant- saladettetamatie vir die varsmark te teel. Die plante moet dan, soos 'n normale varsmarktamatie, oor 'n tydperk bly produseer. Sakata het presies hierin geslaag met die bekende Mariana, wat 'n markleier op hierdie gebied is. Daar is egter 'n risiko verbonde om Mariana in die Wes-Kaap en gebiede waar tamatiekromnekvirus (“Tomato spotted wilt virus” – TSWV) voorkom te verbou, weens Mariana se gebrek aan weerstandbiedendheid teen hierdie vernietigende virus.

Sakata se tamatietelers het daarin geslaag om 'n variëteit, genaamd Mion, te ontwikkel wat steeds oor al die positiewe eienskappe van



Mion beskik oor besondere vruggehalte, rակlewe en opbrengspotensiaal wat dit ideaal maak vir beide varsmark en prosessering



Tradisioneel is hierdie variëteite geselekteer om 'n gekonsentreerde drag te vorm en die plante verloor hul groeikragtigheid sodra die eerste vrugte gepluk word. Hierdie eienskap spruit voort uit die Amerikaanse praktyk om die vrugte eenmalig meganies te stroop. Daar is nie werklik aandag gegee aan die “eet”-gehalte van die vrugte nie.

Die behoefte het nog altyd in die markplek bestaan vir goeie gehalte, vars saladette-tamaties met 'n goeie smaak vir vars gebruik in slaai en tuisgekookte bredies. Dit is veral bevolkingsgroepe wat verkies om hul tamaties te kook wat 'n voorkeur het vir hierdie tipes. Die tradisionele ronde tamatie is nie juis geskik vir kookdoeleindes nie – weens die hoë persentasie vog (water) en lae persentasie vastestowwe.

Sakata het hierdie behoefte geïdentifiseer en met 'n intensiewe teelprogram begin met die doelwit

Mariana beskik, asook siekteweerstand teen tamatiekromnekvirus. Mion beskik verder oor siekteweerstand teen *Verticillium* ras 1, *Fusarium* rasse 1 & 2, knopwortelaalwurm (*Meloidogyne javanica*), *Alternaria*-stamkanker en grysblaarvlek. Dit is veral die plant se besondere sterk groeiwyse wat bydra tot die plant se vermoë om vrugte van 120 tot 250 gram te produseer met uitstekende gehalte en rակlewe wat dit geskik maak vir die varsmark en prosessering.

Net soos in Kalifornië en in die Sentraal-Amerikas, het Mion se groeikrag, opbrengs en vruggehalte beïndruk. Dit is nie aldag wat 'n mens werklik 'n verbeterde weergawe van 'n bekende beproefde variëteit teëkom nie.

AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, ahang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.

Plant die Beste

Mion

die Saladette Tamatie met:

- siekteweerstand teen Kromnekvirus
- baie hoë opbrengspotensiaal
- uitstaande vrugkwaliteit
- uitstekende raklewe



Plant Sakata saladette tamaties

Waar genetika en die markplek ontmoet



SAKATA[®]
Quality • Reliability • Service

Home of
MayFord
QUALITY SEEDS KWALITEITSAAD

SAKATA SEED SOUTHERN AFRICA (PTY) LTD
Posbus 160, LANSERIA 1748



Boere, pas die spinnekoppe op jou plaas op

deur dr. Gerhard H. Verdoorn, Griffon Gifinligtingsentrum

Bie mense het 'n ongekende vrees vir spinnekoppe, maar dié agtpotiges is oral en altyd besig om die insekbevolking in toom te hou, wat tot groot voordeel van boerdery is.

Aragnofobia is 'n snaakse siekte wat vir mense ongekende vrese vir spinnekoppe gee. Dis te verstane as mense effens versigtig vir spinnekoppe is omdat meeste van hulle giftig is, maar die vrees waar koue sweet op die voorkop uitslaan as 'n klein spinnekoppie op die muur te voorskyn kom, is 'n psigose wat sommige mense se lewe amper oorheers.

Spinnekoppe is volop oral in die veld, op plase en in voorstedelike tuine terwyl sommige spesies selfs die gemak van die binnenshuise omgewing verkies. Die groot vraag is wat mens met die klomp gifgoed moet aanvang?

In terme van die ekologie is spinnekoppe bitter belangrike skakels in die voedselketting. Hulle is predatore wat jag maak op ander diere, soos insekte en selfs klein voëltjies, reptiele, soogdiertjies, vissies en ook ander spinnekoppe.

Soos in die geval van slange kan spinnekoppe senuweegif, bloedgif of weefselgif (of selfs kombinasies daarvan) in hulle gifkliere vervaardig na gelang van die spesie en sy betrokke plek in die ekosisteem. Meeste spinnekoppe spesialiseer tot 'n mate in die prooi wat hulle vang en vreet. 'n Mens moet aanvaar dat meeste spinnekoppe wel giftig is maar die kans dat selfs die giftigstes onder hulle mense sal byt, is uiters skraal. Byte vind gewoonlik plaas as daar negatiewe interaksies tussen die spinnekop en die mens is, soos wanneer 'n mens per ongeluk so 'n spinnekop op jou lyf kry en die ding onwetend irriteer. Andersins byt spinnekoppe om prooi dood te maak en te vreet.

Spinnekoppe wat dikwels byt as gevolg van hul gewoonte om in huise te woon, is die swart knopiespinnekop ("black widow"), die sakspinnekop en die vioolspinnekop. Al drie hierdie spesies se byte kan ernstige nagevolge vir mense inhou as die pasiënt nie dadelik behandel word nie.



Die voordeel van sekere spinnekoppe

Een van die bekende spinnekoppe wat algemeen landswyd voorkom en nie giftig is nie, is die reënspinnekop. Dis 'n groot en indrukwekkende dier met 'n spanwydte van die bene wat meer as 100 mm is. Die kake lyk baie dreigend, maar hierdie groot diersies byt nooit nie, tensy hulle seergemaak word. Baie mense hou hulle as troeteldiere aan omdat hulle so lekker mak word. Hulle kan gemaklik hanteer word as hulle eers mak is. Benewens die plesier om so 'n mak spinnekop in die huis aan te hou, is daar ook die voordeel dat hulle jag maak op kakkerlakke en krieke in die huis. As dit darem nie 'n bonus is nie, dan wonder ek watter ander deugde van die spinnekoppe 'n mens nog moet besing.

Dr. Ansie Dippenaar-Schoeman van die Landbounavorsingsraad wat een van die wêreld se voorste spinnekopkundiges is, het eenmaal aan my genoem dat hulle meer as 80 spinnekopsoorte in katoenlande gekry het. Dink net aan die voordeel vir die boer – die spinnekoppe plaas beslis 'n demper op die skadelike insekte wat die katoenoes bedreig. Miskien is die druk wat spinnekoppe op skadeveroorsakende insekte plaas nie altyd sigbaar nie omdat spinnekoppe dikwels onopsigtelik hul taak vervul. Maar hulle is oral en altyd besig om die insekbevolking in toom te hou.

Die nodigheid om spinnekoppe te akkommodeer

Plagddoders is beslis skadelik vir spinnekoppe en daarom is die konsep van geïntegreerde plaagbeheer waar die natuurlike predatore, soos spinnekoppe, ingebou word in die beheer van skadelike organismes, so belangrik in die moderne landbou. Om die plaasopstal is dit ook nodig om spinnekoppe te akkommodeer om die verpestelike huisvlieë, brommers, kakkerlakke, motte en ander plaaginsekte in toom te hou. Tensy die spinnekop werklik 'n gevaar vir die mense inhou, behoort hulle met rus gelaat te word.

Buite in die veld is daar letterlik duisende spinnekoppe. Die wawielspinnekoppe spin groot webbe tussen die Bosveldbome terwyl die versamelspinnekoppies groot neste bou waarin almal bedags teen die hitte skuil. Bobbejaanspinnekoppe en valdeurspinnekoppe is uiters interessante diere waarvan sommige tot 20 jaar kan oorleef. Onwettige handeldryf in dié reusespinnekoppe bedreig hul voortbestaan.

Seker die grootste bedreiging vir spinnekoppe is mense se vrees vir hulle want die plagddoderkannetjies word te vinnig gegryp as spinnekoppe hulle verskyning maak. As ons ons vennote in die plaagbeheer – dis nou die spinnekoppe – doodmaak, gaan ons die stryd teen peste en plaë verloor. Los dus maar die spinnies om hulle werk te doen en gaan slaap gerus!



Die genesende krag van kruie:

Kankerbossie

Ons word daagliks van oraloer gebombardeer met inligting – party goed, ander maak ons bang. Veral ten opsigte van ons gesondheid hoor ons watter groot rol ons eetgewoontes in ons fisieke welstand speel, en die prentjie lyk nie te goed nie. Baie van ons onthou egter die groot rol wat kruie in die oorlewing van ons voorsate gespeel het. Kruie is gebruik om al wat 'n kwaal, siekte en wonde is, te behandel. In hierdie artikel kyk **Hannelie Cronjé** na die genesende krag van die kankerbossie.

Sy volledige botaniese naam is *Sutherlandia frutescens* subspesie *microphylla* elite SU1 chemotype. Hy kry sy naam van James Sutherland wat die bossie in die botaniese tuin in Edenburg, Skotland in 1863 gekweek het, lees ons op die webblad www.kankerbossie.co.za, maar met die jare het die bossie onder baie name bekend gestaan, soos die kankerbossie, hoenderkloek, gansies, klapperpeultjie, bitterblaar, bitterbos, eendjebos, gansbos, kalkoenbos, kiepiebos, kankerklappertjie, klapperbos en vigsbossie.

“'n Mens vind die bossie veral in sandslote, en waar hy nie versteur word nie groei hy tot 3,5 m hoog. Die plant verkies vol son, met baie water in die winter. Dit blom van Julie tot Desember en het rooi ertjieagtige blommetjies. Dit kom wydverspreid voor in die binneland van Suid-Afrika in die vlaktes, rante en gebiede van Botswana tot in die Karoo, vanaf Namibië tot Natal en vanaf Lesotho dwarsdeur die Vrystaat.

“Dit word dikwels opgemerk op die skouers van die teerpaaië as hangende, koraalrooi ertjieagtige blommetjies met 'n silwer grysgroen harige loof. Hy is baie gehard, dit wil sê dit gaan nie maklik dood nie. Die trosse rooi blomme word gou vervang deur opgeblase lang peule. Die peule is eers liggroen en as dit droog word, is dit gryswit en voel soos papier. 'n Maand later, as die peule droog is, ratel dit bekoorlik en behoortlik in die wind. Die peule val af en die klein ronde swart saadjies word dan orals deur die wind versprei.”

Tradisionele gebruike

“Die kankerbossie het 'n lang geskiedenis as 'n hoogs gewaardeerde komponent van die Suid-

Afrikaanse tradisionele geskiedenis. Dit is 'n krui met 'n diepgaande uitwerking op die liggaam-gees-energie-stelsel, dus 'n kragtige tonikum vir die fisieke, geestelike en emosionele welstand van die mens. Dit lyk asof die natuur hierdie alles-in-een plant in Suid Afrika geskep het om die immuunstelsel te stimuleer, 'n angswerende en antidepressante middel te wees asook om ekstra energie te verskaf.

Dit is deur die inheemse volke vir duisende jare gebruik vir kroniese en akute maagkwale. Die Khoi en Nama-mense het 'n tee gekook van die takkies en blare en dit dan gebruik vir kanker en om wonde te ontsmet. Die vruggies is gekou vir maagkwale en ander kwale soos verkoues, niersiektes, borsinfeksies, inflammasie, spatare, suikersiekte, waterpokkies, lewerprobleme, rumatiek en rugpyn.”

Hedendaagse gebruike

Dit kan tans in pilvorm oor die toonbank in apteke en gesondheidswinkels verkry word en word gebruik vir:

- Behandeling van kanker;
- Immuunondersteuning by behandeling van vigs;
- Gehalte-van-lewe tonikum veral vir kanker- en tuberkulosepasiënte;
- Eetlus stimulant;
- Virale hepatitis, asma en brongitis;
- Yuppiegriep;
- Tipe 2-diabetes;
- Stres, depressie en angs;
- Ginekologiese probleme;
- Rugpyn en rumatiek;
- Koors;
- Bloedsuiwering;
- Ooginfeksie, en
- Behandeling van wonde.

Kankerbossie en HIV/vigs

“Die gebruik van die kankerbossie in die geval van HIV lei tot verbetering van die lewensgehalte deur die verbetering van eetlus, gewigstoename, verbeterde slaap, verminderde angs en algehele gevoel van gesondheid. Dit is deeglik bewys deur die navorsers.

“Navorsers doen deeglike navorsing op hierdie plant en meen dat die gebruik van die kankerbossie die ontwikkeling van HIV in vigs sal vertraag en hulle hoop op 'n deurbraak van algehele herstel van die siekte. Hulle is van mening dat die kankerbossie voortdurend gebruik sal moet word met ook deeglike toesig oor die dieet van die pasiënt.

Saam met die gebruik van die kankerbossiepille moet alkohol, dwelms en ander medisyne wat nie voorgeskryf is nie, totaal vermy word, maar dit is 'n klein prys om te betaal vir feitlik onmiddellike verbetering in die lewensgehalte van die pasiënt.”



Kankerbossie, die koning van kruie

Die kruiekenner Antoinette Pienaar het die volgende artikel op haar blog karookruiekring.blogspot.com geskryf oor die kankerbossie:

“Kankerbossie is die kruie met die meeste streeksname. Dit word in die Karoo willekeur, kalkoentjies of gansies genoem; in die Overberg word dit keurtjies genoem en in die Weskus word dit Jantjie Berend. As 'n mens met ouer mense praat en vra watter kruie hulle die meeste gebruik het, is die antwoord meestal “keurtjies”.

Meeste kruie wat 'n mens gebruik, word gebruik vir 'n drie maande periode, dan los 'n mens dit vir drie tot vier maande om die liggaam tyd te gee om die genesing verder te vat. Dit bly vir my interessant dat die moderne mens klaarblyklik vergeet het dat die menslike liggaam so ontwerp is dat die liggaam homself keer op keer self kan genees. Dis hier waar kankerbossie inkom – dit hou die immuunstelsel sterk en as dit sterk is, word al die organe ondersteun. Hierdie kroi is al een wat jy jaar in, jaar uit kan drink, elke dag.

Daar is onlangs baie navorsing gedoen oor *Sutherlandia frutescence* en wetenskaplikes het onteenseglik bewys dat kankerbossie die immuunstelsel versterk en dat dit die vernaamste kroi is om voorkomend te kan drink.

Mans hoef nie te wag om 40 jaar oud te word om kankerbossie saam met karmedip te drink om 'n gesonde prostaat te verseker nie, en vrouens kan kankerbossie saam met katjie-drie-blaar gebruik om te help met die geweldige simptome van menopouse.

Dis wetenskaplik bewys dat kankerbossie TB- en HIV-pasiënte help met hul gewigsverlies, want dit help om pasiënte 'n eetlus te gee, asook met die bou van spiere ná 'n lang siekbed. Hierdie kruie help ook met angstigheids – die vloek van die moderne eeu – omdat dit die kortisolvlakke in die liggaam verhoog. Kankerbossie het ook anti-inflammatoriese en antioksidant-komponente en kan ook verligting gee vir mense met tipe 2-diabetes. Hierdie kruie moet langdurig gebruik word – 'n mens kan dit nie net vir drie weke gebruik en dan tot die gevolgtrekking kom 'dat die kruie nie werk nie'.

As 'n mens kruie gebruik, is jy deel van die proses van jou genesing, want jy moet toegewyd wees om te onthou om dit daagliks te gebruik, dit gereeld voor te berei en ook emosioneel betrokke te raak met jou fisiese herstel.

Toe ek begin kruie gebruik, het ek begin leer om te luister na my liggaam en te besef elkeen van ons ken ons liggame die beste en deur bewus te wees van hoe jou liggaam werk, kan jy voorkomend te werk gaan.”

A close-up photograph of a hand with a small, dark, cross-shaped mark on the index finger, pointing towards a mosquito. The background is a light, textured surface.

Wanneer 'n mens die volgende paragraaf van www.mieliestronk.com lees, besef 'n mens met skok presies hoe 'n gevaarlike siekte malaria werklik is: "Teen die jongste eeuwisseling was die statistiek ... skrikwekkend: Wêreldwyd het meer as 500 miljoen mense jaarliks malaria opgedoen met meer as 'n miljoen sterftes per jaar – twee sterftes per minuut. Dit is verantwoordelik vir een uit elke tien sterfgevalle in ontwikkelende lande, waar die meeste gesinne nie die kennis, medisyne of muskietnette het om hulself te beskerm nie. Dis des te meer onrusbarend dat byna alle mense wat van malaria omkom – meestal swanger vroue en baie jong kinders – mense van Afrika is. Slegs vigs is op ons vasteland 'n groter mensemoordenaar. Ekonomie sê malaria kos Afrika nagenoeg R77 miljard (R77 duisend miljoen) per jaar." En ook: "Die siektes malaria, tuberkulose en vigs het die afgelope vyftig jaar of wat meer lewens geëis as al die oorloë in dié tydperk saam, maar tog is die geld om dié siektes te bestry gelyk aan slegs twee persent van die weermagbegrotings vir dieselfde tyd. "Die meeste Afrika-lande het doodeenvoudig nie genoeg malaria-medikasie nie en het ook nie die geld om vir selfs die basiese insekbestrydende programme [soos muskietnette en muskietweermiddels] teen die dodelike muskiete te betaal nie."

Malaria:

Die dood in 'n muskiet se byt

deur Hannelie Cronjé

Op die webblad www.wegryforum.weg.co.za skryf George van Deventer oor hoe belangrik dit is om jouself te beskerm teen malaria. Hy verwys na die "rooi gebied" waar jou kanse om malaria op te doen, amper gewaarborg is as jy nie voorsorg tref nie.

Volgens 'n kaart op www.news24.com strek hierdie gebied van die gebied rondom Musina (net suid van Zimbabwe) na die suide toe met Glyani, Tzaneen, Phalaborwa, Hoedspruit, Skukuza, Hazyview, Komatipoort, Malelane met die hele Nasionale Krugerwildtuin ingesluit, en dan ook in die buurlande Botswana, Zimbabwe, Mosambiek Swaziland en dan ook in die noordooste van KwaZulu-Natal van Ndumo tot Mfolozi aan die ooskus. Die risiko is nie oral ewe hoog nie, maar voorkoming bly steeds beter as genesing.

Malaria, simptome, voorkoming en behandeling

Volgens George van Deventer se artikel word malaria veroorsaak deur een of meer van vier parasiete, naamlik:

- *Plasmodium Falciparum*
- *Plasmodium Vivax*
- *Plasmodium Ovale*
- *Plasmodium Malariae*

"Dit word oorgedra deur die wyfie- *Anopheles Gambia*-muskiet wanneer sy jou byt. Die parasiet sirkuleer vir 'n rukkie in jou bloedstroom en beweeg dan na jou lewer waar dit 'n metamorfose ondergaan in die volgende sewe dae tot ses maande. Malaria-teenmedisyne (profolakse) kan nie die parasiet in jou lewer dood nie en dit is hoekom dit so belangrik is om medikasie te begin neem voor jy vertrek."

Medikasie is heel boaan die lysie van voorkomende maatreëls

Voorkoming

Medikasie is heel boaan die lysie van voorkomende maatreëls.

Van Deventer gee in sy artikel nog 'n paar wenke: "Daar is verskeie muskietweermiddels op die mark, sommige beter as ander. Trek saans langmouklere aan. Die wyfemuskiet vreet een uur voor sonsondergang en een uur na sonop. Onthou ook



dat die meeste aansmeer- of spuitweermiddels hulle effektiwiteit verloor na vier ure.

“Gebruik malaria-profolakse (anti-malaria-medikasie)! Dit is 'n mite dat dit beter is om malaria te kry want dan is die siekte se simptome glo beter en makliker sigbaar. Indien jy die parasiet wel in jou bloedstroom kry, is die kans om malaria te ontwikkel 90% sonder profolakse, waar, aan die anderkant, as jy die middel neem, is jou kans maar'n skrale 10% en is die siekte in 'n baie ligter graad en ontwikkel dit ook dan stadiger. Ek dink die belangrikste punt van alles is dat jy jouself beskerm teen die gevreesde dodelike serebrale malaria.

“Daar is 3 profolakse wat geneem kan word en almal is ewe effektief met sy eie voor- en nadele:

- Meflokien (Larium, Mefliam): Dit word een maal per week geneem maar word nie voorgeskryf aan neurologiese en hartpasiente nie en ook nie aan skubaduikers nie.
- Doksisisiklien (Doximal, Doxitab): Dit moet elke dag geneem word en is bekend vir die nuwe-effek dat dit jou vel sensitief vir die son maak en kan in sommige gevalle die slukderm irriteer.
- Atovaquoon en Proguanil (Malinil): Dit word vir 'n korter periode gebruik met omtrent geen nuwe-effekte nie maar is heelwat duurder as die ander. Party mediese fondse betaal daarvoor.

“Dit is belangrik om jou keuse van profolakse met jou dokter te bespreek en dat die dokter bewus is van jou mediese geskiedenis en reisplanne.”

Simptome

“Die tipiese simptome van malaria lyk soos griepagtige simptome. Malaria lyk soos enige ander siekte en enige ander siekte lyk soos malaria. Simptome waarna in besonder opgelet moet word is die volgende:

- Koors
- Kouekoors
- Hoofpyn
- Lyfseer
- Braking
- Diarree
- Hoes

Indien die persoon nie behandeling ontvang nie, sê Van Deventer, sal die parasiete die rooibloedselle aanval en laat opswel. “Hierdie geswolle selle verstop dan die bloedvaatjies wat lewensbelangrike suurstofryke bloed na

die vitale organe soos die brein en niere afsny. In dié stadium is die siekte lewensgevaarlik."

Bosluiskoors se simptome is volgens die artikel baie dieselfde as malaria s'n. Laat doen dus die nodige toetse indien enige van die simptome teenwoordig is ná 'n ekspedisie in die bos. Indien jy negatief toets vir malaria, is die kans goed dat 'n bosluis jou beet gehad het.

Behandeling

"Sodra die parasitiesiklus in die rooibloedselle begin, raak die pasiënt baie siek en kan binne drie tot vyf dae sterf sonder behandeling. Dit is krities belangrik dat die siekte vroeg gediagnoseer en behandel word. Selfs met die regte behandeling bly malaria 'n lewensbedreigende siekte.

"Daar is nou 'n vinnige vingerpriktoets beskikbaar wat jy self in die veld kan doen. Dit moet net as 'n siftingtoets gebruik word en glad nie as diagnosties nie. Dit wil sê, sou jy positief toets op dié manier, moet jy dringend by 'n dokter kom sodat verdere toetse en behandeling kan geskied.

"Swanger vroue en babas is baie meer ontvanklik vir die siekte en daar is tans geen veilige profolakse vir hulle nie. Dit is dus beter dat hulle malariagebiede vermy."


Die behandeling hang af van waar die pasiënt malaria opgedoen het en hoe siek hy/sy is.

"Kinien is die basis van malariabehandeling vir mense in KwaZulu-Natal en Mpumalanga, terwyl die antibiotikum sulfadoksien-pirametarmen ook gebruik word, maar slegs vir minder ernstige gevalle. Dit is omdat die malariaparasiet nou ook middelweerstandigheid teen dié antibiotikum begin ontwikkel.

"Dit is belangrik dat die pasiënt met 'n akute aanval in die hospitaal opgeneem word. Nog slegte nuus is dat die siekte nog lank in 'n mens se spoor kan bly trap soos 'n getroue hond. Jare ná 'n akute aanval kan insinkings steeds voorkom, waarvoor die dokter moontlik weer geraadpleeg sal moet word."

Hoe versprei malaria

1. Malariaparasiete – eensellige organismes wat plasmodia genoem word—gaan die bloedstroom binne wanneer 'n persoon deur 'n vroulike Anopheles-muskiet gebyt word.
2. Die parasiete gaan na die besmette persoon se lewerselle, waar hulle vermenigvuldig.
3. Wanneer 'n lewersel oopbars, stel dit parasiete vry, wat dan die persoon se rooibloedselle binnedring. Daar vermenigvuldig die parasiete verder.
4. Wanneer 'n rooibloedsel oopbars, stel dit parasiete vry, wat dan nog meer rooibloedselle besmet.
5. Hierdie siklus van rooibloedselle wat binnedring word en oopbars, gaan voort. Gewoonlik ervaar die besmette persoon die simptome elke keer wanneer die rooibloedselle oopbars.



Die geskiedenis van malaria

Bron: www.mieliestronk.co.za

Die mens het dit baie eeue gelede al geken – dié gevreesde koorsiekte wat hy malaria genoem het. Die naam beteken egter "slegte lug", wat duidelik daarop dui dat die onkundige mense van die oudtyd nie werklik geweet het wat dit veroorsaak nie. Die Griekse baasgeneesheer Hippokrates (ca. 460-ca. 377 v.C.) het weliswaar in die vyfde eeu v.C. besondere kenmerke van die siekte geïdentifiseer en selfs – korrek – gereken dat stilstaande water iets daarmee te doen moet hê. Maar daar is vermoed dat die ongesonde lug van moerasagtige gebiede vir malaria verantwoordelik is. Dat dit eintlik gewyt moet word aan muskiete wat in die einste kalm waters uitbroei, het niemand klaarblyklik kon raai nie. Die duistere geheim sou baie lank bly bestaan. Dit was eers in 1880 dat die Franse dokter Charles Louis Alphonse Laveran (1845-1922) die malariaparasiet in rooibloedselle van die mens ontdek het. En in 1898, nie veel meer as 'n skamele honderd jaar gelede nie, het die Britse geleerde sir Ronald Ross (1857-1932) uiteindelik bewys dat die Anopheles-muskiet as tussengasheer van die parasiet dien. Ons stry vandag nog verbete teen hierdie siekte. Trouens, waar die muskiet vroeër in groot dele van die wêreld met groot welslae deur die insekdoder DDT uitgewis is, het die insek al hoe meer bestand teen hierdie gif begin raak. Op die koop toe het die parasiet weer weerstandig begin word teen kinien, 'n middel wat uit die bas van die kinaboom verkry word en wat teen malaria ingespan word.

Vir'n stylvolle kampeer
en buitelewe reeks...



BASECAMP
ADVENTURE GEAR

prodlist
demand · supply · trust

www.prodlist.co.za



Lede is nommer een

Die bestuur van VKB en NTK het onlangs deur Limpopo gereis om lede in te lig oor die finansiële posisie van VKB en ander belangrike inligting aan hulle oor te dra. Koos van Rensburg (besturende direkteur van VKB) het die geleentheid gebruik om lede te ontmoet, griewe aan te hoor en groetboodskappe van die Vrystaat te bring.

Nadat Francois Froneman (NTK) die verwelkoming gedoen het, het hy na die pas afgelope finansiële jaar as 'n geseënde jaar verwys. Hy het syfers voorgedra van 'n onderneming wat kerngesond is en 'n blink toekoms het. NTK het 'n beduidende aandeel in die groepswins van VKB gelewer. (2014 se finansiële resultate is beskikbaar op VKB se webblad.) Koos het beklemtoon dat die lede die eienaars van die besigheid is – anders as baie ander landboubesighede in Suid-Afrika. VKB wil nie noodwendig die grootste landboumaatskappy wees nie, maar wil die beste wees. En al is die onderneming nog nie daar nie, word daar vordering gemaak om hierdie doelwit te bereik.

Die kernrede vir VKB se bestaan is om waarde vir die produsent te genereer. Die primêre doel is om landbouproduksie te stimuleer en die sekondêre doel om waarde tot ons produsente se produkte toe te voeg. Uiteindelik wil ons meer waarde in die landbouketting in die produsent se sak laat beland. Koos het die samestelling van VKB bespreek, die posisie van NTK verduidelik, wetgewing ten opsigte van BEE verduidelik, asook die pad wat VKB binne hierdie wette gaan stap uiteengesit. Hy het nuwe geleenthede wat VKB reeds geïdentifiseer het, uitgelig – dit alleen maak 'n mens al opgewonde oor die toekoms.



Potties borg Nylboerevereniging-vergadering

Die boerevereniging wat aktief in die Potgietersrus-omgewing is, is die Nylboerevereniging. NTK in Mokopane het onlangs hul vergadering geborg. Die dag is ook bygewoon deur lede vanuit ander

gebiede sodat meer boere die lesing van Bayer se veearts, dr. Clinton Austin kon hoor. Die dag is aangebied op die plaas van Walkie Kruger. Die opkoms was goed en NTK is positief ontvang. Die voorsitter van die Boerevereniging, Edward Leversage, het lede en ander gaste verwelkom en NTK bedank vir die groot poging om die landbouwer in sy taak by te staan.



Voorsitter Edward Leversage, Manie Wessels (takbestuurder), dr. Clinton Austin (Bayer: hoof van kliniese ontwikkeling en regulatoriese sake) en Gerrie van Jaarsveld (Bayer)

Die belangrikheid van opleiding

Die VKB-groep beskou opleiding as 'n belangrike komponent vir sukses asook om gelukkige personeel te verseker. Daarom word baie tyd, geld en aandag gewy aan opleiding. By NTK-hoofkantoor word daar voortdurend opleiding aangebied en so ook by Pietersburg se fasiliteite. Opleiding word ook na kleiner streke geneem sodat almal blootgestel kan word aan opleiding.

Bestuursopleiding

Die BOP-kursus is reeds in volle swang. Bestuurders vanuit alle afdelings van NTK neem deel aan hierdie opleiding en pluk reeds die vrugte daarvan. Hoewel dit baie werk van die leerders vereis, baat hulle by elke opdrag en elke lesing. Dit is 'n beproefde, suksesvolle kursus.

Kontroleopleiding

Morné du Plessis hanteer die opleiding van NTK-personeel om hulle in staat te stel om hul werk suksesvol te doen. Hierdie opleiding word by strategiese plekke regoor NTK-gebied aangebied sodat dit die takke so min as moontlik ontwig maar dat alle personeel die geleentheid kry om opleiding te ontvang.

Produkopleiding

Verskaffers neem die inisiatief om opleiding aan te bied sodat takpersoneel hul produkte met vertroue kan bemark. Verskaffers word aangemoedig om dit te doen aangesien dit tot voordeel van alle partye is. Personeel kan dan korrekte inligting aan die klante gee.

Dieregesondheidsmaatskappye bied gereeld opleiding aan. Onlangs het Zoeitis en Bayer opleiding by Nylstroom en Polokwane aangebied en met groot sukses. Kennis bemagtig personeel om met vertroue te bemark.

Kwekelingsprogram

Hoewel die kwekelingprogram wat VKB onlangs geloods het veel meer behels as net opleiding, speel die opleiding wat aan die reeds gegradueerde mense gegee word, 'n baie groot rol.



Gerrie van Jaarsveld, Saan Swan, Adanna van der Merwe en Hein Meyer van Bayer saam met Hanna van Vivo.

IN MEMORIUM - REGINA SWART



Dit is met groot hartseer wat NTKners verneem het van die afsterwe van Regina Swart. Regina was meer as net 'n personeellid van NTK Venda, sy was 'n vriendin van baie, 'n vertroueling, 'n persoon wat omgee het vir ander. Maar Regina was ook 'n ma en 'n eggenoot vir Gerhard, takbestuurder van Venda.

Regina was uitstekend in haar werk, het baie mense opgelei en het 'n wesentlike rol gespeel in die sukses van die tak.

HANLIE ELS



Die nuus dat Hanlie Els per helikopter na die hospitaal geneem is, het soos 'n veldbrand in NTK versprei. Sy was siek, baie siek en haar organe het baie skade gekry. Toe het die nuus gekom dat sy beterskap toon en dalk selfs die hoësoorgeenheid kan verlaat. Groot was die skok om te verneem dat Hanlie gesterf het. Hanlie werk sedert 1 April 1996 vir NTK. Sy was vir lank deel van die

span van Pietersburg Meganisasie waar haar man, Willie, bestuurder was. Later het hulle op Trichardtsdal gewerk voordat hulle Letsitele toe verplaas is. Willie is takbestuurder en Hanlie het administrasie hanteer.

Bemarkers slag gereed

Met die aanstelling van André du Toit as bestuurder van insethandel en verpakking is die besluit geneem om die NTK-gebied in vyf streke te verdeel en 'n bemarker vir elke streek aan te stel. Die bemarker moet NTK in totaliteit bemark met spesifieke klem op insetmiddele en verpakkingsmateriaal.

Die bemarkers is aangestel en reeds doenig in die veld saam met takbestuurders van die streek. Al vyf is positief oor NTK en hul rol in die voortgesette sukses van VKB.

Pieter Opperman



Gebied: Ellisras, Tom Burke, Tolwe, Baltimore, Marken

Pieter het in Brits grootgeword en skoolgegaan. Na skool het hy hom in die bankwese bevind voordat hy vir agt jaar in die versekeringsbedryf werksaam was. Voordat hy by NTK aangesluit het, het hy vir Landpak gewerk.

Trompie Hofmeyr



Gebied: Alldays, Messina, Venda, Louis Trichardt, Dendron, Vivo

Trompie het in die Kalahari grootgeword maar in Tzaneen gematrikuleer waarna hy weermag toe is. Trompie het vir drie jaar Landbou aan die technikon studeer. Daarna was hy beroepsjagter oor Suidelike Afrika heen vir 16 jaar. Hy werk die afgelope vier jaar vir Kaap Agri in Louis Trichardt voor hy by NTK aangesluit het.

Cornel Jansen van Vuuren



Gebied: Vaalwater, Modimolle, Bela Bela, Settlers, Pienaarsrivier

Cornel het in Oos-Londen grootgeword en in Pietermaritzburg gematrikuleer. Vir die eerste vyf jaar na skool werk hy by 'n kontrakteursmaatskappy in Pietermaritzburg. Hy kry die pos as bemarker by Kaap Agri waar hy vir drie jaar in Nelspruit gewoon en gewerk het. Nou is hy deel van NTK en sal sorg dat NTK bemark word.

Johan Oberholzer



Gebied: Tzaneen, Letsitele, Trichardtsdal

Johan het in Brits skoolgegaan. Daarna het hy vir 19 jaar in die Brits-omgewing met "alles behalwe hoenders" geboer. In 2009 het hy na Tzaneen verhuis om deel te word van Hygrotech. Nou is hy bemarker van NTK.



Chris Venter



Gebied: Polokwane, Mokopane, Naboomspruit, Roedtan
Chris het in Marble Hall grootgeword en in Groblersdal gematrikuleer. Nadat hy sy weermagopleiding voltooi het, het hy BSc Bodemkunde by Pukke studeer. Hy werk vir een jaar by die Landbounavorsingsraad (IGG Potch) voordat hy by OTK (later Afgri) aansluit. Vir nege jaar was hy by handel betrokke, maar veral by besproeiing. Daarna sluit hy by Obaro aan, steeds in Marble Hall, waar hy vir vier jaar assistent-takbestuurder was. Daarna werk hy vir 'n jaar vir Case voor hy by Kaap Agri as bemarker begin werk. Vyf jaar later sluit hy by NTK aan.

Christoff Smit vat Pietersburg se leisels

Hy's jonk, hy's dinamies en hy is nie bang om 'n uitdaging aan te gryp nie. Hy is Christoff Smit en hy is nou bestuurder van NTK se top-handelstak in Polokwane.

Christoff het in 2010 by NTK Vaalwater begin werk as vloerbestuurder en is twee jaar later bevorder tot takbestuurder op Alldays. Toe die geleentheid opduik om Pietersburg se leisels by Fanie Schoonraad oor te neem, het hy die geleentheid aangegryp.

Baie geluk aan Christoff en baie sterkte – dis gewis 'n groot prestasie maar ook 'n groot uitdaging vir 'n 30-jarige. Die kruks van sukses lê in diens en vir Christoff is niks belangriker as die beste diens nie.



WIE'S BY WATER SILO IN LIMPOPO

Alma	- Annetjie Fasen
Lehau	- Jaco Havenga
Naboomspruit	- Lennie Aspeling
Nutfield	- Johan du Preez
Nylstroom	- Jannie Heyns (lees meer oor hom elders in hierdie uitgawe)
Potgietersrus	- Vincent Gowné
Roedtan	- Claude Fourie
Settlers	- Charl le Roux
Warmbad	- Flippie Pretorius

(Nie almal is in bestuursposte nie, maar hulle sien wel om na die daaglikse bedrywighede van die silo onder finale toesig van 'n silobestuurder wat dan weer aan Gert de Bruin rapporteer.)

Jannie Heyns – Modimolle

Jannie Heyns het in die bankwese gewerk voordat hy 'n loopbaanskuif gemaak het en by Eskom gewerk het. Hy word oorgeplaas Upington toe waar hy vir 23 jaar, van die totale 29 jaar diens aan Eskom, werk. Hy en sy vrou, Judy, verhuis in 2014 na Bela Bela waar hy 'n tydelike pos by NTK Lehau aanvaar om administrasie te doen. Na twee maande word dit 'n permanente pos en bly hulle op Settlers terwyl hy baie afloswerk by silo's doen. Op 27 Mei begin Jannie op aflosbasis op Modimolle werk maar vanaf 1 Julie is hy permanente graangradeerder by hierdie silo.



Sonny Mashabane, Jannie Heyns en Kleinbooi Moshidi

Tolwe hou boere-ekspo

Dit het al 'n instelling geword: NTK hou ekspo op Tolwe. Vanjaar was dit weer so en Elize Pretorius en haar span het weer 'n uitstekende dag vir die gemeenskap aangebied.

30 verskaffers en drie buite-uitstallers het gehelp om van die dag 'n groot sukses te maak. Almal het moeite gedoen met die uitstalling maar die verskaffer wat gewen het, was Snappy Cheff.

Daar was 'n gebak-kompetisie, 'n teetuinsnoepie, boeresport en 'n kindertuin. En natuurlik toutrek! Iets vir almal om te doen deur die loop van die dag. Die tuinpraatjie deur Jakes van Protek het byval by die dames gevind terwyl die Tolwe Boerevereniging die kontantkroeg hanteer het om droë kele te red. Na die prysuitdeling het die lank verwagte vertoning met die Campbells begin. Na afloop van die vertoning het ons almal lekker saam gebrail en gekuier en die dag finaal afgesluit.

En volgende jaar maak hulle weer so!



Hesmari van Afrivet saam met Alpheus, sy neef en kind.

Wenners borg weners

NTK Tzaneen hou hom besig met die regte dinge! Hierdie tak is oral te sien in die gemeenskap en laat so geen steen onaangeroer om besigheid vir die tak te wen nie. Frikkie van Vuuren, takbestuurder, wen oral besigheid deur doeltreffende bemerking sodat NTK die wenner kan wees.

Dié keer het hy 'n ander wenner betrek om bemarking te doen: die Laerskool se wen-netbalspan. Hierdie eerstespan is as Limpopo-wenners bekroon en het briljante netbal gespeel. NTK Tzaneen is trots op die span en die hele skool en gemeenskap is trots op NTK Tzaneen. Wenners borg wenners!



Frikkie saam met die wenspan

Modimolle ondersteun Cansa



Nylstroom-handelstak het die Sanlam-kanker-gholfdag in Koro Creek ondersteun met 'n skenking van hoenderporsies en ook spelers ingeskryf vir die gholfdag. Cansa is baie tevrede met die opbrengs van die dag en het NTK bedank vir die ondersteuning.

Viva Mr. Promotions

Mr. Promotions is doing promotional work in Limpopo and also in the Free State. Wherever he is needed, he will go! As long as it encourages people to buy Magnifisan!

And by his side is Christina, always busy making pap so people can taste the wonderful quality of Magnifisan.

One of the stops was at A1 General Dealer in Mokgokong Village. Then he was off to the Free State and stopped at VKB Quaqua. There they had several competitions with singing and dancing. Everyone had a good time and enjoyed the day of celebrations. All with the compliments of Magnifisan!



Nelson and Christina with the van and enough Magnifisan

We celebrate Mandela Day

NTK has always played an uplifting role in the communities of Limpopo. Throughout the year NTK donates to various good causes. Schools benefit from sponsorships, cancer patients receive donations, and communities get support through various means. On Mandela Day NTK took time to bring joy to the lives of the young and the old. Treats were handed out to various nursery schools as well as old age homes. The children also received piggy banks and crayons in their special packets. The elderly were treated with cake and blankets. This was another opportunity to demonstrate the fact that NTK cares.



Mandela Day 2015 – Francois, Liezl and Simon present the principal of a local crèche with sweets and gifts for the children.

Meganisasie-demonstrasie op Polokwane



Sonje Thornhill van Louis Trichardt saam met Willie du Preez van Limpopo Dairy

Johan Smit het geen moeite ontsien om boere te nooi na die Meganisasie-demonstrasiedag wat in Julie op die plaas van Human du Preez gehou is nie. Liezl Britz het van haar kant af net so baie moeite gedoen om boere bewus te maak van die dag.

Meganisasie sorteer nou direk onder VKB maar is steeds alombekend as NTK. Nico van der Walt (VKB) het boere ook verwelkom by die NTK-boeredag. Hy het deelnemende verskaffers bedank vir hul moeite en boere vir hul volgehoue ondersteuning gevra. Verskeie verskaffers het die geleentheid gekry om die boere toe te spreek en toe is dit lande toe om die trekkers en implemente in aksie te sien. En het dit nie beïndruk nie! Dit was die doen eerder as die woorde wat boere aan die dink gesit het om tog maar van hierdie trekkers en implemente aan te skaf.

Verpakkingsaanleg op Baltimore

Die verpakkingsaanleg wat 'n jaar gelede op Baltimore geïnstalleer is, beteken boere van die omgewing kan verpakkingsmateriaal op hul voorstoep afgelewer hê. Nadat 'n vragmotor spesiaal daarvoor aangeskaf is, maak dit sake nou selfs nog makliker.

Die aanleg is 'n aksie wat gesamentlik deur Farmpack en NTK bedryf word. Tamatie- en soetissie-boksies word gevou met of sonder die kliënt se besonderhede daarop. Dan word dit in die stoor geberg tot aflewering plaasvind. 20 palette kan op 'n slag in die vragmotor vervoer word maar vir kleiner hoeveelhede word die bakkie en sleepwa gebruik. Aflewering word binne seisoen daaglik gedoen of klante kom haal dit self. Hierdie boksie-masjien hou hulle goed besig!

Annelize Jonker, takbestuurder van Baltimore se verpakkingsmateriaal, sê verkope speel 'n wesenlike rol in die sukses van die tak.



Alpheus Tlhako, drywer van Baltimore met die nuwe vragmotor.



Die verpakkingsaanleg: Annelize en Johan met Hanno bo.



Hier is baie boksies in die stoor!



NUUS

deur Noreen Heymans



Suidkus-jolyt saam die Reitz Lions-klub

Op Vrydag 10 Julie het 32 baie opgewonde kinders die lang pad Suidkus toe aangepak op die avontuur van hul lewe – 'n week by die see.

Die Lions-klubs van Port Shepstone en Shelly Beach het hande gevat met Reitz Lions-klub en gesorg vir 'n druk program van aktiwiteite deur die week. Saterdagoggend was dit see toe per boottaxi en vir die meeste kinders was dit die eerste keer op die strand.

Die res van die week se aktiwiteite het onder andere 'n dag by die Port Shepstone se jaarlikse skou (aangebied deur die Lions) ingesluit, waar die kinders deur die Sheppie Lions bederf is. Hulle kon hulle na hartelus in die pretpark gate uitgeniet... verniet. Ushaka Marine World is ook besoek en daar het die kinders die akwarium en dolfynvertoning terdeë geniet, alles danksy Shelly Beach Lions-klub.

'n Kuier aan die Suidkus is ook nie volmaak as jy nie 'n draairoomys by Margate se strand eet nie en so is die Ushaka-uitstappie dan afgesluit.

Dit was nie heeltyd vakansie nie en later die dag is die kinders opgelei in lewensredding deur die Shelly Beach NSRI-span. Hier het hul praktiese opleiding ontvang in mond-tot-mond-asemhaling en waterredding.

Die groot dryfveer agter hierdie projek was die passie wat Lions-lede vir kinders van die gemeenskap het. Die suksesvolle Lions-gholfdag wat op 25 April aangebied was, het genoeg fondse gegenereer om hierdie droomvakansie 'n werklikheid te maak.

Graag wil die Reitz Lions-klub alle borge en skenkers opreg bedank vir hul bydrae om hierdie seeprojek 'n sukses te maak. Sonder julle hulp kon hulle nie hul leuse "Ons dien" uitleef nie. Weereens baie dankie aan almal en wees verseker dat die kinders hierdie geleentheid nooit sal vergeet nie.



Grain Field Chickens het geskenksakkies aan die kinders gegee.

Paperclip

Ons is baie opgewonde oor die nuwe gesig van ons skryfbehoeftewinkel. VKB het 'n klein interne kompetisie gehou om 'n naam vir dié winkel te kry. Nadat die naam gekies is, het ons ontwerpspan hard gewerk om die winkel spoggerig te laat lyk. Gaan besoek gerus die winkel om dit te aanskou en natuurlik vir al jou skryfbehoeftes.

Baie geluk aan Isobel Boucher van die Petrus Steyn-tak, wat met die kreatiewe naam Paperclip vorendag gekom het.



Isobel Boucher en Magda Wiid met die oorhandiging van die prys.



Die nuwe gesig van Paperclip.



Die skryfbehoeftespan bestaan uit Peter Khoele, Werner Stofberg en Margaret Kubeka.

VKB Landbou fokus op opkomende boere

VKB Landbou se fokus op opkomende boere deur middel van 'n mentorskapprogram, blyk die begin van groot dinge te wees. Dit is 'n merkwaardige inisiatief, en dit kweek resultate – nie net vir VKB nie, maar ook vir die boere wat by hierdie program betrokke is.

VKB is tans intens betrokke by die ontwikkeling van 51 opkomende kommersiële boere, met 'n bewerkte area van 5 000 hektaar in die VKB-gebied reg deur die Oos-Vrystaat.

Lekhotla Makoele (65) is een van dié opkomende boere. Hy woon en boer in die Kestel-gebied. Sy plaas van 386 hektaar, Dagbreek, het bewerkbare grond van 162 hektaar. Hier boer hy met melk- en vleisbeeste, skape, graan, mielies, koring, droëbone en soja.

Makoele het in 2009 deel geword van die program waarmee VKB in 2007 begin het.

Makoele sê die program help hom om op hoogte te bly van die nuutste kultivars en boerderypraktyke wat verander.

“VKB help my om met geld te werk,” sê hy.

Party jare maak hy wins en ander jare nie, maar VKB help hom steeds al bereik hy nie sy doelwitte nie.

Makoele beweer dat hy sonder VKB slegs twee hektaar self sou kon plant. Makoele het vanjaar slegs finansiering gekry om mielies te plant, maar hy het sy winste gebruik om bone aan te plant. Die verwagte opbrengs van die mielies is 4,5 ton per hektaar.

Bertus Cordier van VKB is Makoele se mentor en hy kom besoek hom op die plaas soveel keer as wat nodig is, maar maak 'n punt daarvan om hom ten minste een keer per week te besoek.

Leon Bergman, kredietbestuurder van VKB, hanteer die kliënt se aansoeke en evalueer die inligting om seker te maak dat dit nie teen beleid en in stryd met die nasionale kredietwet is nie. Leon kan Makoele in sy eie taal mentor, want die program word in Sotho, Afrikaans en Engels aangebied.

Piet Potgieter, van VKB Landbouontwikkeling sê VKB streef daarna om wanbalanse wat in die landbou bestaan, reg te stel. Daar is ook 'n motief om sosio-ekonomiese ontwikkeling teweeg te bring, voedselsekureit te verseker en verhoudings te bou. VKB implementeer gesamentlike ontwikkelingsprojekte op plaasvlak en administreer monetêre ondersteunende fondse namens GFADA (Grain Farmer Development Association), Milietrust, Wintergraantrust en staatsdepartemente.

Die visie van die ontwikkeling van opkomende boere streef daarna om leierskap te verskaf en uit te brei vir suksesvolle landbouontwikkeling met die fokus op kommersiële boere en volhoubaarheid – volhoubaar in die sin dat die boer in 'n posisie moet wees om winsgewend te boer terwyl hy sy maatskaplike doelwitte bereik en die omgewing bewaar.



Bertus Cordier (mentor), Nthethe Makoele, Piet Potgieter (VKB Landboukundige), Lekhotla Makoele en Leon Bergman (VKB kredietbestuurder).

Agter die skerms

Wat 'n voorreg vir die VKB-groep om 'n TV-advertensie te kon skiet. Die Faction Media- en VKB-span het vroeg Woensdag 2 September die pad aangedurf na Villiers, waar die silo's die hoogtepunt van die TV-advertensie was.

Daarvandaan het almal met ses motors opgetrek na Naboomspruit. Die res van die TV-advertensie is op Leon Eksteen se plaas, Bufland, geskiet.

Daar is 'n persoon verantwoordelik vir elke aspek van die proses – van 'n grimeerspesialis tot 'n kosspesialis, klank- en kameramane sowel as iemand wat die teks verskaf en 'n ogie daarvoor hou dat die teks goed oorgedra word.

Die hoeveelheid werk, tyd en geduld wat in die skiet van die TV-advertensie ingaan, is merkwaardig as 'n mens die eindproduk van 30 sekondes sien.

Kyk uit vir die VKB Groep-advertensie wat een van die dae op die TV uitgesaai gaan word.

Heelgoedere speel golf

Die boere in die Heilbron-distrik het vir 30 Julie 'n heerlike samesyn gereël waar boere sowel as verskaffers in die omgewing golf kon speel en mekaar bietjie beter kon leer ken. Die weer het mooi saamgespeel en almal het dit baie geniet. VKB Heelgoedere het by hierdie dag 'n uitstalling van trekkers en implemente gehad.



Riaan Gerritsen, Boy du Preez, Nico van der Walt en Jan van der Walt.

Loslitdag

VKB het hul belangstelling en goeiehartigheid op 'n prettige manier getoon deur om per afdeling iets uniek te doen. Grain Field Chickens het die prys gekry vir die bes geklede span en die meeste gees met 'n lekker kreet. Die bemarkings- en handelsafdeling was kort op hul hakke met die beste aankoms in 'n vurkhyser.



GFC was die wenspan!



Petrus Steyn-handelstak het ook almal deelgeneem aan hierdie mooi inisiatief.



Agter die skerms is dit 'n miernes van bedrywighede



Leon Eksteen en sy vrou, Ronel.

Enjoy the Experience of a Lifetime



Gebruik gap-jaar nuttig met duikkursus in Sodwanabaai

As jy nog nie seker is oor watter loopbaanrigting jy wil volg nie, of net 'n gap-jaar wil neem voordat jy in alle erns met jou studies begin en ou pair is nou nie eintlik jou "ding" nie, of as jy as 'n professionele duiker wil kwalifiseer, is Coral Divers in Sodwanabaai die perfekte antwoord!

Hier kan jy die Coral Divers Career Development Course (CDC) volg. Die kursus word beskryf as 'n internskap wat jou nie net die beste opleiding en kwalifikasies bied nie, maar omdat jy in 'n werklike omgewing werk, leer jy ook hoe om dit wat jy geleer het, in die praktyk toe te pas.

Ervare instrueteurs met deurgronde begrip van die bedryf word hier gevorm. Duikers kry nie net PADI-sertifikasie nie, maar word ook opgelei in die bedryf van duiksentrums, instandhouding en herstelwerk van duiktoerusting, hoe om duikbote en kompressors te bedryf en in stand te hou, hoe om noodbestuur, suurstofverskaffing toe te pas en marinebeserings te hanteer.

En dis nie sommer net 'n kursus wat gevolg word nie. Omdat dit 'n PADI vyf-ster- IDC-oord is, is alles daar en tot jou beskikking. Dit gaan net van jou afhang hoeveel jy gaan leer, want hoe meer jy insit, hoe meer sal jy uitkry.

Die duikoord is in 'n nasionale park geleë en bied werklik 'n wêreldklas ervaring. Die warm water van die Indiese Oseaan is die perfekte plek om verskillende haaie, skilpaaie, dolyne, marlyne en selfs af en toe 'n walvis van naderby te beskou! Duikers kry die geleentheid om meer as 400 keer per jaar te duik, wat amper verseker dat jy die meeste van hierdie wesens wel te sien sal kry.

Kandidate word van die eerste dag af geleer om 'n professionele ingesteldheid en werketiek te ontwikkel. Dit beteken stiptelikheid, hoflikheid teenoor gaste en kollegas, 'n gewilligheid om te help en saam met gaste en personeel deel te neem aan aktiwiteite.

Coral Divers is in die iSimangaliso-vleilandpark in die noorde van KwaZulu-Natal, sowat vier ure van Durban

af geleë. Omdat kandidate vir 'n groot gedeelte van die jaar – indien nie die hele jaar nie – daar gaan deurbring, word hulle toegelaat om persoonlike items wat hulle sal laat tuis voel, saam te neem. Hieronder tel byvoorbeeld skootrekenaars, rekenaars, iPods (solank hulle oorfone ook saamneem om nie ander mense te steur wanneer hulle musiek luister of fliëks kyk nie), 'n waaiër vir die somermaande, speletjies, sporttoerusting en genoeg toiletware.

Kandidate kry elkeen 'n enkelkamer met 'n bed, lessenaar, stoel, bedkassie en pakplek met gemeenskaplike stort- en toiletgeriewe. Beddegoed word nie by die verblyf ingesluit nie, en elke student is vir sy of haar eie beddegoed verantwoordelik.

Daar word voorsiening gemaak vir drie etes per dag en daar is ook altyd tee, koffie en brood beskikbaar om buite etenstye te geniet. Mense met spesiale diëte moet spesifiek reëlings tref daarvoor.

Enigeen ouer as 18 met 'n mediese sertifikaat om te toon dat hulle wel mag duik, kan vir die kursus inskryf. Daar word ook aanbeveel dat jy in besit is van minstens 'n leerlingrybewys hoewel dit ideaal sal wees as jy reeds jou rybewys het.



www.coralgopro.co.za

Vir meer inligting, stuur e-pos aan bookings@coraldivers.co.za. Besoek ook die webblad by coralgopro.co.za om te sien wat hierdie kursus jou alles kan bied.

Snappy Chef[®]

Leiers in Induksie Toestelle

Spaar **50%** op elektrisiteit
en kook **64%** vinniger



NOU BESKIKBAAR BY



www.snappychef.co.za

vkó
ntk



WEN

met *Die Pad Saam*

Wees een van die 10 gelukkige lesers wat elk een van hierdie wonderlike geskenke van Snappy Chef kan wen deur net die onderstaande vraelys in te vul en te faks na 086 674 6817 of te e-pos na hanneliec@vkb.co.za.

GELUK aan die Augustus | September uitgawe **WENNERS**

Nelmari Wales, JP van Jaarsveld, Rika de Winnaar, Polla Strydom en Christina Jonker



Snappy Chef
Leiers in Induksie Toestelle

Watter artikels lees jy die graagste in *Die Pad Saam* en waarvan sal jy meer wil lees?

- | | |
|--|---|
| <input type="checkbox"/> Finansies | <input type="checkbox"/> Kultivars |
| <input type="checkbox"/> Wetgewing | <input type="checkbox"/> Inserverskaffing |
| <input type="checkbox"/> Dieregesondheid | <input type="checkbox"/> Tuinwenke |
| <input type="checkbox"/> Meganisasie | <input type="checkbox"/> Resepte |
| <input type="checkbox"/> Wenke | <input type="checkbox"/> Rooivleisbedryf |
| <input type="checkbox"/> Stories oor 'n boer of boervrou | <input type="checkbox"/> Roofdiere |
| <input type="checkbox"/> Gesondheid | <input type="checkbox"/> Wildbedryf |
| <input type="checkbox"/> Meer NTK- of VKB-nuus | |

Indien nie een van bostaande nie, waarom sal jy graag wil lees?

.....

Watter taal verkies jy?

- Afrikaans Engels Albei

Ken 'n punt van 1 – 10 toe aan *Die Pad Saam* ★★

Inhoud Ontwerp en uitleg

Algemene kommentaar

.....

Kontakbesonderhede

Naam & van:

Kontaknr: Ouderdom

E-pos:

Sluitingsdatum: 10 November 2015



Vinnige Fanie

If you want to put some energy into your farming vehicles, you won't go wrong with TOTAL lubricants. Designed to protect, as well as perform, our oils give your engines a new lease on life. Apologies for the speeding tickets.

RADAR/5757/INT/E



www.total.co.za

The right choice in lubricants.

